



# Mind the Gap!

**Rekeningkunde  
STUDIEGIDS**

**GRAAD**

**12**



**basic education**


Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA





**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**



Hierdie publikasie is nie in die handel beskikbaar nie en mag nie verhandel word nie.

Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) Mind the Gap Graad 12 Studiegids Rekeningkunde  
ISBN 978-1-4315-1930-9

Dié publikasie is gepubliseer met 'n **Creative Commons Attribution NonCommercial ShareAlike-lisensie**. Jy kan die inhoud gebruik, modifiseer, oplaai en aflaai, en ook met ander deel maar slegs met toepaslike erkenning van die Departement van Basiese Onderwys, die outeurs en die bydraers. As jy enige aanpassings van die inhoud maak, moet die Departement van Basiese Onderwys daarvan in kennis gestel word. Die inhoud mag nie verkoop of vir kommersiële doeleindes aangewend word nie. Besoek die webwerf <http://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/3.0/> vir meer inligting oor die lisensievoorwaardes.

Copyright © **Departement van Basiese Onderwys**  
Strubenstraat 222  
Pretoria  
Suid-Afrika

**Navrae:** Dr Patricia Watson  
Epos: [watson.p@dbe.gov.za](mailto:watson.p@dbe.gov.za)  
Tel: 012 357 4502  
<http://www.education.gov.za>  
**Inbelsentrum:** 0800202933

Eerste uitgawe 2012 Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV) Mind the Gap Graad 12  
Studiegids Rekeningkunde: 978-0-621-40909-3

**Tweede uitgawe 2014 Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) Mind the Gap Graad 12**  
**Studiegids Rekeningkunde: ISBN 978-1-4315-1930-9**

#### **Mind the Gap-span**

**Reeks-redakteur:** Dr Patricia Watson

**Produksiekoördineerders vir die KABV-uitgawe:** Lisa Treffry-Goatley en Radha Pillay

**Skrywers:** Anthony Ash, Kirsti Chapman, Lesiba Sydney Leso, Tracey Megom, Florence Nxumalo, Glynis Schreuder, Estelle van Schie, Barbara Wies

**Vakkundige lesers:** Johnson Adekoya, Sali Ameen, Trevor Hall, Eugenia Maila, Melanie Marchbank, Jacqueline Ndlovu, Joe Ramsamy, Thandi Sindane

**Studievaardighede:** Margarita Karnasopoulos

**Redakteurs:** Julia Grey, Herbert Opland

**Vertalers:** Lee-ann Meyer, Glynis Schreuder, Johan Steenkamp

**Proefleser:** Jenny de Wet

**Ontwerpers:** Alicia Arntzen, Philisiwe Nkosi, Michele Dean, Nomalizo Ngwenya

**Illustreerders:** Michele Dean, Kenneth Kunene, Vusi Malindi, Bié Venter

**Omslagillustrasie:** Alastair Findlay

**Werkswinkelondersteuning op perseel:** Wayne Cussons



# Ministeriële voorwoord

Die Departement van Basiese Onderwys is verheug om die tweede uitgawe van die *Mind the Gap*-studiegidsreeks vir Graad 12-leerders bekend te stel. Die studiegidse is 'n voortsetting van die Departement van Basiese Onderwys se innoverende en toegewyde poging om die akademiese prestasie van Graad 12-kandidate in die Nasionale Senior Sertifikaat-(NSS) eksamen te verbeter.

Die studiegidse is geskryf deur 'n span vakkundiges wat bestaan uit onderwysers, eksaminators, moderators, vakadviseurs en vakkoördineerders. Navorsing wat in 2012 begin het, toon dat die *Mind the Gap*-reeks sonder twyfel 'n positiewe bydrae tot prestasieverbetering gelewer het. Dit is my vurige wens dat die *Mind the Gap*-studiegidse sal verseker dat geen leerder agtergelaat word nie, veral in die lig daarvan dat ons vooruitstreef tydens die viering van 20 jaar van demokrasie.


Die tweede uitgawe van *Mind the Gap* is in ooreenstemming met die 2014 Kurrikulum en Assesseringbeleidsverklaring (KBVA). Dit beteken die skrywers het die Nasionale Beleid van toepassing op die program, bevordering en protokol vir assessering van die Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad 12 in 2014 in ag geneem.

Die *Mind the Gap*-studiegidsreeks spruit deels voort uit die 2013 Nasionale Diagnostiese verslag oor leerderprestasie en is ook gebaseer op die 2014 Graad 12-eksamineringsriglyne. Elk van die *Mind the Gap*-studiegidse verskaf omskrywings van basiese terminologie, eenvoudige verduidelikings en voorbeelde van tipiese vrae wat leerders in die eksamen kan verwag. Voorgestelde antwoorde is ook ingesluit om leerders te help om beter te verstaan. Leerders word ook verwys na spesifieke vrae in vorige nasionale eksamenvraestelle en eksamenmemorandums wat op die Departement se webwerf, [www.education.gov.za](http://www.education.gov.za), beskikbaar is.

Die KBVA-uitgawes sluit in Rekeningkunde, Ekonomie, Geografie, Lewenswetenskappe, Wiskunde, Wiskunde-Geletterdheid en Fisiese Wetenskappe. Die reeks is in Engels en Afrikaans gepubliseer. Daar is ook nege Engels Eerste Addisionele Taal-studiegidse. Dit sluit in EFAL Paper 1 (Language); EFAL Paper 3 (Writing) en 'n studiegids vir elk van die voorgeskrewe literatuurstudies vir Graad 12.

Die studiegidse is doelmatig saamgestel om leerders wat onderpresteer as gevolg van te min blootstelling aan die inhoudvereiste van die kurrikulum te ondersteun, en om die gaping tussen slaag en druipe te oorkom deur leemtes in die leerders se kennis van algemene konsepte te oorbrug, sodat leerders kan slaag.


Al wat nou nodig is, is dat ons Graad 12-leerders soveel moontlik tyd gebruik om toegewyd voor te berei vir die eksamens. Leerders, maak ons trots – studeer hard. Ons wens julle alle sterkte toe met julle Graad 12-eksamens.



Matsie Angelina Motshekga, LP  
Minister van Basiese Onderwys  
Mei 2014



Matsie Angelina Motshekga, LP  
Minister van Basiese Onderwys



Hierdie publikasie is nie in die handel beskikbaar nie en mag nie verhandel word nie.

Uitgegee deur die Departement van Basiese Onderwys  
Strubenstraat 222  
Pretoria  
Suid-Afrika

© **Departement van Basiese Onderwys**

**Navrae**

Kantoor van die Direkteur-Generaal  
Mnr P. B. Soobrayan  
Epos: njobe.p@dbe.gov.za  
Epos: whittle.g@dbe.gov.za  
Tel: 012 357 4010  
Faks: 012 323 5837  
<http://www.education.gov.za>  
**Inbelsentrum:** 0800202933

Eerste uitgawe 2012 Rekeningkunde-Studiegids vir Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV)  
Tweede uitgawe 2014 Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) Graad 12  
Rekeningkunde Mind the Gap Studiegids  
ISBN 00000000000000000000

Dié publikasie is gepubliseer met 'n Creative Commons Attribution NonCommercial ShareAlike-lisensie. Jy kan die inhoud gebruik, modifiseer, oplaai en aflaai, en ook met ander deel maar slegs met toepaslike erkenning van die Departement van Basiese Onderwys, die outeurs en die bydraers. As jy enige aanpassings van die inhoud maak, moet die Departement van Basiese Onderwys daarvan in kennis gestel word. Die inhoud mag nie verkoop of vir kommersiële doeleindes aangewend word nie. Besoek die webwerf <http://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/3.0/> vir meer inligting oor die lisensievoorwaardes.

**Mind the Gap-span**

**Reeks-redakteur:** Patricia Watson

**Produksiekoördineerders vir die KABV-uitgawe:** Lisa Treffry-Goatley en Radha Pillay

**Skrywers:** Anthony Ash, Kirsti Chapman, Tracey Megom, Florence Nxumalo, Glynis Schreuder, Estelle van Schie, Barbara Wies

**Vakkundige lesers:** Johnson Adekoya, Sali Ameen, Trevor Hall, Eugenia Maila, Melanie Marchbank, Jacqueline Ndlovu, Joe Ramsamy, Thandi Sindane

**Studievaardighede:** Margarita Karnasopoulos

**Redakteurs:** Julia Grey, Herbert Opland

**Vertalers:** Lee-ann Meyer, Glynis Schreuder, Johan Steenkamp

**Proefleser:** Jenny de Wet

**Ontwerpers:** Alicia Arntzen

**Illustreerders:** Michele Dean, Kenneth Kunene, Vusi Malindi, Bié Venter

**Omslagillustrasie:** Alastair Findlay

**Werkswinkelondersteuning op perseel:** Wayne Cussons (Quick I.T.)

# Inhoudsopgawe

Beste Graad 12-leerder .....	vi
Hoe om hierdie studiegids te gebruik .....	vii
Top 10 studiewenke .....	viii
Studietegnieke wat jou help om te leer .....	ix
Vir die eksamendag ... ..	xii
Sleutelwoorde wat jou help om vrae te beantwoord .....	xiii
Leerder se kontrolelys .....	xiv
<b>1. Basiese Rekeningkundige Begrippe.....</b>	<b>1</b>
1.1 Basiese begrippe.....	1
1.2 Reëls van Rekeningkunde .....	2
1.3 Klassifikasie van rekeninge .....	3
1.4 Stappe om transaksies op te teken .....	5
<b>2. Maatskappye .....</b>	<b>6</b>
2.1 Begrippe met betrekking tot maatskappye .....	6
2.2 Maatskappye se algemene grootboekrekeninge .....	8
2.3 Voorbereiding van Finansiële State vir maatskappye.....	15
2.4 Kontantvloei-state .....	40
2.5 Ontleding en vertolking van Finansiële State.....	46
2.6 Kommentaar op 'n auditverslag.....	54
<b>3. Vervaardiging .....</b>	<b>60</b>
3.1 Belangrike begrippe oor vervaardiging .....	61
3.2 Produksiekostestaat .....	64
<b>4. Begrotings.....</b>	<b>71</b>
4.1 Terminologie .....	71
4.2 Debiteure-invorderingskedule .....	72
4.3 Krediteurebetalingskedule .....	74
4.4 Ontleding van kontantbegroting.....	78
<b>5. Rekonsiliasies.....</b>	<b>82</b>
5.1 Bankrekonsiliasie .....	83
5.2 Debiteurerekonsiliasie .....	86
5.3 Debiteure-ouderdomsontleding .....	91
5.4 Krediteure rekonsiliasie met die krediteurestaat .....	94
<b>6. Voorraad.....</b>	<b>99</b>
6.1 Voorraadstelsels .....	99
6.2 Voorraadwaardasietodes.....	100
<b>7. Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) .....</b>	<b>119</b>
7.1 BTW-berekeninge .....	120
7.2 BTW-kontrolerekening.....	123
<b>8. Vaste bates.....</b>	<b>127</b>
8.1 Inleiding tot vaste bates.....	127
8.2 Bateregister .....	128
8.3 Reswaarde/of sogenoemde waardevermindering van R1 inleiding.....	129
8.4 Nota tot die Balansstaat en Bateverkope.....	131
<b>Bylae: Vorige Graad 12-eksamenvraestelle .....</b>	<b>138</b>



# Beste Graad 12-leerder

Hierdie *Mind the Gap*-studiegids is in ooreenstemming met KABV (CAPS) en is ontwerp om jou met jou voorbereiding vir die eindeksamen te help.

Hierdie studiegids dek NIE die totale kurrikulum nie, maar fokus op die kernkonsepte van elk van die kennisareas en **wys jou in watter areas jy maklik punte kan verdien**.

Jy moet deur die studiegids werk om jou kennis te verbeter, jou swakpunte te identifiseer en jou eie foute te korreger.

Ons is oortuig dat hierdie studiegids jou sal help om goed voor te berei sodat jy die einde van die jaar sal slaag. Om 'n goeie slaagsyfer te verseker, beveel ons aan dat jy jou handboek en klasnotas gebruik om self deur die ander aspekte van die kurrikulum te werk.

Gee spesiale aandag aan die manier waarop bewerkings getoon word in die uitgewerkte voorbeelde. Dit is die beste manier om die maksimum punte te behaal.

Om suksesvol in Rekeningkunde te wees, moet jy:

- Seker maak dat jy die formaat of uitleg van die volgende ken:
  - Inkomstestaar
  - Balansstaar
  - Kontantvloeiastaar
  - Produksiekostestaar
  - Algemene grootboekrekening
- Die begrippe wat in hierdie studiegids verduidelik word, ken en weet hoe om die berekening te doen.
- Soveel moontlik vorige vraestelle deurwerk (gebruik die verduidelikings en stappe in hierdie studiegids om jou te help). Sien ook die voorgestelde vrae uit vorige vraestelle aan die einde van elke hoofstuk wat jy vir ekstra oefening kan doen. Wees versigtig wanneer jy vrae uit vorige vraestelle wat verband hou met Maatskappye deurwerk, omdat sekere aspekte anders onder KABV hanteer word.

Onthou, die sukses wat jy in die eindeksamen behaal, sal afhang van hoeveel ekstra tyd jy gebruik het om voor te berei.

## Oorsig van die Graad 12-Rekeningkunde-eksamen

- Daar is slegs een eksamen van 3 ure, wat 300 punte tel.
- Al die vrae is verpligtend (daar is geen keusevrae nie).
- Die vraestel bestaan nie uit verskillende afdelings nie.
- In die verlede het alle vraestelle uit 6 vrae bestaan.
- Elke vraag behels verskillende moeilikheidsgrade, dus behoort alle leerders ten minste 'n deel van die punte in elke vraag te kan kry.
- Probeer om al die vrae te beantwoord.
- Die vraestel sluit die volgende tipes vrae in: begrip, toepassing, interpretasie en bepeinsing.
- Jy sal van 'n antwoordboek voorsien word waarin jy die vrae moet beantwoord. Hierdie antwoordboek is spesiaal vir die Rekeningkunde-eksamen ontwerp en voorsien spasie vir elke vraag. Alle berekeninge, bewerkings en finale antwoorde moet in hierdie antwoordboek gedoen word.

# Hoe om hierdie studiegids te gebruik

Hierdie studiegids dek slegs **sekere aspekte** van die verskillende temas van die Graad 12-Rekeningkundekurrikulum. Die geselekteerde aspekte van elke tema word soos volg aangebied:

- 'n Verduideliking van terme en konsepte
- Uitgewerkte voorbeelde om te verduidelik en te demonstreer
- Aktiwiteite met vrae wat jy moet beantwoord
- Antwoorde wat jou in staat stel om jou werk te kontroleer.



	Skenk spesiale aandag		Wenke om jou te help om 'n konsep te onthou of om jou te lei om probleme op te los		Uitgewerkte voorbeelde
	Stapsgewyse instruksies		Verwys jou na eksamen-vrae		Aktiwiteite met vrae wat jy moet beantwoord

- 'n **Kontrolelys gebaseer op die eksamenriglyne** vir Rekeningkunde word op bladsy xiv gegee om jou vordering te monitor. Wanneer jy die konsep bemeester het en die vrae met selfvertroue kan beantwoord, maak 'n regmerk in die laaste kolom.
- Die **aktiwiteite is op tipiese eksamenvrae gebaseer**. Maak die antwoorde toe en beantwoord eers die vraag op jou eie. Kontroleer dan jou antwoorde. Beloon jouself vir die dinge wat jy reg doen. As jy enige verkeerde antwoorde het, maak seker dat jy verstaan waarom dit verkeerd is voordat jy met die volgende afdeling aangaan.
- Skenk veral aandag aan die wyse waarop die bewerkings in die uitgewerkte voorbeelde gedoen word. Dit is die beste manier waarop jy maksimum punte kan verdien. Waar jy hierdie regmerk ☒ sien, sal 'n punt aan jou toegeken word al is jou finale antwoord verkeerd, mits jy die korrekte prosedure gevolg het (bv. optel, aftrek of syfers oordra).
- **Voorbeeld-eksamenvraestelle** is in die studiegids ingesluit. Kontroleer jou antwoorde deur weer jou notas en die eksamenmemorandum te raadpleeg. Vorige eksamenvraestelle is baie nuttig om jou met jou voorbereiding te help en maak jou minder angstig oor die eksamen. Besoek die webwerf **www.education.gov.za** om nog eksamenvraestelle af te laai.



# Top 10 studiewenke



- 1.** Hou al die skryfbehoeftes wat jy nodig het om te studeer, soos penne, potlode, glanspenne en papier, ensovoorts, byderhand.
- 2.** Wees positief. Maak seker dat jou brein die inligting vaslê deur jouself voortdurend te herinner hoe belangrik dit is om die werk te onthou en die punte te kry.
- 3.** Stap nou en dan buite rond. 'n Verandering van omgewing sal jou leervermoë stimuleer. Jy sal verbaas wees hoeveel meer jy inneem nadat jy 'n bietjie vars lug geskep het.
- 4.** Deel jou leertyd in hanteerbare eenhede op. As jy probeer om alles op een slag te leer, sal dit net jou brein moeg, ongefokus en angstig maak.
- 5.** Hou jou studietye kort maar effektief, en beloon jouself met kort, konstruktiewe ruspouses.
- 6.** Verduidelik aan enigeen wat bereid is om te luister, die konsepte wat jy geleer het. Dit kan dalk aan die begin vreemd voel, maar dit is beslis die moeite werd om jou hersieningsnotas hardop te lees.
- 7.** Prente en verskillende kleure help jou brein om te leer. Gebruik dit oral waar jy kan.
- 8.** Volstaan met die leerareas wat jy goed ken, en fokus jou breinkrag op die afdelings wat jy sukkel om te onthou.
- 9.** Herhaling is die sleutel om die werk wat jy ken, te onthou. Hou die pas vol en moenie opgee nie.
- 10.** Slaap elke nag ten minste 8 uur lank, eet gesond en drink baie water – dit is alles belangrike dinge wat jy kan doen om jou brein te ondersteun. Voorbereiding vir die eksamen is amper soos harde fisiese oefening, en daarom moet jy fisies voorbereid wees.



# Studietegnieke wat jou help om te leer




Hierdie studiegids maak gebruik van drie studietegnieke wat jy ook kan gebruik om die materiaal te bemeester:

1. Sakpas-notas
2. Geheueympies
3. Breinkaarte


## Sakpas-notas

**Sakpas-notas** is 'n uitstekende manier om al die kernkonsepte in die studiegids te leer. Sakpas-notas is maklik om te maak en hulle pas in jou broek-, hemp- of baadjiesak sodat jy hulle orals saam met jou kan dra:


1. Vou 'n blanko vel papier in die helfte. Vou dit weer in die helfte, en weer.
2. Vou die papier oop. Dit is nou in agt dele verdeel.
3. Sny of skeur die stroke langs die gevoude lyne.
4. Skryf die naam van die konsep op die een kant.
5. Skryf die betekenis of verduideliking van die konsep op die ander kant.
6. Gebruik verskillende kleure en prente om jou te help onthou.
7. Neem jou sakpas-notas orals met jou saam en haal hulle uit wanneer jy ook al 'n kans kry.
8. Soos wat jy leer, plaas jy die notas in drie hopies:
  - Ek ken dit goed.
  - Amper daar.
  - Moet nog meer leer en oefen.
9. Hoe meer jy die notas uithaal en daarna kyk, hoe beter sal jy die konsepte onthou.



1. Vou 'n A4-papier in 8 vierkante.



2. Skryf die naam van die konsep op die een kant van 'n vierkant.



3. Skryf die definisie van die konsep op die agterkant van die vierkant.



## Geheuarympies

'n **Geheuarympie** is 'n waardevolle leertegniek vir inligting wat moeilik is om te onthou. Hier is 'n voorbeeld van 'n geheuarympie vir die woord SALDO, waar elke letter van die woord iets anders verteenwoordig:



- S** – Studietyd – maak elke dag tyd daarvoor.
- A** – Aandag – konsentrasie kry jou aan die gang. Beantwoord net wat gevra word.
- L** – Lading – versprei die las; moenie alles op die nippertjie doen. Gebruik 'n studie-tydrooster.
- D** – Doel – weet wat jy wil bereik en doen dit net!
- O** – Oefen – dit is die sleutel tot sukses. Probeer weer en weer, en weer

**Geheuarympies** kodeer inligting, wat dit makliker maak om te onthou.

Hoe meer kreatief jy is en hoe meer jou 'kodes' jou aan bekende dinge herinner, hoe makliker gaan jy die werk onthou.

Hierdie gids voorsien verskeie idees om geheuarympies te gebruik. Jy kan ook jou eie geheuarympies maak.


*Nie jy of die wêreld sal weet waartoe jy in staat is, alvorens jy probeer nie.*

**Ralph Waldo Emerson**


# Breinkaarte

Hierdie studiegids bevat voorbeelde van breinkaarte (ook genoem geheuekaarte) wat die werk in sommige afdelings opsom.

Kyk na die prente van 'n neuron ('n breinsel) en 'n breinkaart:



Figuur 1: 'n Neuron of breinsel



Figuur 2: Reëls vir 'n breinkaart

**Breinkaarte** werk omdat dit inligting aanbied op dieselfde wyse as waarop ons brein die inligting 'sien'.

Wanneer jy die breinkaarte in hierdie studiegids leer, kan jy prente vir elke vertakking byvoeg om jou te help om die inhoud te onthou.

Ontwikkel jou eie breinkaarte soos wat jy elke afdeling voltooi.

## Hoe om jou eie breinkaart te ontwikkel:

1. Draai jou papier dwars sodat jou breinkaart in alle rigtings kan uitsprei.
2. Besluit op 'n beskrywende naam vir die breinkaart wat die inligting wat jy daarop gaan plaas, bondig saamvat.
3. Skryf die naam in die middel en teken 'n sirkel, borrel of prent rondom die naam.
4. Skryf net sleutelwoorde op die sytakke neer, nie volsinne nie. Hou dit kort en kragtig.
5. Elke tak moet 'n ander idee toon. Gebruik 'n ander kleur pen vir elke idee. Verbind die inligting wat saamhoort. Dit sal jou help om die konsepte in te skerp en te verstaan.
6. Voeg gerus prente by; dit maak nie saak as jy nie goed kan teken nie.



# Vir die eksamendag ...

1. Sorg dat jy al die skryfbehoeftes vir jou eksamen byderhand het, byvoorbeeld pen, potlood, uitveër, liniaal en **sakrekenaar (met vars batterye)**. Bring ook jou ID-dokument en eksamentoelatingsbrief.
2. Wees betyds, arriveer ten minste 'n uur voordat die eksamen begin by die eksamenlokaal.
3. Gaan toilet toe voordat jy die eksamenlokaal binnegaan. Jy wil nie waardevolle tyd verloor deur gedurende die eksamen die lokaal te moet verlaat nie.
4. Gebruik die tien minute leestyd om die instruksies noukeurig deur te lees. Dit help jou om die inligting in jou brein te 'ontsluit'. Begin met die maklikste vraag om jou denkprosesse aan die gang te sit.
5. Breek die vraag in kleiner dele op om seker te maak jy verstaan presies wat gevra word. As jy die vraag nie behoorlik beantwoord nie, sal jy nie punte daarvoor kry nie. Kyk na die sleutelwoorde in die vraag vir riglyne oor hoe jy dit moet beantwoord. Sien bladsy ix van die studiegids vir 'n lys sleutelwoorde.
6. Probeer om al die vrae te beantwoord. Elke vraag het sekere maklike punte; maak dus seker jy doen ten minste 'n deel van elke vraag in die eksamen.
7. Moenie paniekerig raak nie, selfs al lyk die vraag aanvanklik moeilik. Dit sal wel verband hou met iets wat jy geleer het. Vind die verband.
8. Bestuur jou tyd versigtig. Moenie tyd mors met vrae waaroor jy onseker is nie. Beweeg aan en kom terug as die tyd dit toelaat.
9. Kyk na hoeveel punte aan elke antwoord toegeken word. Die regmerkies in hierdie studiegids se antwoorde gee jou 'n riglyn van hoe punte toegeken word. Moet nie meer of minder inligting gee as wat vereis word nie.
10. Skryf groot en duidelik. Jy sal meer punte kry as die nasiener jou antwoord maklik kan lees. Toon jou bewerkings tussen hakies, soos in hierdie studiegids voorgestel word.



# Sleutelwoorde wat jou help om vrae te beantwoord

Dit is belangrik om die aksiewoorde (die woorde wat jou sê wat om te doen) te identifiseer en te begryp sodat jy presies weet wat die eksaminator verwag. Gebruik die verduidelikings in die tabel as riglyn wanneer jy vrae beantwoord.

Sleutelwoord	Wat word van jou verwag
Beskryf	Noem die hoofeienskappe van 'n item
Bespreek	Oorweeg alle inligting en kom tot 'n gevolgtrekking
Definieer	Gee 'n duidelike omskrywing
Evalueer	Formuleer 'n opinie gebaseer op jou bevindinge
Gee/Verskaf	Skryf slegs die feite neer sonder bespreking
Identifiseer	Noem die essensiële eienskappe
Klassifiseer	Verdeel in groepe sodat soortgelyke items in dieselfde groep val
Lewer kommentaar	Gee algemene opmerkings
Lys	Skryf 'n lys van items
Noem	Stel iets – gee, identifiseer of noem
Ontleed	Breek op, ondersoek en vertolk
Stel voor	Gee 'n verklaring of oplossing
Verduidelik	Verklaar, vertolk en sit uiteen
Vergelyk	Wys beide ooreenkomste en verskille uit
Vertolk	Gee die betekenis weer
Vooruitskat	Voorspel toekomstige gebeure



## Voorbeelde van aksiewoorde

Kies 'n omskrywing uit KOLOM B wat by die tipe rekening in KOLOM A pas.

Trek 'n lyn van KOLOM A na KOLOM B om die items te pas.

KOLOM A	KOLOM B
1. Vaste/Tasbare bates	A Dit vermeerder winste en dus vermeerder eienaarsbelang ook.
2. Bedryfsbates	B Dit verminder winste en dus verminder eienaarsbelang ook.
3. Nie-bedryfslaste	C Bedrae verskuldig wat meer as 12 maande sal neem om af te betaal.
4. Bedryfslaste	D Bates met 'n lang verwagte lewensduur, normaalweg langer as 'n jaar. Sonder hulle sal die besigheid nie kan bestaan of 'n wins maak nie.
5. Inkomste	E Die netto waarde van die besigheid op enige tydstip (totale bates – totale laste).
6. Uitgawes	F Bedrae wat binne 12 maande terugbetaal sal word.
7. Eienaarsbelang	G Bates wat binne 'n kort tydperk (d.i. minder as 'n jaar) in kontant omgeskakel sal word.

Omkring die aksiewoord en onderstreep enige ander belangrike sleutelwoorde in die vraag. Hierdie woorde sê jou presies wat gevra word.



# Onderwerpkontrolelys vir die eksamens


Gebruik hierdie kontrolelys om jou vordering te toets wanneer jy vir die eksamen voorberei.

	Onderwerp	Gedek in die studiegids	Ek verstaan nie	Ek verstaan
<b>1.</b>	<b>Basiese rekeningkundige begrippe</b>	✓		
<b>2.</b>	<b>Maatskappye</b>			
	Rekeningkundige vergelyking	✓		
	Maatskappybegrippe	✓		
	AARP-beginsels	✓		
	Maatskappye se grootboekrekeninge	✓		
	Maatskappye se finale rekening: Handelsrekening	✓ ✓		
	Wins-en-verliesrekening	✓		
	Verdelingsrekening	✓		
	Finansiële state met aansuiwerings: Inkomstestaat	✓		
	Balansstaat	✓		
	Kontantvloeistaat	✓		
	Notas tot die finansiële state	✓		
	Ontleding en vertolking van finansiële state	✓		
	Kommentaar op 'n ouditverslag	✓		
<b>3.</b>	<b>Vervaardiging</b>			
	Vervaardigingsbegrippe	✓		
	Produksiekostestaat met notas	✓		
	Kosteberekeninge	✓		
	Gelykbreekpunt	✓		
	Handels- en wins-en-verliesstate	*		
<b>4.</b>	<b>Begrotings</b>			
	Begrotingsbegrippe	✓		
	Debiteure-invorderingskedule	✓		
	Krediteurebetalingskedule	✓		
	Kontantbegroting (ontleed en vertolk)	✓		
	Geprojekteerde inkomstestaat (ontleed en vertolk)	✓		
<b>5.</b>	<b>Rekonsiliasies</b>			
	Bankrekonsiliasie	✓		
	Debiteurerekonsiliasie	✓		
	Ouderdomsontleding	✓		
	Krediteurerekonsiliasie	✓		
<b>6.</b>	<b>Voorraad</b>			
	Voorraadbegrippe	✓		
	Voorraadwaardasie – spesifieke identifikasie, EIEU en geweegdegemiddelde-metodes	✓		
<b>7.</b>	<b>BTW</b>			
	Begrippe en berekeninge	✓		
	BTW-kontrolerekening	✓		
<b>8.</b>	<b>Vaste bates</b>			
	Bateverkope	✓		

## Basiese rekeningkundige begrippe

### 1.1 Basiese begrippe

BEGRIP	OMSKRYWING
Bate	Item van waarde wat deur 'n persoon of besigheid besit word en wat gebruik word om 'n wins te maak.
Debiteure	Persone wat aan die besigheid geld skuld vir goedere op krediet gekoop.
Eienaarsbelang	Die netto waarde van die besigheid op enige gegewe tydstop.
Handelsvoorraad-surplus	Hierdie bedrag word bereken wanneer die fisiese voorraadopnamebedrag <b>meer is</b> as die syfer vir handelsvoorraad in die algemene grootboek.
Handelsvoorraadtekort	Hierdie bedrag word bereken wanneer die fisiese voorraadopnamebedrag <b>minder is</b> as die syfer vir handelsvoorraad in die algemene grootboek.
Koste van verkope	Die kosprys van alle goedere wat verkoop is.
Krediteure	Persone/verskaffers aan wie die besigheid geld skuld.
Las	'n Bedrag wat 'n persoon of besigheid aan 'n ander persoon of besigheid skuld.
Oninbare skulde	Skulde afgeskryf as gevolg van debiteure wat nie hulle skuld kon betaal nie.
Opgelope inkomste/inkomste ontvangbaar	Inkomste wat nog aan die einde van die finansiële jaar aan die besigheid verskuldig is.
Opgelope uitgawes/uitgawes betaalbaar	Uitgawes wat aan die einde van die finansiële jaar nog verskuldig is.
Verlies	Wanneer die uitgawes meer as die inkomste is.
Vooruitbetaalde uitgawes	Uitgawes wat alreeds vir die volgende finansiële jaar betaal is.
Vooruitontvange inkomste	Inkomste wat alreeds deur die besigheid ontvang is vir die volgende finansiële jaar.
Waardevermindering	Die bedrag waarmee vaste bates oor 'n tydperk in waarde verminder as gevolg van herhaalde gebruik.
Wins	Wanneer die inkomste meer as die uitgawes is.
Winsopslag	Die persentasie wat by die kosprys getel word om die verkoopprijs te bereken, d.i. die winspersentasie.



Hierdie definisies sal jou help om die basiese Rekeningkunde-begrippe wat in hierdie studiegids gebruik word, te verstaan.

Maak seker jy ken hierdie begrippe. Gebruik jou sakpas-notas om jou te help om hulle goed te leer. Sien bladsy x vir meer inligting.







## 1.3 Klassifikasie van rekeninge

NIE-BEDRYFSBATES	EIENAARSBELANG		NIE-BEDRYFSLASTE (word oor meer as 12 maande terugbetaal)
	UITGAWES	INKOMSTE	
<b>Tasbare/vaste bates</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Grond en geboue</li> <li>• Toerusting</li> <li>• Voertuie</li> </ul> <b>Finansiële bates</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vaste deposito (langer as 12 maande)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koste van verkope</li> <li>• Rente-uitgawe</li> <li>• Huuruitgawe</li> <li>• Salarisse en lone</li> <li>• Skryfbehoeftes</li> <li>• Brandstof</li> <li>• Verpakkingsmateriaal</li> <li>• Herstelwerk</li> <li>• Versekering</li> <li>• Advertensies</li> <li>• Korting toegestaan</li> <li>• Telefoon</li> <li>• Water en elektrisiteit</li> <li>• Verlies met verkoop van bate</li> <li>• Oninbare skulde</li> <li>• Waardevermindering</li> <li>• Handelsvoorraadtekort</li> <li>• Voorsiening vir oninbare skulde-aanpassing (+)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkope</li> <li>• Lopende inkomste</li> <li>• Rente-inkomste</li> <li>• Huurinkomste</li> <li>• Korting ontvang</li> <li>• Oninbare skulde verhaal</li> <li>• Wins met verkoop van bate</li> <li>• Handelsvoorraad-surplus</li> <li>• Voorsiening vir oninbare skulde-aanpassing (-)</li> </ul>	<b>BEDRYFSLASTE</b> (word in minder as 12 maande terugbetaal) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbandlening</li> <li>• Lenings</li> </ul>
<b>BEDRYFSBATES</b> <b>Voorrade</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Handelsvoorraad</li> <li>• Verbruiksgoedere voorhande</li> </ul> <b>Handels- en ander ontvangbare bedrae</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Debiteurekontrole</li> <li>• Opgelope inkomste / inkomste ontvangbaar</li> <li>• Vooruitbetaalde uitgawes</li> </ul> <b>Kontant en kontantekwivalente</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bank (DT)</li> <li>• Kleinkas</li> <li>• Wisselgeld</li> <li>• Vaste deposito (minder as 12 maande)</li> </ul>			<b>BEDRYFSLASTE</b> (word in minder as 12 maande terugbetaal) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Handelskrediteure</li> <li>• Oortrokke bank (KT)</li> <li>• Korttermyn gedeelte van lening</li> <li>• Opgelope uitgawes/uitgawes betaalbaar</li> <li>• Vooruitontvangde inkomste</li> </ul>



### Aktiwiteit 1: Pas die items

Kies 'n omskrywing uit KOLOM B wat by die tipe rekening in KOLOM A pas.

Trek 'n lyn van KOLOM A na KOLOM B om die items te pas.

KOLOM A	KOLOM B
1. Vaste/Tasbare bates	A Dit vermeerder winste en dus vermeerder eienaarsbelang ook.
2. Bedryfsbates	B Dit verminder winste en dus verminder eienaarsbelang ook.
3. Nie-bedryfslaste	C Bedrae verskuldig wat meer as 12 maande sal neem om af te betaal.
4. Bedryfslaste	D Bates met 'n lang verwagte lewensduur, normaalweg langer as 'n jaar. Sonder hulle sal die besigheid nie kan bestaan of 'n wins maak nie.
5. Inkomste	E Die netto waarde van die besigheid op enige tydstip (totale bates – totale laste).
6. Uitgawes	F Bedrae wat binne 12 maande terugbetaal sal word.
7. Eienaarsbelang	G Bates wat binne 'n kort tydperk (d.i. minder as 'n jaar) in kontant omgeskakel sal word.

[7]

## Antwoorde: aktiwiteit 1

Kolom A	Kolom B
1	D
2	G
3	C
4	F
5	A
6	B
7	E

[7]



## Aktiwiteit 2: Veelvuldigekeusevrae

Drie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf.

**Omkring die korrekte antwoord.**

1. Oortrokke bank word geklassifiseer as 'n ...	2. Verbruiksgoedere voorhande word geklassifiseer as ...
A Nie-bedryfslas	A Eienaarsbelang
B Bedryfsbate	B 'n Bedryfsbate
C Bedryfslas	C 'n Uitgawe

[2]

## Antwoorde: aktiwiteit 2

1	C	Dit is 'n bedryfslas, aangesien die besigheid dit binne 1 jaar sal terugbetaal (kort termyn).
2	B	Dit is 'n bedryfsbate, aangesien die besigheid dit binne die volgende 12 maande sal gebruik.

[2]



## 1.4 Stappe om transaksies op te teken

Verwys na *Reëls van Rekeningkunde* op bladsy 2 en *Klassifikasie van rekeninge* op bladsy 3.

1. Lees die transaksie/aansuiwering.  
Koop skryfbehoeftes en betaal per tjek, R150.
2. Identifiseer die twee rekeninge – (dubbele-inskrywingbegrip).  
1. Skryfbehoeftes      2. Bank
3. Besluit watter tipe rekeninge dit is (klassifiseer).  
Skryfbehoeftes = uitgawe en daarom word eienaarsbelang geaffekteer. Bank = bedryfsbate
4. Besluit watter rekening gedebiteer word en watter rekening gekrediteer word.  
Die uitgawe vermeerder, dus DT Skryfbehoeftes.  
Die bate verminder, dus KT Bank.
5. Toon jou antwoord deur die uitwerking op Bates (B), Eienaarsbelang (E) en Laste (L) te toon:

Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B =	E +	L
Skryfbehoeftes	Bank	-150	-150	0

Drie vrae wat jou sal help:

1. As dit 'n bate is:  
Vermeerder of verminder dit my besittings?
2. As dit 'n las is: Vermeerder of verminder dit my skuld?
3. As dit eienaarsbelang is:  
Vermeerder of verminder dit die eienaarsbelang?

'n Nul dui geen effek aan.  
MOENIE blanko los nie!



### Aktiwiteit 3: Rekeningkundige vergelyking

Verwys na *Stappe om transaksies op te teken* hierbo.

Teken die transaksies in die onderstaande tabel aan. Veronderstel die bank is ten alle tye gunstig (DT).

1. Skryf 'n debiteur se rekening van R500 as oninbare skuld af.
2. Stuur 'n tjek aan 'n krediteur om ons rekening van R2 000 te vereffen.
3. Ontvang huur vir R5 000 van 'n huurder.
4. Koop handelsvoorraad op krediet vir R1 800.
5. Koop toerusting vir R600 en betaal per tjek.

	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B =	E +	L
1					
2					
3					
4					
5					

[5]

Wanneer 'n bank **gunstig** is, beteken dit dat dit 'n bate van die besigheid is en 'n debietsaldo bly.

### Antwoorde: aktiwiteit 3

	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B =	E +	L
1	Oninbare skulde (uitgawe vermeerder)	Debiteurekontrole (bate verminder)	-500	-500	0
2	Krediteurekontrole (las verminder)	Bank (bate verminder)	-2 000	0	-2 000
3	Bank (bate vermeerder)	Huurinkomste (inkomste vermeerder)	+5000	+5000	0
4	Handelsvoorraad (bate vermeerder)	Krediteurekontrole (las vermeerder)	+1800	0	+1 800
5	Toerusting (bate vermeerder)	Bank (bate verminder)	±600	0	0

[5]



Hou aan!

# 2 Hoofstuk

## Maatskappye



Maatskappye is die GROOTSTE afdeling in jou eksamen.  
Spandeer tyd daaraan!



Gebruik jou sakpas-notas om hierdie begrippe te leer. Sien bladsy x vir instruksies oor hoe om die notas te maak.

### 2.1 Begrippe met betrekking tot maatskappye

#### Persone in 'n maatskappy

Begrip	Verduideliking
<b>Aandeelhouders</b>	Die eienaars van die maatskappy.
<b>Direkteure</b>	Persone deur die aandeelhouders aangestel om die maatskappy te bestuur.
<b>Onafhanklike ouditeur (eksterne)</b>	'n Ouditeur wat 'n mening oor die finansiële state in 'n auditverslag uitspreek, maar wat nie vir die maatskappy werk nie.
<b>Interne ouditeur</b>	'n Ouditeur wat toesig hou oor die opstel van die finansiële state, vir interne kontrole verantwoordelik is en in die diens van die maatskappy is.
<b>Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)</b>	Die staatsdepartement aan wie die maatskappy inkomstebelasting op hulle winste en BTW verskuldig, moet betaal.

#### Dokumente met betrekking tot maatskappye

Begrip	Verduideliking
<b>Balansstaat</b>	Hierdie staat toon die bates, laste en netto waarde (eienaarsbelang van die maatskappy).
<b>Belastingaanslag</b>	Dit word deur die SAID uitgereik om die bedrag inkomstebelasting te bevestig wat die maatskappy volgens hulle winste moet betaal.
<b>Inkomstestaat</b>	Hierdie staat toon die wins of verlies deur die bedrywighede van die onderneming (inkomste en uitgawes).
<b>Kontantvloeistaat</b>	Dit toon die vloei van kontant in 'n maatskappy (geld wat inkom en geld wat uitgaan).
<b>Ouditeursverslag</b>	Dit is 'n mening deur 'n gekwalifiseerde persoon gegee oor die betroubaarheid van die finansiële state al dan nie.
• Gekwalifiseerde ouditeursverslag	Wanneer die ouditeure die finansiële state aanvaarbaar vind, <b>BEHALWE</b> vir sekere aspekte wat verander, reggestel of ondersoek moet word.
• Ongekwalfiseerde ouditeursverslag	Wanneer die ouditeure die finansiële state in <b>ALLE</b> opsigte aanvaarbaar vind.
• Weerhouding van mening	Wanneer die ouditeure nie bereid is om 'n mening oor die finansiële state uit te spreek nie (omdat die state onbetroubaar is).

## Verdere begrippe rakende maatskappye

Begrip	Verduideliking
Aandeelhouders se verdienste	Netto wins na belasting.
Aandeelhouders vir dividende	Die bedrag wat nog aan aandeelhouders verskuldig is vir dividende verklaar, maar nog nie betaal nie.
Behoue inkomste	'n Gedeelte van die winste ná belasting wat nie aan aandeelhouders in dividende uitbetaal is nie, maar gehou (behou) word vir toekomstige uitbreiding van die maatskappy.
Beperkte aanspreeklikheid	Die aanspreeklikheid van die aandeelhouders is beperk tot hulle belegging in die maatskappy (hulle kan nie hulle persoonlike bates verloor nie).
Dividende	Die gedeelte van die winste (ná belasting) wat goedgekeur word om tussen die aandeelhouders verdeel te word (totale dividende = tussentydse + finaal).
• Tussentydse dividende	Dividende wat gedurende die jaar aan aandeelhouders betaal word.
• Finale dividende	Dividende wat aan die einde van die finansiële jaar aan die aandeelhouders verklaar (voorgestel) word.
Geen pariwaarde	Daar is geen waarde gekoppel aan die aandele nie tot dit uitgereik word.
Gemagtigde aandeelkapitaal	Die maksimum aantal aandele wat 'n maatskappy kan verkoop.
Inkomstebelasting	Belasting wat die maatskappy op sy winste aan die SAID betaal.
Terugkoop aandele	Uitgereikte aandele wat deur die maatskappy teruggekoop is. Dit word onttrek of gekanselleer.
Uitreikprys	Die prys waarteen aandele aan die publiek uitgereik word.
Uitgereikte aandeelkapitaal	Die aantal aandele wat werklik aan aandeelhouders verkoop is. Gebruik aantal aandele uitgereik om dividende te bereken.
Voorlopige belasting	Betalings gedurende die jaar aan die SAID gemaak, wat op geskatte winste gebaseer is (elke 6 maande).

## Sommige afkortings gebruik in maatskappye

AARP	Algemeen Aanvaarde Rekeningkunde Praktyk
AJV	Algemene Jaarvergadering
GR	Geoktrooieerde Rekenmeester
IFVS	Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde
JEB	Johannesburg Effektebeurs
CI/CO	Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom
MVI	Memorandum van Inkorporering
SAIGR	Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters
SAIPR	Suid-Afrikaanse Instituut vir Professionele Rekenmeesters

## AARP-begrippe

Begrip	Verduideliking
Historiese koste	Alle bates word teen hulle oorspronklike kosprys opgeteken.
Lopende saak	Finansiële state word opgestel met die verstandhouding dat die maatskappy in die toekoms sal voortbestaan.
Omsigtigheid	Syfers in die finansiële state moet realisties getoon word (konserwatief – teken altyd die swakste scenario aan)
Paringbeginsel	Inkomste en uitgawes moet in die korrekte finansiële jaar opgeteken word (bv. verkope en koste van verkope).
Sake-entiteitsbeginsel	Die finansies van die maatskappy word afsonderlik van die aandeelhouders gehou.
Wesenlikheid	Alle belangrike items moet apart in die finansiële state getoon word (bv. direkteursfooie).

## 2.2 Maatskappye se algemene grootboekrekeninge



SAID (inkomstebelasting) impliseer 'n las wat aan die SAID verskuldig is.

- Gewone aandeelkapitaal
- SAID (inkomstebelasting)
- Aandeehouers vir dividende
- Inkomstebelasting
- Dividende op gewone aandele (gewone-aandeledividende)
- Verdelingsrekening



Hierdie grootboekrekening word die meeste gevra.



As jy enige woorde nie verstaan nie, sien die maatskappybegrippe aan die begin van hierdie afdeling.



### Aktiwiteit 1: Tipiese eksamenvrae



#### Uitgewerkte voorbeeld 1

Gebruik die volgende inligting om die grootboekrekening soos gegee op die antwoordstel van Kwik Fix Bpk vir die finansiële jaar geëindig 30 Jun 2011 te voltooi.

Om die gemiddelde aandeelprys te bereken, gebruik hierdie bedrag en deel dit deur die aantal uitgereikte aandele.

$$1\,000\,000 \div 500\,000 \text{ aandele} = R2$$

#### Inligting

1	1 Jul 2010	Die maatskappy het die volgende beginsaldo's aan die begin van die jaar getoon: Gewone aandeelkapitaal (R500 000 aandele) Behoue inkomste SAID (Inkomstebelasting) Aandeehouers vir dividende	R1 000 000 180 000 (kt) 9 000 130 000
2	1 Jul 2010	50 000 aandele aan die publiek uitgereik teen R7,50 per aandeel	
3	23 Jul 2010	Betaal die bedrae verskuldig aan SAID en die aandeehouers.	
4	31 Des 2010	'n Eerste voorlopige belastingbetaling van R112 500 is halfpad deur die finansiële jaar aan die SAID gemaak.	
5	31 Des 2010	'n Tussentydse dividend van 15 sent per aandeel is aan aandeehouers betaal.	
6	31 Mrt 2011	Koop 20 000 aandele terug van 'n ontevrede aandeelhouer. Die direksie het besluit om die aandele terug te koop teen R8,50 per aandeel.	
7	30 Jun 2011	'n Tweede voorlopige belastingbetaling van R120 000 is aan die einde van die finansiële jaar aan die SAID gemaak.	
8	30 Jun 2011	Finale dividende van 30 sent per aandeel is by die AJV verklaar, maar is nog nie aan die aandeehouers betaal nie.	
9	30 Jun 2011	Na die voltooiing van die oudit is die inkomstebelastingbedrag vir die jaar op R240 000 bepaal. Dit is op 'n netto wins van R800 000 bereken.	
10	30 Jun 2011	Toon die sluitingsoordragte na die finale rekening.	

**Onderstaande notas verwys na die inligting hierbo en na die grootboekrekeninge hieronder (1–10):**

- 1** Die saldo's vir SAID (inkomstebelasting) en aandeelhouders vir dividende is die bedrae wat nie verlede jaar betaal is nie en hierdie jaar betaal moet word. Die behoue-inkomstesaldo aan die begin van die jaar word na die verdelingsrekening oorgedra.
- 2** Aandele aan die publike uitgereik teen R7,50 per aandeel.
- 3** Die bedrae aan die SAID en die aandeelhouders vir verlede jaar verskuldig, word nou betaal.
- 4** Die eerste voorlopige belastingbetaling word halfpad (6 maande) deur die finansiële jaar gemaak en die tweede voorlopige belastingbetaling word aan die einde van die finansiële jaar gemaak.
- 7**
- 5** Die tussentydse dividend word gedurende die jaar **betaal**.
- 8** Die finale dividend is aan die einde van die finansiële jaar verklaar (**nie betaal nie**).
- 6** Aandele teruggekoop teen R8,50 per aandeel van 'n aandeelhouer. Nuwe gemiddelde aandeelprys moet bereken word. Om gemiddelde prys te bereken, moet jy die waarde van die Gewone Aandelekapitaal bepaal,  $R1\,375\,000 \div 55\,000 = R2,50$ . Dit beteken dat jy slegs R2,50 per aandeel kan eis en die res van Behoue Inkomste moet eis.
- 9** Die inkomstebelastingsyfer vir die jaar is die bedrag van belasting wat die maatskappy skuld, op die netto wins vir die jaar bereken. Dit moet met die voorlopige belastingbetalings vergelyk word om te bepaal of die maatskappy meer belasting aan die SAID skuld (las) en of die SAID belasting aan die maatskappy skuld (bate). Die netto wins van R800 000 is in die wins-en-verliesrekening bereken en na die verdelingsrekening oorgedra.
- 10** Die finale rekeninge sluit die handelsrekening, wins-en-verliesrekening (gedek in hierdie voorbeeld) en die verdelingsrekening in.

**VOORBEELD VAN 'N HANDELSREKENING EN 'N WINS-EN-VERLIESREKENING**  
(presies dieselfde as 'n alleeneienaar of 'n vennootskap)

**HANDELSREKENING (F1)****N**

2011					2011				
Junie	28	Koste van verkope	AJ	300 000	Junie	28	Verkope	AJ	1 470 000
		Wins-en-verlies	AJ	1 170 000					
				1 470 000					1 470 000

**WINS-EN-VERLIESREKENING (F2)****N**

2011					2011				
Junie	28	Salarisse	AJ	130 000	Junie	28	Handelsrekening (bruto wins)	AJ	1 170 000
		Direkteursfooie (nuwe)	AJ	160 000			Huur inkomste	AJ	24 000
		Ouditfooie (nuwe)	AJ	40 000			Wins met verkoop van bate	AJ	16 000
		Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering	AJ	1 000					
		Water en elektrisiteit	AJ	29 000					
		Telefoon/selfone	AJ	50 000					
		Verdelingsrekening		800 000					
				1 210 000					1 210 000



# Algemene Grootboek van Kwik Fix Bpk

Hierdie nommers verwys na die verduidelikings op die vorige bladsy.

Uitgereikte aandele: 500 000 + 50 000 = 550 000 aandele uitgereik.

Gemiddelde aandeelprys:  
 $R1\ 000\ 000 + R375\ 000 = R1\ 375\ 000$   
 $R1\ 375\ 000 \div 550\ 000 \text{ aandele} = R2,50$

Balansstaatafdeling									
Gewone aandeelkapitaal									
Dt					Kt				
2011 Mrt	31	Bank ⑥ (20 000 × R2,50)	KB	50 000	2010 Jul	1	Saldo ①	a/b	1 000 000
						31	Bank ② (50 000 × R7,50)	GJ	375 000
		Saldo	o/d	1 325 000					
				1 375 000					1 375 000
					2011 Jul	1	Saldo	a/b	1 325 000

Balansstaatafdeling									
SAID (Inkomstebelasting)									
Dt					Kt				
2011 Jul	23	Bank ③	KB	9 000	2010 Jul	1	Saldo ①	a/b	9 000
2010 Des	31	Bank ④	KB	112 500	2011 Jun	30	Inkomstebelasting ⑨	AJ	240 000
2011 Jun	30	Bank ⑦	KB	120 000					
		Saldo	o/d	7 500					
				249 000					249 000
					2011 Jul	1	Saldo	a/b	7 500

Die inkomstebelastingaanslag was meer as die voorlopige belastingbetalings. Die saldo is aan die kredietkant en dus 'n las.

Nominale rekeninge-afdeling									
Inkomstebelasting									
Dt					Kt				
2011 Jun	30	SAID (Inkomstebelasting) ⑨	AJ	240 000	2011 Jun	30	Verdelingsrekening ⑩	AJ	240 000

Balansstaatafdeling									
Aandeelhouders vir dividende									
Dt					Kt				
2010 Jul	23	Bank ③	KB	130 000	2010 Jul	1	Saldo ①	a/b	130 000
2011 Jun	30	Saldo	o/d	150 000	2011 Jun	30	Dividende op gewone aandele ⑧	AJ	159 000
				280 000					280 000
					2011 Jul	1	Saldo	a/b	159 000

Die R159 000 is die finale dividend en word steeds aan die aandeelhouders geskuld. Dit is 'n las (Handels- en ander Betaalbare bedrae).

Nominale rekeninge-afdeling									
Dt					Kt				
Dividende op gewone aandele									
2010	31	Bank 5	KBJ	82 500	2011	30	Verdelingsrekening 10	AJ	241 500
Des		(500 000 × 0.15)			Jun				
2011	30	Aandeehouers vir dividende 8	AJ	159 000					
Jun		(500 000 × 0.30)							
				241 500					241 500

Daar is drie verskillende maniere om die Verdelingsrekening op te stel. Gebruik die manier wat jy geleer het.

Opsie 1: Die Behoue Inkomste vir die jaar word oorgedra van die Verdelingsrekening na die Behoue Inkomsterekening

Balansstaatafdeling									
Dt					Kt				
Behoue inkomrsrekening									
2011	31	Bank (20 000 × R6) ⑥	GJ	120 000	2011	30	Saldo	b/d	180 000
Mar					June				
Jun	30	Saldo	c/d	378 500			Verdelingsrekening	AJ	318 500
				498 500					498 500
					July	1	Saldo		378 500

Finale rekeninge-afdeling									
Dt					Kt				
Verdelingsrekening									
2011 Jun	30	Inkomstebelasting 10	AJ	240 000	2011 Jun	30	Wins-en-verlies 9	AJ	800 000
		Dividende op gewone aandele 10	AJ	241 500					
		Behoue inkomste	AJ	318 500					
				800 000					800 000

Opsie 2: Die Behoue Inkomste aan die begin van die jaar minus die teruggekoopte aandele aanpassing word oorgedra na die Verdelingsrekening. Die Behoue Inkomste (ná die aandele terugkooptaanspassing) aan die einde van die jaar word oorgedra van die Verdelingsrekening na die Behoue Inkomsterekening.

Balansstaatafdeling									
Dt					Behoue inkomrsrekening			Kt	
2011 Mar	31	Bank (20 000 × R6) ⑥	GJ	120 000	2010 Jul	1	Saldo	a/b	180 000
Jun	30	Verdelingsrekening	GJ	60 000					
				180 000					180 000
					2011 Jun	1	Verdelingsrekening	AJ	378 500

Finale rekeninge-afdeling									
Dt					Kt				
Verdelingsrekening									
2011 Jun	30	Inkomstebelasting 10	AJ	240 000	2011 Jun	30	Wins-en-verlies 9	AJ	800 000
		Dividende op gewone aandele 10	AJ	241 500			Behoue Inkomste (180 000 – 120 000)		60 000
		Behoue inkomste	AJ	378 500					
				860 000					860 000

## 2

Opsie 3: Die Behoue Inkomste aan die begin van die jaar word oorgedra na die Verdelingsrekening. Die Behoue Inkomste (voor die aandele terugkooaanpassing) aan die einde van die jaar word oorgedra van die Verdelingsrekening na die Behoue Inkomsterekening.

Balansstaatafdeling									
Dt					Kt				
Behoeve inkomsterekening									
2011 Mrt	31	Bank (20 000 × R6) ⑥	AJ	120 000	2011 Jul	1	Saldo	a/d	180 000
Jun	30	Saldo	AJ	180 000	2011 Jun	30	Verdelingsrekening	AJ	498 500
		Saldo	o/d	378 500					
				678 500					678 500
					2011 Jul	1	Saldo	a/d	378 500

~~Die saldo van die Behoue Inkomsterekening bly R378 000 soos in Opsie 1 en 2.~~

Dt					Finale rekeninge-afdeling					Kt
					Verdelingsrekening					
2011 Jun	30	Inkomstebelasting 10	AJ	240 000	2011 Jun	30	Wins-en-verlies 9	AJ	800 000	
		Dividende op gewone aandeel 10	AJ	241 500			Behoue Inkomste		180 000	
		Behoue inkomste	AJ	498 500						
				980 000					980 000	

# Oefenactiviteit 1

# Algemene Grootboek van Kwik Fix Bpk

[illegible]

Dt	Behoue Inkomste								Kt

Dt	SAID (Inkomstebelasting)								Kt

Dt	Aandeelhouders vir dividende								Kt

### Nominale afdeling

Dt	Inkomstebelasting								Kt

Dt

Dividende op gewone aandele

Kt


### Finale rekeninge-afdeling

Dt

Verdelingsrekening

Kt


## 2.3 Voorbereiding van maatskappye se Finansiële State



### Inkomstestaat

Gebruik die volgende stappe om 'n inkomstestaat vanaf 'n vooraansuiweringsproefbalans voor te berei:

Onthou, 'n vooraansuiweringsproefbalans is 'n proefbalans wat nog NIE finaal is nie. Daar moet nog aansuiwerings (inskrywings) gemaak word om die syfers wat vir die voorbereiding van die Finansiële State gebruik gaan word, te finaliseer.

1. Skryf die vooraansuiwerings-proefbalansyfers van die nominale afdeling op die antwoordblad langs die besonderhede neer.
2. Lees elke aansuiwering:
  - a) Indien nodig, bereken die aansuiweringsbedrag.
  - b) Besluit watter rekening gedebiteer moet word en watter rekening gekrediteer moet word.
  - c) Op jou antwoordblad, toon 'n (+) of 'n (-) vir elke aansuiwering langs die vooraansuiweringsyfer wat alreeds ingeskryf is.
    - i) Uitstaande/opgelope bedrae sal bygetel word (+) en vooruit-betaalde/vooruitontvange bedrae sal afgetrek word (-).
3. Wanneer al die aansuiwerings voltooi is, bereken jou finale syfers en skryf hulle in die kolom.

Kyk na die formaat wat gegee is. Merk jy enige ontbrekende besonderhede op? Vul dit in. DIT IS MAKLIKE PUNTE!



## Opsomming van jaareind-aansuiwerings

Maak seker dat jy al die jaareindaansuiwerings ken voor jy die gegewe oefeninge aanpak.

Maak gebruik van die Vooraansuiweringproefbalans van Carl Winkels om die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2014 en die Balansstaat op 30 Junie 2014 te voltooi.

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 JUNIE 2014			
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING		DEBIET	KREDIET
Gewone aandelekapitaal			351 000
Behoue inkomste			9 100
Lening van Lowveld Bank			50 000
Grond en geboue		270 000	
Toerusting (teen kosprys)		75 000	
Voertuig		100 000	
Opgehoopte waardevermindering van voertuie			30 000
Opgehoopte waardevermindering van toerusting			30 500
Vaste deposito		10 000	
Handelsvoorraad		74 000	
Debiteurekontrole		16 100	
Voorsiening vir oninbare skuld			600
Deposito vir water en elektrisiteit		1 000	
Bank		15 900	
Wisselgeld		800	
Kleinkas		300	
Krediteurekontrole			9 500
Suid-Afrikaanse Inkomstediens: (LBS)			
Krediteure vir salarisse			
Pensioenfonds			
Mediese Hulpfonds			
NOMINALE REKENINGE-AFDELING			
Verkope			550 000
Debiteure-afslag		10 000	
Koste van verkope		320 000	
Salarisse		95 000	
Lone		30 000	
Water en elektrisiteit		7 000	
Pensioenfondsbydrae		4 000	
Mediese Hulpfondsbydrae		2 700	
Oninbare skulde		1 000	
Huurinkomste			13 000
Kommissie-inkomste			8 700
Verpakkingsmateriaal		1 200	
Versekering		600	
Bankkoste		5 300	
Korting toegestaan		1 000	
Telefoon		12 500	
Rente op vaste deposito's			800
Rente op debiteure			200
		1 053 400	1 053 400



Maak gebruik van die volgende aansuiwerings om die voorheen geleerde aansuiwerings te hersien.

- 1 Vooruitbetaalde uitgawes: Versekering vooruitbetaal, R200
- 2 Opgelope uitgawes: Water en elektrisiteit verskuldig, R2 000.
- 3 Inkomste vooruitontvang: Huurinkomste vooruitontvang, R1 000
- 4 Opgelope inkomste: Rente op vaste deposito steeds verskuldig, R400 (nie gekapitaliseer)
- 5 Bankkoste: R700, rente op oortrekking, R200 op laat bankstaat wat in berekening gebring moet word.
- 6 Bankstaat toon 'n VT-tjek: R1 000 (ontvang van debiteur B. Bam vir betaling van sy rekening van R1 100)
- 7 Rente gekapitaliseer: Lening a/b R55 000 (1 Julie 2011). Totale betalings R15 000. Sluitingsbalans van lening R50 000.
- 8 Skryf waardevermindering af op Voertuie teen 10% p.j. op kosprys en Toerusting teen 10% p.j. op drawaarde.
- 9 Oninbare skulde: J Jon se skuld as oninbaar afgeskryf, R200
- 10 VERHOGING: 2014 voorsiening vir oninbare skuld teen 5% van debiteure ( $17\ 000 \times 5\% =$  ).
- 11 Versekeringseis bv. gesteelde voorraad: Gesteelde voorraad gewaardeer @ R5 000. Die versekeringsmaatskappy is bereid om R4 000 van die eiswaarde te betaal.
- 12 Handelsvoorraadtekort: Handelsvoorraad volgens voorraadopname, R67 000.
- 13 Verbruiksgoedere beskikbaar: Eindvoorraad: Verpakkingsmateriaal, R300
- 14 Salaris van 'n werknemer foutief weggelaat: Bv. bruto salaris van Joe Soap van R10 000 weggelaat. SAID (PAYE) R1 600, Pensioenfonds R500 en Mediese Hulpfonds R900. Die eienaar dra op 'n Rand-tot-Randbasis tot die pensioen- en mediese hulpfonds by.

Die moeilikheidsgraad van hierdie aanpassings lê in die berekening van die bedrag, maar die inskrywing bly dieselfde! Maak dus seker dat jy die formaat memoriseer.

Maak seker dat jy weet hoe om die aansuiwerings te interpreteer, hoe om die Algemene Grootboek-inskrywing te voltooi en hoe dit die grootboekrekening en balansstaat affekteer.

## Aansuiwerings aan die einde van die finansiële jaar

### ILLUSTRASIE VAN DIE VERLOOP VAN 14 MOONTLIKE JAAREINDAANSUIWERINGS VAN AANSUIWERING NA INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAAT

#### 1. Vooruitbetaalde uitgawes Versekering vooruitbetaal, R200

ALGEMENE GROOTBOEK			INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT	
Vooruitbetaalde uitgawes (BB) B			Versekering (600 – 200)	400	NOTA 5: HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE	
Versekering	2600				Vooruitbetaalde uitgawes	200
Versekering (u) N						
Totaal a/b	600	Vooruitbetaalde uitgawes			200	
		Wins-en-verlies	400			
	600		600			

#### 2. Opgelope uitgawes: Elektrisiteit verskuldig, R2 000.

Opgelope uitgawes (BL) B		Water en elektrisiteit (7 000 + 2 000)	9 000	NOTA 9: HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE			
	Water en elektrisiteit			2 000			
Water en Elektrisiteit (u) N						Opgelope uitgawe	2 000
Totaal a/b	7 000			Wins-en-verlies	9 000		
Opgelope uitgawes	<u>2 000</u>						
	<u>9 000</u>		<u>9 000</u>				

#### 3. Inkomste vooruitontvang Huurinkomste vooruitontvang, R1 000

Inkomste vooruitontvang (BL) B			Huurinkomste (13 000 – 1 000)	12 000	NOTA 9: HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE	
	Huurinkomste	1 000			Inkomste vooruitontvang	1 000
Huurinkomste (i) N						
Inkomste vooruit ontvang	1 000	Totaal			13 000	
Wins-en-verlies	<u>12 000</u>		<u>          </u>			
	<u>13 000</u>		<u>13 000</u>			

#### 4. Opgelope inkomste: Rente op vaste deposito verskuldig, R400 (nie gekapitaliseer)

ALGEMENE GROOTBOEK			INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT	
Opgelope inkomste (BB) B			Plus Rente-inkomste (800 + 400)	1 200	NOTA 5: HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE	
Rente op vaste deposito					Opgelope Inkomste	400
400						
Rente op vaste deposito (I) N						
Wins-en-verlies	1200	Totaal	800			
		Opgelope inkomste	400			
	<u>1 200</u>		<u>1200</u>			

**5. Bankkoste:** Die bankstaat is ontvang na die vooraansuiweringsproefbalans opgestel is.

Die volgende moet ingesluit word: Bankkoste, R700; Rente op oortrekking, R200

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT
<b>Bank (BB) B</b>		Bankkoste (6 300 + 700)  Rente op oortrekking (200)	7 000   200	<b>NOTA 6: KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE</b>  Bank (15 900 – 700 – 200) 15 000
Saldo a/b	15 900			
	Bankkoste 700			
	Rente op oortrekking 200			
	Saldo o/d			
	<u>15 900</u>			
Saldo a/b	15 000			
<b>Bankkoste (u) N</b>				
Totaal a/b	6 300			
Bank	700			
	<u>7 000</u>			
<b>Rente op oortrekking (u) N</b>				
Bank	200			
	<u>200</u>			
	<b>Wins-en-Verlies</b>			
	<b>7 000</b>			
	<u>7 000</u>			

**6. VT-tjeks en korting toegestaan:** Die bankstaat is ontvang na die vooraansuiweringsproefbalans opgestel is.

Die volgende moet in berekening gebring word: VT-tjek van R1 000 ontvang van 'n debiteur, B Bam, vir betaling van sy rekening van R1 100.

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT
<b>Bank (BB) B</b>		Korting toegestaan (1 100 – 100)	1 000	<b>NOTA 5: HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE</b>  Handelsdebiteure 17 000 (16 100 + 1 000 + 100)
Saldo a/b	15 900			
	Bankkoste 700			
	Rente op oortrekking 200			
	B Bam (VT) 1 000			
	Saldo o/d			
	<u>15 900</u>			
Saldo a/b	14 000			
<b>Debiteurekontrole (BB) B</b>				<b>NOTA 6: KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE</b>  Bank (15 900 – 700 – 200 – 1 000) 14 000
<b>2011</b>				
Saldo a/b	16 100			
Bank (VT)	1 000			
Joernaaldebite	100			
	<u>17 100</u>			
<b>Korting toegestaan</b>				
Totaal a/b	1 100			
	<u>1 100</u>			
	Debiteurekontrole 100			
	<b>Wins-en-Verlies</b>			
	<b>1 000</b>			
	<u>1 100</u>			

**7. Rente gekapitaliseer.** Lening a/b 55 000 (1 Jan 2009) Totale betalings R15 000 Sluitingsaldo van lening R50 000

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT	
<b>LENING: Crazy Bank (BB) B</b>		Rente op lening (55 000 – 15 000 – 50 000)	10 000	NIE-BEDRYFSLASTE Lening: Crazy Bank (50 000 – 5 000)	45 000
Bank (10 000+5 000)	Saldo a/b 55 000				
15 000	Rente op lening 10 000				
Saldo o/d 50 000	65 000				
	Saldo a/b 50 000			BEDRYFSLASTE Korttermynlening	5 000
<b>Rente op lening (I) N</b>					
Lening: Crazy Bank 10 000	Wins-en-Verlies 10 000				

Die totale betalings vir die jaar sluit die rente (R10 000) gehef vir die jaar in.

**8. Waardevermindering**

Voertuie: R100 000

Opgehoopte waardevermindering: R30 000

Waardevermindering teen kosprys:  $100\ 000 \times 10/100 = 10\ 000$

Toerusting: R75 000

Opgehoopte waardevermindering: R30 500

Waardevermindering teen drawaarde

$75\ 000 - 30\ 500 = 44\ 500 \times 10/100 = 4\ 450$

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT	
<b>Waardevermindering (u) N</b>		Waardevermindering (10 000 + 4 450)	14 450	<b>NOTA 3: VASTE BATES</b>	
Opgehoopte waardevermindering op Voertuie 10 000	Wins-en-Verlies 14 450				
Opgehoopte waardevermindering op toerusting 4 450					
14 450	14 450				
<b>Opgehoopte waardever. op Voertuie (-B) B</b>					
	Saldo a/b 30 000				
	Waardevermindering 10 000				
	40 000				
<b>Opgehoopte waardever. op Toerusting (-B) B</b>					
	Saldo a/b 30 500				
	Waardevermindering 4 450				
	34 950				

Kosprys	75 000	100 000
Opgehoopte waardever.	(30 500)	(30 000)
Drawaarde	44 500	70 000
<b>Bewegings:</b>		
Waardevermindering	(4 450)	(10 000)
Drawaarde	39 050	60 000
Kosprys	75 000	100 000
Opgehoopte waardever.	(35 950)	(40 000)



Sien die berekenings wanneer Voorsiening vir Oninbare Skuld geskep word, of toename of afname teen die einde van die finansiële jaar.

### 10.1 Voorsiening vir oninbare skuld

**GESKEP:** 2012: Voorsiening vir oninbare skuld teen 5% van debiteure.

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT	
Debiteurekontrole (BB) B		Minus bedryfsuitgawes Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering	50	NOTA 5: HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE	
2012					
Saldo a/b	1000			Handelsdebiteure	1 000
Voorsiening vir oninbare skuld (–B) B				Minus Voorsiening vir oninbare skuld	(50)
	2012			Netto Debiteure	950
	Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering		50		
Voors. vir oninbare skuld aansuiwering (u) N					
Voorsiening vir oninbare skuld	50	Wins-en-Verlies	50		

### 10.2 TOENAME: 2013

Voorsiening van oninbare skulde van R50 tot R70. ( $1\ 400 \times 5\% = 70$ )

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT
<b>Voorsiening vir oninbare skuld (-B) B</b>		Minus bedryfsuitgawes Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering (70 - 50 )	20	<b>NOTA 5: HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE</b>  Handelsdebiteure 1 400 Minus voorsiening vir oninbare skuld (70) <b>Netto Debiteure 1 330</b>
	2013			
Saldo a/b	50			
Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering	20			
	70			
<b>Debiteurekontrole (BB) B</b>				
2013				
Saldo a/b	1400			
<b>Voors. vir oninbare skuld aansuiwering (u) N</b>				
Voorsiening vir oninbare skuld	20	Wins-en-Verlies	20	

**10.3 AFNAME: 2014**

Voorsiening vir oninbare skuld van R70 tot R60.

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT
<b>Voorsiening vir oninbare skuld (-B) B</b>		Plus ander bedryfsuitgawes  Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering (70 - 60)	10	<b>NOTA 5: HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE</b>  Handelsdebiteure 1 200 Minus voorsiening vir oninbare skuld ( 60) <b>Netto Debiteure 1 140</b>
Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering 10	2014 Saldo a/b 70			
Saldo o/d 60				
70	70			
	Saldo a/b 60			
<b>Debiteurekontrole (BB) B</b>				
2014				
Saldo a/b 1200				
<b>Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering (i) N</b>				
Wins-en-Verlies 10	Voorsiening vir oninbare skuld 10			

**11. Versekeringseis vir gesteelde voorraad.** Bv. Waarde van gesteelde voorraad is @ R5 000.

Versekering is bereid om R4 000 te betaal.

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT
<b>Handelsvoorraad (BB) B</b>		Verlies op gesteelde voorraad (5 000 - 4 000)	1 000	<b>NOTA 4: VOORRAADHOUDING</b>  Handelsvoorraad (74 000 - 5000) 69 000  <b>NOTA 6: HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE</b>  Versekeringseis (5 000 - 4 000) 1 000
Saldo a/b 74 000	Verlies van gesteelde voorraad 5 000			
74 000	Saldo o/d 69 000			
69 000	74 000			
<b>Versekeringseis (BB) B</b>				
Verlies op gesteelde voorraad 4 000				
<b>Verlies op gesteelde voorraad (u) N</b>				
Handelsvoorraad 5 000	Versekeringseis 4 000			
5 000	Wins-en-Verlies 1 000			
	5 000			

**12. Handelsvoorraadtekort:** Saldo van die handelsvoorraad rekening is R69 000. Handelsvoorraad volgens voorraadopname, R67 000.

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT
<b>Handelsvoorraad (BB) B</b>		Handelsvoorraadtekort (69 000 - 67 000)	2 000	<b>NOTA 4: VOORRAAD</b>  Handelsvoorraad (69 000 - 2000) 67 000
Saldo a/b 74 000	Verlies op gesteelde voorraad 5 000			
74 000	Handelsvoorraad-tekort 2 000			
Saldo a/b 67 000	Saldo o/d 67 000			
	74 000			
<b>Handelsvoorraadtekort (u) N</b>				
Handelsvoorraad 2 000	Wins-en-Verlies 2 000			



**13. Verbruiksgoedere voorhande; Eindvoorraad: Verpakkingsmateriaal, R300**

ALGEMENE GROOTBOEK		INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT
Verbruiksgoedere (BB) B		Verpakkingsmateriaal (1 200 – 300)	900	NOTA 4: VOORRAAD  Verbruiksgoedere voorhande 300
Verpakkingsmateriaal 300				
Verpakkingsmateriaal (u) N				
Totaal 1 200	Verbruiksgoedere voorhande 300			
	Wins-en-Verlies 900			
<u>1 200</u>	<u>1 200</u>			

Wees versigtig. Wat is die bewoording van die aansuiwering? Na voorraadopname is die verpakkingsmateriaal GEBRUIK R900, of is die beskikbare VOORRAAD na voorraadopname R300.

**14. Salaris van 'n werknemer foutief weggelaat: Bv. Joe Soap se bruto salaris van R10 000 is weggelaat.**

SAID (LBS), R1600; Pensioenfonds R500 en Mediese Fonds R900.

Die eienaar dra op 'n Rand-tot-Randbasis tot die pensioen- en mediese fonds by.

(10 000 – 1 600 – 500 – 900 = 7 000)

ALGEMENE GROOTBOEK			INKOMSTESTAAT		BALANSSTAAT
Krediteure vir salarisse (BL) B			Salarisse (95 000 +10 000) Pensioenfondsybydrae (4 000 + 500) Pensioenfondsybydrae (2 700 + 900)	105 000 4 500	NOTA 9: HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE  SAID (LBS) 1 600 Pensioenfonds (500 + 500) 1 000 Mediese Fonds (900 + 900) 1 800 Krediteure vir salarisse 7 000 (10 000 – 1 600 – 500 –900)
	Salarisse GJ	7 000			
SAID (LBS) (BL) B					
	Salarisse GJ	1 600			
Pensioenfonds (BL) B					
	Salarisse GJ	500			
	Pensioenfondsybydrae				
		500			
		1 000			
Mediese Fonds (BL) B					
	Salarisse GJ	900			
	Pensioenfondsybydrae	900			
		1 800			
Salarisse (u) N					
Totaal a/b	95 000	Wins-en-Verlies	105 000		
Bruto salarisse AJ	10 000				
	105 000		105 000		
Pensioenfondsbydrae (u) N					
Totaal a/b	4 000	Wins-en-Verlies	4 500		
Pensioenfonds	500				
	4 500		4 500		
Mediese Fondsbydrae (u)					
Totaal a/b	2 700	Wins-en-Verlies	3 600		
Mediese Fondsbydrae					
	900		3 600		
	3 600				



WENK: Doen die volgende berekening om die bedrag vir KREDITEURE VIR SALARISSE te bepaal terwyl NOTA 9 in die volgende orde opgestel word: gebruik die bruto salaris van R10 000 en trek af

- 1 600 SAID (LBS)
- 500 Pensioenfonds
- 900 Mediese Fonds
- = 7 000 Krediteure vir salarisse

**Berekenings:**

Maak seker dat jy in staat is om die volgende BEREKENINGS te kan doen voor jy die jaareindAANSUIWERINGS aanpak.

Kom ons gebruik Huurinkomste om die verskillende berekenings te illustreer wat jy moet doen om huur vir die jaar te bereken en te bepaal of die bedrag ontvang vooruit is, of steeds oploop.

Die einde van die finansiële jaar is 28 Februarie.

1	Aanpassing (lae vlak)	Bv. die totale huur ontvang beloop R26 000. Neem in ag dat een maand se huur vooruitontvang is.	
	Berekening	$26\,000 \div 13 = R2\,000$ per maand $2\,000 \times 12 = 24\,000$ R2 000 is dus vooruitontvang.	
	Uitwerking op die finansiële state	<b>Inkomstestaat</b>	<b>Balansstaat</b>
		Huurinkomste R24 000 ( $26\,000 \div 13 \times 12$ )	Nota 9: Huurinkomste vooruitontvang R2 000

2	Aanpassing (lae vlak)	Bv. die huurder het sy huur een maand vooruit betaal. Neem in ag dat die huur van R2 000 met 10% toegeneem het vanaf 1 Oktober 2013. Totale huurinkomste ontvang, R27 200.																																																		
	Berekening	<div>Trek 'n TYDLYN om die huur vir die jaar en die huur wat vooruit betaal is, te bepaal.</div> <table><tr><th colspan="12">Finansiële jaar</th><th>vooraf bet.</th></tr><tr><td>1 Mar</td><td>Apr</td><td>Mei</td><td>Junie</td><td>Julie</td><td>Aug</td><td>Sept</td><td>1 Okt</td><td>Nov</td><td>Des</td><td>Jan</td><td>Feb</td><td>Mar</td></tr><tr><td>2000</td><td>2000</td><td>2000</td><td>2000</td><td>2000</td><td>2000</td><td>2000</td><td>2200</td><td>2200</td><td>2200</td><td>2200</td><td>2200</td><td>2200</td></tr></table> <div>R2000 × 7 = 14 000    2 000 + 10%) + R2 200 × 5 = 11 000    + R2 200 = R27 200</div>												Finansiële jaar												vooraf bet.	1 Mar	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	1 Okt	Nov	Des	Jan	Feb	Mar	2000	2000	2000	2000	2000	2000	2000	2200	2200	2200	2200	2200	2200
Finansiële jaar												vooraf bet.																																								
1 Mar	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	1 Okt	Nov	Des	Jan	Feb	Mar																																								
2000	2000	2000	2000	2000	2000	2000	2200	2200	2200	2200	2200	2200																																								
	Uitwerking op die finansiële state	<b>Inkomstestaat</b>						<b>Balansstaat</b>																																												
		Huurinkomste (14 000 + 11 000)						Nota 9: Huurinkomste vooruitontvang																																												
		R25 000						R2 000																																												

Nommer 2 en 3 is feitlik dieselfde, maar in nr. 3 is die maandelikse huur nie gegee soos in nr. 2 nie. Deur die volgende metode te gebruik, kan die bedrae steeds bereken word:

3	Aanpassing (lae vlak)	Bv. die totale bedrag deur die jaar ontvang, is R27 200. Neem in ag dat die huur met 10% verhoog het van 1 Oktober 2013 en die huurder het die huur vir Maart in Februarie 2014 betaal.																																				
Berekening		<div>Trek 'n TYDLYN om die huur vir die jaar en die huur wat vooruit betaal is, te bepaal.</div> <table><tr><th colspan="11">Finansiële jaar</th><th>vooraf bet.</th></tr><tr><td>1 Mar</td><td>Apr</td><td>Mei</td><td>Junie</td><td>Julie</td><td>Aug</td><td>Sept</td><td>1 Okt</td><td>Nov</td><td>Des</td><td>Jan</td><td>Feb</td></tr><tr><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>110%</td><td>110%</td><td>110%</td><td>110%</td><td>110%</td></tr></table> <div>BEREKENING: <math>(100\% \times 7) + (110\% \times 5) + (110\% \times 1) = 27\ 200</math> <math>700\% + 550\% + 110\% = 27\ 200</math> <math>1360\% \text{ (bekend)} = 27\ 200 \text{ (bekend)}</math></div> <div>MAAK GEBRUIK VAN DIE FORMULE:</div> <div>ONBEKEND is die bedrag vooruit betaal, en BEKEND is die totale huur ontvang received</div> <div><math display="block">\frac{\text{Onbekend \%}}{\text{Bekend \%}} \times \frac{27\ 200}{1} = R2\ 200 \text{ vooruitontvang}</math><p>Of <math>27\ 200 - 2\ 200 = R25\ 000</math> huurinkomste vir die jaar.</p></div>	Finansiële jaar											vooraf bet.	1 Mar	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	1 Okt	Nov	Des	Jan	Feb	100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%	110%	110%	110%	110%	110%
Finansiële jaar											vooraf bet.																											
1 Mar	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	1 Okt	Nov	Des	Jan	Feb																											
100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%	110%	110%	110%	110%	110%																											
Uitwerking op die finansiële state		<table><tr><td><b>Inkomstestaat</b></td><td><b>Balansstaat</b></td></tr><tr><td>Huurinkomste (27 200 – 2 200)</td><td>Nota 9: Inkomste vooruitontvang R2 200</td></tr></table>	<b>Inkomstestaat</b>	<b>Balansstaat</b>	Huurinkomste (27 200 – 2 200)	Nota 9: Inkomste vooruitontvang R2 200																																
<b>Inkomstestaat</b>	<b>Balansstaat</b>																																					
Huurinkomste (27 200 – 2 200)	Nota 9: Inkomste vooruitontvang R2 200																																					

4	Aanpassing (lae vlak)	Bv. die totale bedrag ontvang deur die jaar is R22 800. Neem in ag dat die huur met 10% verhoog het van 1 Oktober 2013 en die huurder het nog nie die huur vir Februarie 2014 betaal nie.																																							
	Berekening	<div>Trek 'n TYDLYN om die huur vir die jaar en die huur wat vooruit betaal is, te bepaal.</div> <table><tr><th colspan="12">Finansiële jaar</th><th>opgeloop</th></tr><tr><td>1 Mar</td><td>Apr</td><td>Mei</td><td>Junie</td><td>Julie</td><td>Aug</td><td>Sept</td><td>1 Okt</td><td>Nov</td><td>Des</td><td>Jan</td><td>Feb</td><td>Mar</td></tr><tr><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>110%</td><td>110%</td><td>110%</td><td>110%</td><td>110%</td><td>110%</td></tr></table> <div>BEREKENING: <math>(100\% \times 7) + (110\% \times 4) = 22\ 800</math> <math>700\% + 440\% = 22\ 800</math> <math>1140\% = 22\ 800</math></div> <div>GEBRUIK DIE FORMULE: ONBEKEND is die opgelope bedrag, en BEKEND is die totale huur ontvang</div> <div><math display="block">\frac{\text{Onbekend \%}}{\text{Bekend \%}} \times \frac{22\ 800}{1} = R2\ 200 \text{ opgelope inkomste}</math><p>Of <math>22\ 800 + 2\ 200 = R25\ 000</math> huurinkomste vir die jaar.</p></div>	Finansiële jaar												opgeloop	1 Mar	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	1 Okt	Nov	Des	Jan	Feb	Mar	100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%	110%	110%	110%	110%	110%	110%
Finansiële jaar												opgeloop																													
1 Mar	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	1 Okt	Nov	Des	Jan	Feb	Mar																													
100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%	110%	110%	110%	110%	110%	110%																													
	Uitwerking op die finansiële state	<table><tr><td><b>Inkomstestaat</b></td><td><b>Balansstaat</b></td></tr><tr><td>Huurinkomste (22 800+ 2 200)</td><td>Nota 5: Opgelope inkomste R2 200</td></tr></table>	<b>Inkomstestaat</b>	<b>Balansstaat</b>	Huurinkomste (22 800+ 2 200)	Nota 5: Opgelope inkomste R2 200																																			
<b>Inkomstestaat</b>	<b>Balansstaat</b>																																								
Huurinkomste (22 800+ 2 200)	Nota 5: Opgelope inkomste R2 200																																								

5	Aanpassing (lae vlak)	Bv. die totale bedrag ontvang deur die jaar is R22 800. Neem in ag dat die huur met 10% op 1 Oktober 2013 VERMINDER het en die huurder het nog nie die huur vir Februarie 2014 betaal nie.																																													
	Berekening	<div>Trek 'n TYDLYN om die huur vir die jaar en die opgelope huur te bepaal.</div> <table><tr><th colspan="11">Finansiële jaar</th><th>opgeloop</th></tr><tr><td>1 Mar</td><td>Apr</td><td>Mei</td><td>Junie</td><td>Julie</td><td>Aug</td><td>Sept</td><td>1 Okt</td><td>Nov</td><td>Des</td><td>Jan</td><td>Feb</td></tr><tr><td>100%</td><td><del>100%</del></td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>100%</td><td>90%</td><td>90%</td><td>90%</td><td>90%</td><td>90%</td></tr></table> <div><p>BEREKENING:</p><div><div><math>(100\% \times 7) + (90\% \times 4) = 22\ 800</math></div><div><math>700\% + 360\% = 1060\%</math></div><div><math>1060\% = 27\ 200</math></div></div><p>GEBRUIK DIE FORMULE:</p><div><div><div><div>Onbekend %</div><div>Bekend %</div></div><div>ONBEKEND is die (%) opgelope bedrag, en BEKEND is die totale huur ontvang (%)</div><div><math>\frac{90\%}{1360\%} \times \frac{22\ 800}{1} = \text{R2 200 opgelope inkomste}</math></div><div>Of <math>22\ 800 - 2\ 200 = \text{R25 000 huurinkomste vir die jaar.}</math></div></div></div></div> <tr><td></td><td>Uitwerking op die finansiële state</td><td><table><tr><td><b>Inkomstestaat</b></td><td><b>Balansstaat</b></td></tr><tr><td>Huurinkomste (22 800 + 2 200)</td><td>Nota 5: Opgelope inkomste</td></tr><tr><td>R25 000</td><td>R2 200</td></tr></table></td></tr>	Finansiële jaar											opgeloop	1 Mar	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	1 Okt	Nov	Des	Jan	Feb	100%	<del>100%</del>	100%	100%	100%	100%	100%	90%	90%	90%	90%	90%		Uitwerking op die finansiële state	<table><tr><td><b>Inkomstestaat</b></td><td><b>Balansstaat</b></td></tr><tr><td>Huurinkomste (22 800 + 2 200)</td><td>Nota 5: Opgelope inkomste</td></tr><tr><td>R25 000</td><td>R2 200</td></tr></table>	<b>Inkomstestaat</b>	<b>Balansstaat</b>	Huurinkomste (22 800 + 2 200)	Nota 5: Opgelope inkomste	R25 000	R2 200
Finansiële jaar											opgeloop																																				
1 Mar	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	1 Okt	Nov	Des	Jan	Feb																																				
100%	<del>100%</del>	100%	100%	100%	100%	100%	90%	90%	90%	90%	90%																																				
	Uitwerking op die finansiële state	<table><tr><td><b>Inkomstestaat</b></td><td><b>Balansstaat</b></td></tr><tr><td>Huurinkomste (22 800 + 2 200)</td><td>Nota 5: Opgelope inkomste</td></tr><tr><td>R25 000</td><td>R2 200</td></tr></table>	<b>Inkomstestaat</b>	<b>Balansstaat</b>	Huurinkomste (22 800 + 2 200)	Nota 5: Opgelope inkomste	R25 000	R2 200																																							
<b>Inkomstestaat</b>	<b>Balansstaat</b>																																														
Huurinkomste (22 800 + 2 200)	Nota 5: Opgelope inkomste																																														
R25 000	R2 200																																														



## Uitgewerkte voorbeeld 2

Voorbeeld aangepas uit November 2011 NSS-eksamenvraestel

Gevra

Stel die Inkomstestaat op vir die jaar geëindig 30 Jun 2011.

### Inligting

#### 1. ANEESA BPK

#### VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS SOOS OP 30 JUNIE 2011

	DEBIET	KREDIET
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING	R	R
Gewone aandelekapitaal		2 820 000
Behoue inkomste		684 460
Verbandlening: Joy Bank		804 500
Grond en geboue	2 097 000	
Voertuie	814 000	
Toerusting	616 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		294 800
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		341 000
Handelsvoorraad	955 000	
Verbruiksgoedere voorhande	15 000	
Bank	313 100	
Kleinkas	3 300	
Debiteurekontrole	396 000	
Krediteurekontrole		487 300
SAID (inkomstebelasting)	261 800	
Voorsiening vir oninbare skulde		18 000
Vaste deposito: Broad Bank (8% p.j.)	495 000	

Hierdie bedrag is die voorlopige belastingbetalings

Onthou om debiteure-afslag van verkope af te trek.

Hierdie is die tussentydse dividend. MOENIE dit op die inkomstestaat insluit nie!

NOMINALE REKENINGE-AFDELING		
Verkope		10 500 000
Debiteure-afslag	145 200	
Koste van verkope	7 487 000	
Huurinkomste		176 880
Rente-inkomste (op vaste deposito)		26 630
Oninbare skulde verhaal		2 300
Direkteursfooie	840 000	
Ouditfooie	73 800	
Salarisse en lone	660 000	
Verpakkingsmateriaal	23 100	
Bemarkingsuitgawes	480 000	
Diverse uitgawes	63 770	
Oninbare skulde	12 000	
Dividende op gewone aandele	404 800	
	16 155 870	16 155 870

## 2. Aansuiwerings

- A. 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2011 het die volgende voorrade voorhande getoon:
- |                      |          |
|----------------------|----------|
| Handelsvoorraad      | R902 150 |
| Verpakkingsmateriaal | R4 260   |
- B. Direkteursfooie van R22 500 is uitstaande aan die einde van die finansiële tydperk.
- C. Maak voorsiening vir uitstaande rente op 'n vaste deposito. Hierdie belegging bestaan reeds die hele jaar. Rente word nie gekapitaliseer nie.
- D. 'n Debiteur wat ons R32 000 skuld, word insolvent verklaar. Sy boedel betaal 40 sent in elke rand, wat korrek opgeteken is. Die oorblywende bedrag moet as oninbaar afgeskryf word.
- E. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van debiteure aangesuiwer word.
- F. Die huur sluit R14 520 vir Julie 2011 in. Suiwer hiervolgens aan.
- G. Maak voorsiening vir waardevermindering soos volg:
- Voertuie teen 15% p.j. op kosprys
  - Toerusting teen 10% p.j. op die verminderdesaldo-metode
  - Nuwe toerusting ter waarde van R48 000 is op 1 September 2010 aangekoop. Dit is korrek opgeteken.
- H. Die leningstaat wat op 30 Junie 2011 van Joy Bank ontvang is, toon die volgende:

	R
Saldo aan die begin van die finansiële jaar	1 125 000
Terugbetalings gedurende die jaar	458 000
Rente gekapitaliseer	?
Saldo aan die einde van die finansiële jaar	804 500

Die totale rente is deel van die terugbetaling gedurende die jaar.

**Gekapitaliseer** beteken dat die rente by die lening bygetel word.

- I. Inkomstebelasting vir die jaar, R150 285.

**Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 2****1. ANEESA BPK: INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2011**

	Verkope (10 500 000 ✓ - 145 200 ✓)	✓	1 035 800
	Koste van verkope (7 487 000)	✓	(7 487 000)
	Bruto wins	✓	2 867 800
	Ander bedryfsinkomste	✓	164 660
<b>F</b>	Ander bedryfsinkomste (176 880 ✓ - 14 520 ✓ ✓)	✓	162 360
	Oninbare skulde verhaal (2 300)	✓	2 300
	Bruto bedryfsinkomste		3 032 460
	Bedryfsuitgawes	✓	(2 392 600)
<b>B</b>	Direkteursfooie (840 000 ✓ + 22 500 ✓)	✓	862 500
	Ouditfooie (73 800)	✓	73 800
	Salarisse en lone (660 000)	✓	660 000
<b>A</b>	Verpakkingsmateriaal (23 100 ✓ - 4 260 ✓)	✓	18 840
	Bemarkingsuitgawe (480 000)	✓	480 000
	Diverse uitgawes (63 770)	✓	63 770
<b>D</b>	Oninbare skulde (12 000 ✓ + 19 200 ✓ ✓)	✓	31 200
<b>E</b>	Voorsiening vir oninbareskulde-aansuiwering (18 840 ✓ - 18 000 ✓)	✓	840
<b>G</b>	Waardevermindering V: 122 100 ✓ T: 4 000 ✓ + 22 700 ✓ ✓	✓	148 800
<b>A</b>	Handelsvoorraadtekort	✓ ✓	52 850
	Bedryfswins	✓	639 860
<b>C</b>	Rente-inkomste ✓ (26 630 ✓ + 12 970 ✓)	✓	39 600
	Wins voor rente-uitgawe /finansieringskoste ✓	✓	679 460
<b>H</b>	Rente-uitgawe /finansieringskoste ✓ (458 000 + 804 500 - 1 125 000) or (1 125 000 ✓ - 458 000 ✓ - 804 500 ✓)	✓	(137 500)
	Wins voor belasting	✓	541 960
<b>I</b>	Inkomstebelasting ✓	✓	(150 285)
	Netto wins na belasting	✓	391 675

**FORMAAT**

Dit is BAIE belangrik dat jy die formaat van die Inkomstestaat ken!

Hierdie is die totaal van die bedryfsuitgawes. ONTHOU om dit van bruto bedryfsinkomste af te trek.

Toon altyd jou bewerkings tussen hakies vir 'n deel van die punte.

**FORMAAT**

Let op waar hierdie 3 items op die Inkomstestaat verskyn.

[52]

Die letters in hierdie kolom verwys na die verduidelikings op die volgende bladsy.



## 2. Verduidelikings van elke aansuiwering

A.	<p><b>Handelsvoorraad:</b></p> <p>Die fisiese voorraadopname van R902 150 is minder as die bedrag in die vooraansuiweringsproefbalans van R955 000. Dit beteken dat daar 'n handelsvoorraadtekort van R52 850 (R955 000 – R902 150) is.</p> <p>Handelsvoorraadtekort = uitgawe-item op Inkomstestaat</p> <p><b>Verpakkingsmateriaal:</b></p> <p>Die bedrag voorhande word van die vooraansuiweringsproefbalansbedrag afgetrek.</p>																					
B.	Direkteursfooie is uitstaande en daarom word dit by die vooraansuiweringsbedrag bygetel.																					
C.	Rente op vaste deposito = R495 000 × 8% = R39 600 vir die jaar. Die verskil moet by die vooraansuiweringsyfer getel word.																					
D.	<p><b>Berekening van oninbare skulde:</b></p> <p>Die boedel het 40 sent betaal, daarom moet 60 sent in elke rand afgeskryf word. R32 000 x 0,6 = R19 200. Dit moet by die vooraansuiweringsyfer bygetel word.</p>																					
E.	<p>Voorsiening vir die berekening van oninbareskulde-aansuiwering.</p> <p>Bereken finale debiteurebedrag deur aansuiwering <b>D</b> in berekening te bring: R396 000 – R19 200 = R376 800 5% van R376 800 = R18 840</p> <p>Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R18 840 aangesuiwer word. Dit is tans R18 000. Die bedrag van R840 waarmee dit aangepas moet word, moet in die Inkomstestaat as 'n uitgawe getoon word.</p>																					
F.	Huur is vooruitontvang en dus moet dit van die vooraansuiweringsbedrag afgetrek word.																					
G.	<p>Waardevermindering op voertuie: 814 000 × 15% = <u>R122 100</u></p> <p><b>Waardevermindering op toerusting:</b></p> <p><b>Nuwe toerusting</b></p> <p>Aangekoop op 1 September. Die koste van die nuwe toerusting moet van die toerustingsaldo afgetrek word. R616 000 – R48 000 = R568 000 10% van R48 000 × 10 ÷ 12 = <u>R4 000</u></p> <p><b>Ou toerusting</b></p> <p>Deur die verminderdesaldo-metode te gebruik, trek die opgehoopde waardevermindering van die kosprys af (uitsluitende die nuwe toerusting) om die drawaarde te bepaal. R568 000 – R341 000 = R227 000 10% van R227 000 = <u>R22 700</u></p> <p><b>Waardevermindering word as 'n uitgawe in die Inkomstestaat getoon:</b> R122 100 + R22 700 + R4 000 = R148 800</p>																					
H.	<table><tr><td rowspan="5">Om die ontbrekende syfer op die leningstaat te bereken: R1 125 000 – R458 000 – R804 500 = – R137 500. <b>OF</b> Rente op lening = 137 500</td><td colspan="4"><b>LENING: JOY BANK</b></td></tr><tr><td>Bank KBJ</td><td>458 000</td><td>Saldo a/b</td><td>1 125 000</td></tr><tr><td>Saldo o/d</td><td><u>804 500</u></td><td>Ren op len AI</td><td><b>137 500</b></td></tr><tr><td></td><td><u>1 262 500</u></td><td></td><td><u>1 262 000</u></td></tr><tr><td></td><td></td><td>Saldo a/b</td><td>804 500</td></tr></table>	Om die ontbrekende syfer op die leningstaat te bereken: R1 125 000 – R458 000 – R804 500 = – R137 500. <b>OF</b> Rente op lening = 137 500	<b>LENING: JOY BANK</b>				Bank KBJ	458 000	Saldo a/b	1 125 000	Saldo o/d	<u>804 500</u>	Ren op len AI	<b>137 500</b>		<u>1 262 500</u>		<u>1 262 000</u>			Saldo a/b	804 500
Om die ontbrekende syfer op die leningstaat te bereken: R1 125 000 – R458 000 – R804 500 = – R137 500. <b>OF</b> Rente op lening = 137 500	<b>LENING: JOY BANK</b>																					
	Bank KBJ		458 000	Saldo a/b	1 125 000																	
	Saldo o/d		<u>804 500</u>	Ren op len AI	<b>137 500</b>																	
			<u>1 262 500</u>		<u>1 262 000</u>																	
			Saldo a/b	804 500																		
I.	Inkomstebelasting vir die jaar word van die netto wins voor belasting afgetrek.																					



Alle voor-aansuiweringsproefbalansyfers is in **vetdruk** op die Inkomstestaat ingeskryf voordat die aansuiwerings ingeskryf is.

**LET OP ASSEBLIEF:**  
 Waardevermindering is normaalweg 'n ingewikkelde berekening, wat beide voertuie en toerusting affekteer. Om hierdie rede word baie punte aan die waardeverminderingssyfer toegeken. Toon al jou bewerkings sodat, al is een of twee van jou bedrae verkeerd, jy nog steeds punte kry vir jou berekeninge wat wel reg is.



A black and white line drawing of a young man sitting at a desk. He is wearing a light-colored shirt, a striped tie, and trousers. He is looking down at an open book on the desk with a stressed expression, his hands pressed against his temples. A speech bubble is visible above his head, indicating he is speaking or thinking. The drawing is simple, with bold lines and no shading.

**ANEESA BPK: INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2011**

	Verkope	
	Koste van verkope	
	Bruto wins	
	Ander bedryfsinkomste	
	Bruto bedryfsinkomste	
	Bedryfsuitgawes	
	Bedryfswins	
	Wins voor belasting	
	Netto wins na belasting	

## 32 HOOFTUK 2 MAATSKAPPE



## Uitgewerkte voorbeeld 3



### Balansstaat en notas

Gebruik die volgende stappe om 'n Balansstaat op grond van gegewe inligting op te stel:

1. Skryf die syfers vanaf die gegewe inligting op die antwoordblad langs die besonderhede neer.
2. Lees die addisionele inligting:
  - a) Indien nodig, bereken die aansuiweringsbedrag.
  - b) Besluit watter rekening gedebiteer moet word en watter rekening gekrediteer moet word.
  - c) Op jou antwoordblad, toon 'n (+) of 'n (–) in verband met elke item langs die vooraansuiweringsyfer wat alreeds ingeskryf is.
3. Wanneer al die addisionele inligting in ag geneem is, bereken die finale syfers en skryf hulle in die kolom in.

Kyk na die formaat wat vir jou gegee is. Merk jy enige ontbrekende besonderhede op? Vul dit nou in. **HIERDIE IS MAKLIKE PUNTE!**



## Oefenaktiwiteit 3

### Voorbeeld aangepas uit November 2009 NSS-eksamenvraestel

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Qwando Beperk vir die finansiële jaar geëindig 30 Jun 2011.

1. Stel die nota vir Behoue Inkomste op. [18]
2. Stel die Balansstaat soos op 30 Junie 2011 op. [36]

### Inligting

1. Die volgende syfers is geneem uit die rekeningkundige rekords vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2011.

	R
Gewone aandeelkapitaal (sien inligting 2 hieronder)	2 400 000
Behoue inkomste (op 1 Julie 2010)	738 000
Aandeelhouers vir dividende (sien inligting 4 hieronder)	?
Vaste deposito by Supa Bank (sien inligting 5 hieronder)	60 000
Verbandlening van Supa Bank (sien inligting 7 hieronder)	?
Vaste/tasbare bates (boekwaarde)	3 881 000
Debiteurekontrole	45 000
Krediteurekontrole	85 200
Krediteure vir salarisse	12 300
Voorsiening vir oninbare skulde (sien inligting 6 hieronder)	?
SAID (Inkomstebelasting – voorlopige belastingbetalings)	400 000
SAID (LBS)	6 650
Uitgawes betaalbaar (opgeloop)	7 200
Inkomste ontvangbaar (opgeloop)	7 950
Bank (gunstige saldo)	168 450
Handelsvoorraad	129 600
Verbruiksgoedere voorhande	5 600



Gebruik die **uitgereikte** aandele om die dividende te bereken.

## 2. Aandele

- Daar was 700 000 aandele aangebied aan die begin van die finansiële jaar.
- Op 1 Januarie 2011 is 100 000 gewone aandele aan die publiek uitgereik teen R3,80 per aandeel. Dit is korrek opgeteken en in die bostaande syfers ingesluit.
- Op 1 Junie 2011 is 40 000 aandele van 'n aandeelhouer teruggekoop teen R4,50 per aandeel. 'n Direkte oordrag is aangeteken van die Bankrekening, maar geen inskrywing is in die boeke gedoen nie.

3. Die netto wins voor belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 is as R1 250 000 bereken. Geen inskrywing is vir inkomstebelasting teen 'n koers van 30% van die netto wins gemaak nie.

4. Dividende was soos volg:

- Tussentydse dividende van 20 sent per aandeel is op 31 Desember 2010 betaal.
- Finale dividende van 35 sent per aandeel is op 30 Junie 2011 verklaar. Alle aandeelhouers op die datum kwalifiseer vir dividende.

5. Een derde van die totale vaste deposito verval op 31 Augustus 2011.

6. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van debiteure aangesuiwer word.

7. Die leningstaat van Supa Bank op 30 Junie 2011 toon die volgende:

SUPA BANK	
LENINGSTAAT OP 30 JUNIE 2011	
Saldo op 1 Julie 2010	384 000
Rente gehef	57 600
Maandelikse paaiemente in terme van die leningsooreenkoms (12 × R8 800) (Hierdie maandelikse terugbetalings sluit rente en die kapitaal terugbetalings op die lening in)	105 600
Saldo op 30 Junie 2011	336 000

Die maandelikse kapitaal-terugbetalings op die lening sal **konstant bly** totdat die lening ten volle op 30 Junie 2019 terugbetaal is.

## Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 3

	BEHOUE INKOMSTE	R
	Saldo op die laaste dag van die vorige jaar	✓738 000
3	Netto wins vir die tydperk✓ (1 250 000 – 30%)	✓✓ 875 000
2	Behoue inkomste van 40 000 teruggekoopte aandele (40 000 × R1,50)	✓✓ (60 000)
	Gewone aandele dividende✓	✓(406 000)
4	Betaal✓ (tussentyds) (700 000✓✓ aandele × 20c✓)	✓(140 000)
2 & 4	Aanbeveel✓ (finaal) (760 000✓ × 35c✓)	✓266 000
	Saldo op die laaste dag van die huidige jaar	✓1 147 000

[16]

**Totale** dividende (tussentydse en finaal) word hier getoon

**QWANDO BEPERK**

BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2011

**FORMAAT**

Dit is BAIE belangrik om die formaat van die Balansstaat en notas te ken!

Vaste bates word altyd teen die boekwaarde op die Balansstaat aangedui.

Bedrag deur die SAID aan die onderneming verskuldig. Dit impliseer dat die besigheid te veel belasting aan die SAID betaal het.


Indien die notas nie gevra word nie, toon al jou bewerkings tussen hakies op die Balansstaat.



Hierdie is die **finale** dividend aan die einde van die jaar verklaar.

	<b>BATES</b>	
	<b>NIE-BEDRYFSBATES</b>	3 921 000
	Vaste/tasbare bates	✓3 881 000
	Finansiële bates	
5	Vaste deposito: Supa Bank (60 000✓ - 20 000✓)	✓40 000
	<b>BEDRYFSBATES</b>	✓219 350
	Voorraad (129 600✓ + 5 600✓)	✓135 200
6	Handels- en ander ontvangbare bedrae (45 000✓ + 7 950✓ - 2 250✓ + 25 000✓)	✓75 700
5	Kontant en kontantekwivalente (168 450✓ + 20 000 ✓ -120 000 -60 000)	✓8 450
	<b>TOTALE BATES</b>	✓4 140 350
	<b>EKWITEIT EN LASTE</b>	
	<b>KAPITAAL EN RESERWES</b>	✓3 427 000
2	Gewone aandelekapitaal (2 400 000 - 120 000)	✓2 280 000
2	Behoue inkomste (sien nota op vorige bladsy)	✓1 147 000
	<b>NIE-BEDRYFSLASTE</b>	288 000
7	Verbandlening: Supa Bank (336 000✓ - 48 000✓)	288 000
	<b>BEDRYFSLASTE</b>	✓425 350
	Handels- en ander betaalbare bedrae (85 200✓ + 12 300✓ + 6 650✓ + 7 200✓)	✓111 350
4	Aandeelhouers vir dividende	✓✓266 000
7	Korttermynlening	✓✓48 000
	<b>TOTALE EKWITEIT EN LASTE</b>	✓4 140 350

[38]



Die nommers in hierdie kolom verwys na die verduidelikings op die volgende bladsy.



Alle gegewe syfers in inligting 1 (sien bladsy 17) is in vetgedrukte syfers op die Balansstaat op bladsy 19 ingeskryf voordat die inligting 2 tot 7 ingeskryf is.

Onthou dat daar 'n verandering in die uitgereikte aandeelkapitaal gedurende die jaar was, en die resultaat is dat dit met 100 000 toegeneem het.

### Verduidelikings vir elke aansuiwering

2.	<p><b>Aandele:</b></p> <p>Die nuwe aandele uitgereik, is korrek opgeteken. Terugkoop van 40 000 aandele teen R4,50 per aandeel. Die gewone aandeelkapitaal moet verlaag word deur die gemiddelde aandeelprys (<math>2\,400\,000 \text{ aandele} \div 800\,000 \text{ aandele} = R3,00</math>). Die Behoue Inkomsterekening sal verminder word met die verskil tussen die terugkoopprys en die gemiddelde prys (<math>R4,50 - R3,00 = R1,50 \times 40\,000 \text{ aandele}</math>)</p>
3.	<p>Netto wins na belasting moet bereken word deur die inkomstebelasting van die netto wins voor belasting af te trek. Dit moet in die behoue-inkomstennota opgeteken word.</p> <p>Belastingberekening = <math>R1\,250\,000 \times 30\% = R375\,000</math>.</p> <p>Netto wins na belasting = <math>R1\,250\,000 - R375\,000 = R875\,000</math>.</p>
4.	<p><b>Dividende:</b></p> <p>Berekening van tussentydse dividende betaal = <math>700\,000 \times 20 \text{ sent} = R140\,000</math></p> <p>Berekening van finale dividende verklaar = <math>800\,000 - 40\,000</math> teruggekoop = 760 000</p> <p>Finale dividend = <math>760\,000 \times 35 \text{ sent} = R266\,000</math></p> <p>Totale dividende = <math>R140\,000 + R266\,000 = R406\,000</math></p>
5.	<p><b>Berekening van korttermyngedeelte van vaste deposito:</b></p> <p>Die gedeelte van die vaste deposito wat binne die volgende 12 maande ontvang sal word, moet van finansiële bates afgetrek word en onder kontant en kontantekwivalente op die Balansstaat getoon word. (<math>1/3 \text{ van } R60\,000 = R20\,000</math>)</p>
6.	<p><b>Voorsiening vir oninbare skulde word bereken teen 5% van debiteurekontrole:</b></p> <p>5% van <math>R45\,000 = R2\,250</math>.</p> <p>Voorsiening vir oninbare skulde moet van handels- en ander ontvangbare bedrae afgetrek word.</p>
7.	<p><b>Terugbetalings van die kapitaalbedrag van die lening wat in die volgende 12 maande gemaak sal word, moet van die nie-bedryfslaste afgetrek word en onder bedryfslaste as 'n korttermynlening getoon word.</b></p> <p><math>R105\,600 \text{ (totale terugbetalings)} - R57\,600 \text{ (rente)} = R48\,000</math> (kapitaalgedeelte van terugbetalings vir die jaar)</p>

## Oefenaktiwiteit 3 (vervolg)

	BEHOUE INKOMSTE		R
	Saldo op die laaste dag van die vorige jaar		
	Saldo op die laaste dag van die huidige jaar		

QWANDO BEPERK BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2011		
	<b>BATES</b>	
	<b>NIE-BEDRYFSBATES</b>	
	Vaste/tasbare bates	
	Finansiële bates	
	Vaste deposito: Supa Bank	
	<b>BEDRYFSBATES</b>	
	<b>TOTALE BATES</b>	
	<b>EKWITEIT EN LASTE</b>	
	<b>GEWONE AANDEELHOUERSBELANG</b>	
	<b>NIE-BEDRYFSLASTE</b>	
	Verbandlening: Supa Bank	
	<b>BEDRYFSLASTE</b>	
	<b>TOTALE EKWITEIT EN LASTE</b>	

[38]

Gebruik hierdie blanko Balansstaat om die voorbeeld weer op jou eie te oefen. Nadat jy die taak voltooi het, vergelyk jou antwoord met die uitgewerkte voorbeeld op die vorige bladsy.





## 'n Paar belangrike notas tot die Finansiële State



### FORMAAT

Dit is BAIE

belangrik om die formaat van die notas tot die Finansiële State te ken. 'n Paar van hulle word hieronder verduidelik.

	TASBARE/VASTE BATES	GROND & GEBOUE	VOERTUIE	TOTAAL
$A - B = C$	Drawaarde aan die begin van jaar	C	C	C
	Kosprys	A	A	A
	Opgehoopte waardevermindering	(B) = 0	(B)	(B)
	Bewegings			
	Toevoegings	D	D	D
	Vervreemdings teen drawaarde	(E)	(E)	(E)
WAARDE-VERMINDERING WORD NIE OP GROND EN GEBOUE AFGESKRYF NIE. 'n Nul sal <b>altid</b> in hierdie blokke getoon word.	Waardevermindering	(F) = 0	(F)	(F)
	Drawaarde aan die einde van jaar	J	J	J
	Kosprys	H	H	H
	Opgehoopte waardevermindering	(I) = 0	(I)	(I)

$C + D - E - F = J$   
OF  
 $H - I = J$

Die totale drawaarde word na die Balansstaat oorgedra.

HANDELS- & ANDER ONTVANGBARE BEDRAE	
Netto handelsdebiteure	M
Handelsdebiteure	K
Voorsiening vir oninbare skulde	(L)
SAID (inkomstebelasting)	N
Uitgawes vooruitbetaal	O
Opgelope inkomste (ontvangbaar)	P
	Q

$K - L = M$

Bedrag te veel aan SAID betaal

$M + N + O + P = Q$   
 Dra Q oor na die bedryfsbates afdeling in die Balansstaat.

HANDELS- & ANDER BETAALBARE REKENINGE	
Handelskrediteure	R
Opgelope uitgawes (betaalbaar)	S
Inkomste vooruitontvang	T
Aandeelhouders vir dividende	U
SAID (inkomstebelasting)	V
Krediteure vir salarisse	W
Werkloosheidsversekeringsfonds	X
Pensioenfonds	Y
Mediese fonds	Z
	AA

Dividend verklaar, maar nog nie betaal nie (finale dividend)

Bedrag aan SAID verskuldig

Bruto salarisse minus aftrekkings

Aftrekkings + bydrae

AA: Totaal na bedryfslaste-afdeling van die Balansstaat oorgedra

## 2.4 Kontantvloeistate

### Doel van 'n Kontantvloeistaat

Die Inkomstestaat toon die resultate van die onderneming se bedrywighede (netto wins). Die Balansstaat toon die finansiële posisie van die besigheid op 'n spesifieke dag (d.i. die waarde van die besigheid).

Hierdie twee state toon nie waar die besigheid sy fondse vandaan kry of hoe die fondse gebruik word nie.

Die Kontantvloeistaat word vir hierdie doel opgestel deur aan te toon waar die fondse vandaan kom en hoe dit gebruik word.

### Basiese begrippe en terminologie



Kontantvloeistate fokus op alle aspekte van

**KONTANT** in 'n besigheid.

Onthou, **KONTANT IS KONING** as dit kom by kontantvloeistate.

Begrip	Omskrywing
<b>Kontantinvloei</b>	Geld wat in die besigheid inkom. Hierdie bedrag word <b>NIE</b> tussen hakies geskryf nie (bv. aandele verkoop).
<b>Kontantuitvloei</b>	Geld wat uit die besigheid uitgaan. Hierdie bedrag <b>WORD</b> tussen hakies geskryf (bv. koop 'n vaste bate vir kontant).

Al die inligting wat nodig is om die Kontantvloeistaat en notas op te stel, kan in die Inkomstestaat, Balansstaat en notas gevind word.



### Uitgewerkte voorbeeld 4

Voorbeeld: Voorbereiding van die Kontantvloeistaat



Sekere syfers is vir jou op die antwoordblad ingeskryf (in **vetdruk**). Verwys na addisionele inligting hieronder om die ontbrekende syfers A tot L te bereken.

### Oefenaktiwiteit 4

Stel die Kontantvloeistaat op (alle relevante notas is vir jou gedoen).

(15)

Onthou, ons kyk na die vloei van kontant. Dit beteken dat jy die **verskil** tussen **hierdie jaar** en die  **vorige jaar** se syfers sal moet bereken om die syfers wat in die Kontantvloeistaat ingeskryf moet word, te bereken.

**Addisionele Inligting**  
Uittreksel van Balansstaat

	2012	2011	Vloei van kontant	
Gewone aandelekapitaal	R471 600	R410 000	** sien nota hieronder	
Behoue inkomste	R10 400	R9 000	Dit het geen effek op die Kontantvloeistaat nie.	
Vaste deposito	R28 000	R23 000	(R5 000)	(Uitvloei)
Lening van Beta Bank (rente word nie gekapitaliseer nie)	R74 000	R80 000	(R6 000)	(Uitvloei)
Bank	R35 300	R10 040	R25 260	Invloei
Wisselgeld	R2 000	R2 000	R0	Geen verandering

\*\* Gedurende die jaar het die volgende transaksies ten opsigte van aandelekapitaal plaasgevind

- 8 000 aandele is uitgereik en die maatskappy het R79 600 van aandeelhouders ontvang.
- 3 000 aandele teruggekoop teen 820 sent per aandeel.

## Notas tot die Kontantvloeistaat

Nota 1: Rekonsiliasie van wins voor belasting en kontant gegenereer uit bedrywighede:

	R
Wins <b>voor</b> belasting	30 000
Aansuiwerings ten opsigte van	21 200
Waardevermindering	12 000
Rente-uitgawe	9 200
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	51 200
Veranderinge in bedryfskapitaal	5 000
(Toename)/Afname in voorraad	(3 000)
(Toename)/Afname in debiteure	5 600
Toename/(Afname) in krediteure	2 400
<b>Kontant gegenereer uit bedrywighede</b>	<b>56 200</b>

Maak seker dat jy die wins voor belasting uit die Inkomstestaat gebruik. Indien wins na belasting gegee is, onthou om die belasting by te tel.

Hierdie syfers word **DIREK** vanaf die Inkomstestaat geneem en by die wins voor belasting **BYGETEL** om jou die bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal te gee. Onthou ook dat waardevermindering NIE 'n kontantuitgawe is nie.

Verskil tussen verlede jaar en hierdie jaar se syfers. Onthou om bedrae aan aandeelhouders verskuldig, opgelope rente en bedrae aan SAID verskuldig vir inkomstebelasting uit te sluit.

Plaas hierdie syfer in die Kontantvloeistaat (kontantvloe uit bedryfsaktiwiteite)

Nota 2: Kontant en kontantekwivalente



**AANDAG:**

Let op jou datums! Maak seker jy gebruik die syfers vir die regte jaar.

Netto verandering word bereken as die verskil tussen verlede jaar en hierdie jaar se bedrae.

	Netto verandering	2012	2011
Bank	25 260	35 300	10 040
Wisselgeld	0	2 000	2 000
	25 260	37 300	12 040

Hierdie bedrae kom **DIREK** van kontant en kontantekwivalente op die Balansstaat.

Dra hierdie syfers oor na die Kontantvloeistaat (netto verandering in kontant en kontantekwivalente).



Die notas vir dividende betaal en belasting betaal kan gedoen word deur óf die onderstaande formaat óf die grootboekrekening te gebruik (nie in hierdie vraag gevra nie).



SAID kan 'n debiet- en kredietbalans in die begin en die einde van die jaar hê.

### Nota 3: Dividende betaal

Totale dividende vir die jaar (tussentydse + finaal)	(R10 000)
Bedrag aan die begin van die jaar verskuldig [dt (kt)]	(R4 500)
Bedrag aan die einde van die jaar verskuldig (finaal) [(dt) kt]	R 6000
<b>Dividende betaal</b>	<b>(R8 500)</b>

Hierdie syfer **word tussen hakies getoon** op die Kontantvloeiastaat.

Verlede jaar se bedrag vir aandeelhouders vir dividende. Hierdie syfer **word tussen hakies getoon**.

Hierdie jaar se bedrag vir aandeelhouders vir dividende. Hierdie syfer word **NIE tussen hakies getoon NIE**.

Dit is die totale bedrag hierdie jaar in dividende uitbetaal.

Hierdie bedrag **word tussen hakies in die Kontantvloeiastaat getoon** (kontantvloeit uit bedryfsaktiwiteite).



Voor jy enige vraag oor 'n Kontantvloeiastaat beantwoord, kyk mooi na die gegewe inligting en maak seker of jy notas moet skryf en of jy net bloot jou bewerkings hoef te wys.

### Nota 4: Belasting betaal

Totale belasting vir die jaar	(R13 500)
Bedrag aan die begin van die jaar verskuldig [dt (kt)]	(R1 600)
Bedrag aan die einde van die jaar verskuldig [(dt) kt]	R1 200
<b>Belasting betaal</b>	<b>(R13 900)</b>

Die Inkomstebelasting- syfer vanaf die Inkomstestaat. Hierdie syfer **word tussen hakies getoon**.

Verlede jaar se SAID inkomstebelastingbedrag. Indien die syfer onder **handels- en ander betaalbare rekeninge getoon word, sal dit tussen hakies wees**. Indien die syfer onder **handels- en ander ontvangbare rekeninge getoon word, sal dit nie in hakies wees nie**. [dt (kt)]

Hierdie jaar se SAID inkomstebelastingbedrag. Indien die syfer onder **handels- en ander betaalbare rekeninge getoon word, sal dit nie tussen hakies wees nie**. Indien die syfer onder **handels- en ander ontvangbare rekeninge getoon word, sal dit tussen hakies wees**. [(dt) kt]

Hierdie is die totale bedrag hierdie jaar in belasting uitbetaal. Hierdie syfer **word tussen hakies** op die Kontantvloeiastaat getoon (kontantvloeit uit bedryfsaktiwiteite), aangesien dit die **WERKLIKE** kontant is wat betaal is.

## Kontantvloei staat vir die jaar geëindig ...

	NOTAS	R	
<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>		✓ 24 960	<b>A</b>
Kontant gegenereer uit bedrywighede	1	✓ 56 200	<b>B</b>
Rente betaal		(8 840)	
Dividende betaal	3	✓ (8 500)	<b>C</b>
Inkomstebelasting betaal	4	✓ (13 900)	<b>D</b>
<b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>		✓ (48 700)	<b>E</b>
Aankoop van vaste bates		(48 500)	
Opbrengs uit verkoop van vaste bates		4 800	
Toename in belegging		✓✓ (5 000)	<b>F</b>
Afname in belegging		-	
<b>Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>		✓ 49 000	<b>G</b>
Opbrengs uit aandele uitgereik		✓ 79 600	<b>H</b>
Terugkoop van aandele		(24 600)	<b>I</b>
Opbrengs uit langtermynlenings		-	
Langtermynlenings terugbetaal		✓ (6 000)	<b>J</b>
<b>Netto verandering in kontant en kontantekwivalente</b>	2	✓ 25 260	<b>K</b>
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	2	✓ 12 040	<b>L</b>
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	2	✓ 37 300	<b>M</b>

**Bedryfsaktiwiteite:**

Die grootste bron van kontant vir 'n maatskappy. Dit sluit nie net die koop en verkoop van voorraad in nie, maar ook die betaling aan krediteure, ontvangste van debiteure en die betaling van uitgawes.

**Beleggingsaktiwiteite:**

Hierdie aktiwiteite fokus op die aankoop en verkoop van vaste bates en die styging en daling van beleggings (bv. vaste deposito's).

**Finansieringsaktiwiteite:**

Hoe 'n maatskappy deur lenings en kapitaal gefinansier word:

- Die uitreiking van aandele
- Die terugkoop van aandele
- Die uitneem van 'n lening
- Die terugbetaling van 'n lening

**Sien K, L + M om jou antwoord na te gaan:**

- As albei saldo's gunstig is, trek jy af, bv.  $37\ 300 - 12\ 040 = 25\ 260$ .
- As een saldo 'n oortrekking is, tel dan by, bv.  $M + (L)$ .

Die letters in hierdie kolom verwys na die verduidelikings in die tabel op bladsy 28.



- 'n Oortrekking word in hakies ( ) getoon. Memoriseer die volgende om te bepaal of K inhakies is of nie:

(K)		K
L	of	(L)
(M)		M

[15]

## Verduidelikings van A tot M

A.	Kontant gegeneer uit bedrywighede – rente betaal – dividende betaal – inkomstebelasting betaal = A $R56\,200 - R8\,840 - R8\,500 - R13\,900 = R24\,960$ Invloei    (Uitvloei)    (Uitvloei)    (Uitvloei)    Invloei
B.	Kontant gegeneer uit bedrywighede oorgedra vanaf <b>Nota 1</b> (onder Notas tot die Kontantvloeistaat)
C.	Dividende betaal oorgedra vanaf <b>Nota 3</b> (onder Notas tot die Kontantvloeistaat)
D.	Inkomstebelasting betaal oorgedra vanaf <b>Nota 4</b> (onder Notas tot die Kontantvloeistaat)
E.	Aankoop van vaste bates – opbrengs van verkoop van vaste bates – toename in belegging = E $- R48\,500 + R4\,800 - R5\,000 = - R48\,700$ (Uitvloei)    Invloei    (Uitvloei)    (Uitvloei)
F.	Hierdie syfer kom uit die Uittreksel van die Balansstaat en word bereken deur die verskil tussen hierdie jaar en verlede jaar se syfers te bepaal: $R25\,000 - R20\,000 = R5\,000$ (Uitvloei) <i>Die toename van die vaste deposito is 'n uitvloei, aangesien geld uit die bankrekening na die vastedeposito-rekening gaan.</i>
G.	Opbrengs uit aandele uitgereik – terugkoop van aandele – betaling van langtermynlenings = G $R79\,600 - R24\,600 - R6\,000 = R49\,000$ Invloei    (Uitvloei)    – (Uitvloei)
H.	Uitreik van nuwe aandele: Die bedrag van R79 000 is ontvang (Invloei).
I.	Terugkoop van aandele: $3\,000 \times R8,20 = R24\,600$ (Uitvloei).
J.	Hierdie syfer kom uit die Uittreksel van die Balansstaat en word bereken deur die verskil tussen hierdie jaar en verlede jaar se syfers te bepaal: $R74\,000 - R80\,000 = - R6\,000$ (Uitvloei)
K.	<b>A – E + G = J</b> ( $R24\,960 - R48\,700 + R49\,000 = R25\,260$ ) Om hierdie syfer te verifieer, kontroleer die netto verandering totaal in <b>Nota 2</b> (kontant en kontantekwivalente) onder Notas tot die Kontantvloeistaat.
L.	Hierdie syfer kom uit die Uittreksel van die Balansstaat, en word bereken deur die banksyfer en wisselgeldsyfer van <u>verlede jaar</u> , d.i. 2011, bymekaar te tel. Om hierdie syfer te verifieer, kontroleer die totaal van die banksyfer en wisselgeldsyfer vir 2011 in <b>Nota 2</b> (kontant en kontantekwivalente) onder Notas tot die Kontantvloeistaat.
M.	Hierdie syfer kom uit die Uittreksel van die Balansstaat en word bereken deur die banksyfer en wisselgeldsyfer van <u>hierdie jaar</u> , d.i. 2012, bymekaar te tel. Om hierdie syfer te verifieer, kontroleer die totaal van die banksyfer en wisselgeldsyfer vir 2012 in <b>Nota 2</b> (kontant en kontantekwivalente) onder Notas tot die Kontantvloeistaat.



### Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig ...

	NOTAS	R
<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>		
Kontant gegenereer uit bedrywigheide	1	
Rente betaal		(8 840)
Dividende betaal	3	
Inkomstebelasting betaal	4	
<b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>		
Aankoop van vaste bates		(48 500)
Opbrengs uit verkoop van vaste bates		4 800
Toename in belegging		
Afname in belegging		–
<b>Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>		
Opbrengs uit aandele uitgereik		
Terugkoop van aandele		
Opbrengs uit langtermynlenings		
Langtermynlenings terugbetaal		–
<b>Netto verandering in kontant en kontantekwivalente</b>	2	
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	2	
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	2	



[15]

## 2.5 Ontleding en vertolking van Finansiële State




Maak seker dat jy hierdie aanwysers kan bereken. Die formules is op bladsy 33.

Area van ontleding	Omskrywing	Verwante finansiële aanwysers
Winsgewendheid	Is die maatskappy effektief in sy normale bedrywighede?	% bruto wins op verkope % netto wins op verkope % bedryfsuitgawes op verkope % bedryfswins op verkope % bruto wins op koste van verkope (winsopslag)
Likiditeit	Tot watter mate kan die maatskappy sy onmiddellike skuld (kort termyn) afbetaal?	Bedryfsverhouding Vuurproefverhouding Netto bedryfsbates (netto bedryfskapitaal) Voorraadomsetsnelheid Debiteure-invorderingstermyn Krediteure-betalingstermyn Gemiddelde tydperk waarvoor genoeg voorraad voorhande is
Solvensie	Kan die maatskappy al sy skuld maklik afbetaal?	Solvensieverhouding Netto bates
Opbrengs	Verdien die aandeelhouders 'n redelike regverdige bedrag op hulle belegging?	% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit Verdienste per aandeel Dividende per aandeel Netto batewaarde
Finansiële risiko-hefboom	Tot watter mate word die maatskappy deur lenings (geleende geld) gefinansier in vergelyking met sy kapitaal?	Skuld/ekwiteit-verhouding % opbrengs op totale kapitaal aangewend



**Volg hierdie stappe wanneer jy kommentaar lewer op die finansiële aanwysers:**

1. Oorweeg wat jy gevra word om te ontleed (bv. likiditeit). Besluit op die relevante finansiële aanwyser(s).
2. Noem die finansiële aanwyser(s) deur syfers of verhoudings of persentasies aan te haal.
3. Vergelyk die huidige jaar se aanwyser(s) met dié van die vorige jaar. Sê of dit toeneem of afneem het.
4. Indien moontlik, verskaf 'n algemene kommentaar.





Skryf jou kommentaar puntsgewys eerder as om lang sinne te gebruik.



### Uitgewerkte voorbeeld 5: Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die maatskappy

Finansiële aanwyser	2010	2011
Bedryfsverhouding	1,3 : 1	2,1 : 1
Vuurproefverhouding	0,6 : 1	1,4 : 1

Dit beteken die maatskappy het R2,10 vir elke R1 skuld.

- Bedryfsverhouding ✓ het vanaf 1,3 : 1 tot 2,1 : 1 verbeter. ✓
- Vuurproefverhouding ✓ het verbeter vanaf 0,6 : 1 tot 1,4 : 1. ✓
- Die maatskappy is in 'n goeie likiditeitsposisie en behoort sy korttermynskuld maklik te kan betaal. ✓

[5]

Verdienste per aandeel is die "as": As al die wins na belasting verklaar is as dividende, sou die verdienste 35c per aandeel gewees het. Wat egter "regtig gebeur het" is dat dividendverdienste van slegs 25c per aandeel verklaar is. Die maatskappy behou die verskil en dit word "behoue inkomste" genoem.



### Uitgewerkte voorbeeld 6: Lewer kommentaar op die verdienste per aandeel (VPA) en dividende per aandeel (DPA) van die maatskappy

Finansiële aanwyser	2010	2011
Verdienste per aandeel (VPA)	35c per aandeel	15c per aandeel
Dividende per aandeel (DPA)	25c per aandeel	20c per aandeel

Weer die "as"! As al die wins na belasting verklaar is as dividend, sou die aandeelverdienste 15c per aandeel wees. Die aandeelhouders het egter 20c per aandeel ontvang. Dit beteken dat van die vorige jaar se behoue inkomste gebruik is om die verskil te finansier.

- VPA het afgeneem vanaf 35c tot 15c per aandeel. ✓
- DPA het afgeneem vanaf 25c tot 20c per aandeel. ✓
- In 2010 was die VPA 35c terwyl die DPA slegs 25c per aandeel was, wat beteken dat die maatskappy 10c per aandeel vir toekomstige uitbreiding behou het. ✓✓
- In 2011 was die verdienste slegs 15c per aandeel, maar die aandeelhouders het 20c per aandeel in dividende ontvang, wat beteken dat niks van hierdie jaar se winste behou is nie. ✓✓

[6]



### Uitgewerkte voorbeeld 7: Lewer kommentaar op die skuld-ekwiteit-verhouding van die maatskappy

Finansiële aanwyser	2010	2011
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,6 : 1	0,4 : 1

- Skuld-ekwiteit-verhouding het afgeneem ✓ met 0,2 vanaf 0,6 : 1 tot 0,4 : 1. ✓
- Deur die lening af te betaal, het die maatskappy 'n lae risiko. ✓

[3]



### Uitgewerkte voorbeeld 8: Lewer kommentaar op die persentasie opbrengs op aandeelhouders-ekwiteit (OOAHE) van die maatskappy

Finansiële aanwyser	2010	2011
% opbrengs op aandeelhouersekewiteit (OOAHE)	18%	24%

- OOAHE het verbeter ✓ met 6% vanaf 18% tot 24%. ✓
- Die aandeelhouders behoort tevrede te wees, aangesien 'n opbrengs van 24% hoër is as alternatiewe beleggings ✓ (bv. vaste deposito).

[3]

## Formule: Finansiële Aanwysers



Die formule vir baie van hierdie aanwysers word gegee in die naam van die aanwyser.

Finansiële aanwyser		Hoe dit bereken word – formule	Antwoord getoon
1	Bruto wins op koste van verkope (winsopslag)	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	%
2	Bruto wins op verkope	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	%
3	Bedryfsuitgawes op verkope	$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	%
4	Bedryfswins op verkope	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	%
5	Netto wins na belasting op verkope	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	%
6	Solvensieverhouding	Totale bates : Totale laste	Verhouding (x : 1)
7	Netto bates (aandeelhouersekwhiteit)	Totale bates – Totale laste	Rand
8	Bedryfsverhouding	Bedryfsbates : Bedryfslaste	Verhouding (x : 1)
9	Vuurproefverhouding	(Ontvangste + kontant) : Bedryfslaste <b>OF</b> (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Verhouding (x : 1)
10	Voorraadomsetsnelheid	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	Keer per jaar
11	Tydperk waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is (voorraadhouingstermyn)	$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	Aantal dae
12	Debiteure-invoeringstermyn	$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	Aantal dae
13	Krediteurebetalingstermyn	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	Aantal dae
14	Skuld-ekwhiteit-verhouding	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekwhiteit	Verhouding (x : 1)
15	Opbrengs op ekwhiteit (aandeelhouersekwhiteit)	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit}} \times \frac{100}{1}$	%
16	Opbrengs op totale kapitaal aangewend	$\frac{\text{Netto wins voor belasting} + \text{Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit} + \text{gemiddelde lenings}} \times \frac{100}{1}$	%
17	Verdienste per aandeel ('as')	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	Sent
18	Dividende per aandeel (wat werklik gebeur het)	$\frac{\text{Tussentydse \& finale dividende}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	Sent
19	Netto batewaarde per aandeel (die werklike aandeelwaarde)	$\frac{\text{Aandeelhouersekwhiteit}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	Sent



## ANDER BELANGRIKE FORMULES:

Om die verkoopprijs te bereken (VP):

$$VP = KP \times \frac{100 + \text{winsopslag}}{100}$$

Aandeelhouersekwhiteit =

Gewone aandeelkapitaal  
+ Gewone aandeelpremie  
+ Behoue inkomste

Om die kosprys te bereken (KP):

$$KP = VP \times \frac{100}{100 + \text{winsopslag}}$$



## Uitgewerkte voorbeeld 9

Berekening van finansiële aanwysers (hierdie vraag bevat 'n paar van die basiese finansiële aanwysers wat jou sal help om maklike punte te verdien)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Glebo Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2011.

### Oefenaktiwiteit 4

Gebruik die gegewe inligting om die volgende finansiële aanwysers vir 2011 te bereken. [31]

1. % bruto wins op koste van verkope (winsopslag) ←
2. % netto wins op verkope ←
3. % bedryfswins op verkope ←
4. Bedryfsverhouding ←
5. Vuurproefverhouding
6. Skuld-ekwiteit-verhouding
7. Solvensieverhouding
8. Netto batewaarde per aandeel ←
9. Verdienste per aandeel ←

Hierdie berekeninge gebruik syfers wat SLEGS uit die Inkomstestaat geneem is.

Hierdie berekeninge gebruik syfers wat SLEGS uit die Balansstaat geneem is.

Hierdie berekening gebruik syfers wat uit BEIDE die Inkomstestaat en Balansstaat geneem is.

### Inligting

**Glebo beperk**

#### UITTREKSEL UIT INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2011

	2011
Verkope	9 000 000
Koste van verkope	5 625 000
Bedryfswins	1 423 200
Inkomstebelasting	426 000
Netto wins na belasting	904 000

**GLEBO BEPERK**  
**BALANSSTAAT SOOS OP 30 JUNIE 2011**

	2011
<b>BATES</b>	
<b>Nie-bedryfsbates</b>	4 626 000
Vaste bates	4 326 000
Finansiële bates	300 000
<b>Bedryfsbates</b>	2 557 000
Voorraad (alle handelsvoorraad)	1 640 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae (alle handelsdebiteure)	810 000
SAID (inkomstebelasting)	0
Kontant en kontantekwivalente	107 000
<b>TOTALE BATES</b>	<b>7 183 000</b>
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>	
<b>Gewone aandeelhouersekwiteit</b>	4 123 000
Gewone aandeelkapitaal (1 100 000 aandele)	2 910 000
Behoue inkomste	1 213 000
<b>Nie-bedryfslaste</b>	1 980 000
Verbandlening: Jozi Bank (13% p.j.)	1 980 000
<b>Bedryfslaste</b>	1 080 000
Handels- en ander betaalbare bedrae (alle handelskrediteure)	705 000
SAID (inkomstebelasting)	32 000
Aandeelhouers vir dividende	275 000
Oortrokke bank	0
Korttermyngedeelte van lening	68 000
<b>TOTALE EKWITEIT EN LASTE</b>	<b>7 183 000</b>

## Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 5

1. Bereken % bruto wins op koste van verkope (winsopslag) [4]

$$\frac{(\text{Verkope} - \text{koste van verkope})}{\text{Koste van verkope}} \times 100 = \frac{9\,000\,000 - 5\,625\,000}{5\,625\,000} \times 100$$

$$= \frac{3\,375\,000}{5\,625\,000} \times 100$$

$$= 60\%$$

Bruto wins = Verkope –  
Koste van verkope

Om die antwoord as  
'n persentasie te toon,  
vermenigvuldig met 100.

2. Bereken % netto wins op verkope [3]

$$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times 100 = \frac{904\,000}{9\,000\,000} \times 100$$

$$= 10\%$$

Dit beteken dat 10c van  
elke R1-verkope netto wins  
is.

3. Bereken % bedryfswins op verkope [3]

$$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times 100 = \frac{1\,423\,000}{9\,000\,000} \times 100$$

$$= 15,8\%$$

4. Bereken bedryfsverhouding [3]

$$\text{Bedryfsbates} \div \text{bedryfslaste}$$

$$= 2\,557\,000 \div 1\,080\,000$$

$$= 2,4:1$$

Dit beteken die maatskappy  
het R2,40 om R1 skuld te  
kan betaal.

5. Bereken vuurproefverhouding [4]

$$(\text{Bedryfsbates} - \text{voorraad}) \div \text{bedryfslaste}$$

$$= (2\,557\,000 - 1\,640\,000) \div 1\,080\,000$$

$$= 917\,000 \div 1\,080\,000$$

$$= 0,85:1$$

Wanneer jy gevra word om  
'n verhouding te bereken,  
toon altyd jou antwoord as  
x:1.

6. Bereken skuld-ekwiteit-verhouding [3]

$$\text{Nie-bedryfslaste} \div \text{gewone aandeelhouersekuiteit}$$

$$= 1\,980\,000 \div 4\,123\,000$$

$$= 0,48:1$$



**Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 5****7. Bereken solvensieverhouding** [4]

$$\begin{aligned}
 &\text{Totale bates} \div \text{Totale laste} \\
 &= 7\,183\,000 \checkmark \div (1\,980\,000 \checkmark + 1\,080\,000 \checkmark) \\
 &= 7\,183\,000 \div 3\,060\,000 \\
 &= 2,3:1 \checkmark
 \end{aligned}$$

**8. Bereken netto batewaarde per aandeel** [4]

$$\begin{aligned}
 &\frac{\text{Gewone aandeelhouersekuiteit}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times 100 = \frac{4\,123\,000}{(2\,200\,000 \checkmark \div R\,2 \checkmark)} \times 100 \\
 &= 374,8 \text{ sent per aandeel} \checkmark
 \end{aligned}$$

Gewone aandeelkapitaal ÷  
pariwaarde van aandele

**9. Bereken verdienste per aandeel** [3]

$$\begin{aligned}
 &\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times 100 = \frac{904\,000 \checkmark}{(2\,200\,000 \div R\,2) \checkmark} \times 100 \\
 &= 82,2 \text{ sent per aandeel} \checkmark
 \end{aligned}$$

Vermenigvuldig met 100  
om die antwoord in sent per  
aandeel te toon.

**[31]**

## 2.6 Kommentaar op 'n auditverslag

Die nodigheid vir finansiële state: Verskeie groepe mense sal in 'n besigheid se finansiële state geïnteresseerd wees.

Verskeie groepe mense wat geïnteresseerd sal wees	Redes waarom die finansiële resultate hulle interesseer
• Die <b>eienaars</b> van die besigheid (aandeelhouders).	• Eienaars stel belang in die algehele toestand van die besigheid.
• 'n <b>Moontlike eienaar</b> .	• Mag belangstel om geld in die besigheid te belê.
• Die <b>bestuur</b> van die besigheid (direksie).	• Gebruik die resultate vir beplanningsdoeleindes, om sekere goeie praktyke te behou en om swak areas te verbeter.
• <b>Banke</b> wat geld aan die besigheid geleen het.	• Banke stel belang om te weet of die besigheid oor genoeg bates beskik om lenings te dek. Dié bates kan verkoop word om leningskuld te verhaal.
• Die <b>werknemers</b> van die besigheid en <b>vakbonde</b> .	• Hulle wil weet of die besigheid winsgewend is en om loonsverhogings te onderhandel.
• <b>SAID</b> , omdat die besigheid 'n regspersoon is en belasting moet betaal.	• SAID stel belang in die wins of verlies wat gemaak is en die belasting wat betaal moet word.
• Die <b>ouditeur</b> wat aan die aandeelhouders moet rapporteer of die besigheid se finansiële resultate na sy mening 'n getroue en ware weergawe is van die besigheid oor die finansiële jaar.	

### Funksie van die onafhanklike ouditeur

- Die **ouditeur onderteken** 'n auditverslag wat dien as versekering aan die aandeelhouders **dat die finansiële state betroubaar is**.
- Dit word nie van die **ouditeur** verwag om elke transaksie of moontlike bedrog na te gaan nie. Sy funksie is om aan die aandeelhouders sy mening te gee of die finansiële state 'n getroue en ware weerspieëling is van die maatskappy se werksaamhede vir die jaar tot op 'n spesifieke datum aan die einde van daardie finansiële jaar.
- Die aandeelhouders gebruik die ware en getroue finansiële state om hulle **besuite** te neem.
- As die ouditeur **bewus word van bedrog**, is hy **verplig** om dit aan die aandeelhouders **te rapporteer**.
- Ouditeure is onderworpe aan baie hoë etiese standaarde en kan dissiplinêre prosedures in die gesig staar as bevind word dat hulle nalatig was.

### Kwaliteit van ouditeure

Eksterne ouditeure moet by professionele instansies geregistreer wees, soos die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR). Voordele vir maatskappye om geregistreerde ouditeure te gebruik:

- Ouditeure moet professionele etiese kodes handhaaf.
- Maatskappye is verseker van hoë kwaliteit werk deur gekwalifiseerde ouditeure.
- Ouditeure handhaaf hoë professionele standaarde omdat hulle aan geaffilieerde instansies verantwoording moet doen.
- Dissiplinêre maatreëls kan op ouditeure toegepas word wat nalatig in volvoering van hulle pligte is.
- Professionele instansies kan ouditeure deregistreer as hulle hulle in enige opsig wangedra.

Die ouditeure se rol is baie belangrik vir die aandeelhouders omdat hulle nie betrokke is by die bestuur van die besigheid nie.



- Ouditeure kan aangekla word weens opstel van 'n misleidende verslag.
- Ouditeure wat substandaard werk verrig, kan toekomstige kontrakte verloor.

### Die onafhanklike ouditeur en die auditverslag

'n Ouditeur is 'n persoon wat 'n **mening** gee oor finansiële inligting en rekeningkundige beheeraspekte. 'n Onafhanklike ouditeur kan nie 'n werknemer van die maatskappy wees nie. Hy word aangestel tydens die AJV (Algemene Jaarvergadering) deur die aandeelhouders, nie deur die direksie nie. Hy bepaal sy fooie na gelang van die aantal werksure wat hy verwag die audit gaan duur.

Die mening van die onafhanklike ouditeur moet gebaseer wees op sy evaluering of die finansiële state:

- Op so 'n wyse voorberei is dat dit 'n billike verteenwoordiging is van die maatskappy se werksaamhede.
- Verstaanbaar en nie verwarrend vir die leser is nie.
- In ooreenstemming met AARP is.
- Voorberei is in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet.

### Die rol van interne ouditeure

Die interne ouditeure maak seker dat interne beheermaatreëls goed werk en hulle speel 'n belangrike rol om bedrog of foute in die besigheid te identifiseer.

Hulle moet, byvoorbeeld, debiteure, lone en rekenaarinskrywings oor elke aspek van die besigheid nagaan.

Die interne ouditeur is 'n werknemer van die besigheid en die besigheid betaal aan hom 'n salaris.

Die onafhanklike (eksterne) ouditeur sal die kontrole uitgevoer deur die interne ouditeur evalueer.

### Ouditverslae

Ouditeure reik 'n verslag uit ná die audit voltooi is om 'n mening oor hulle bevindings te gee. So 'n verslag is aan die aandeelhouders (eienaars van die maatskappy) gerig. Die verslag kan wees:

- Gekwalifiseerd – 'n Swak verslag oor ongerymdhede waaroor die ouditeure die soort ongerymdhede vir die aandeelhouders moet uitlig (hulle stellings moet kwalifiseer).
- Ongekwaliifiseerd – 'n Goeie verslag met klein of geen ongerymdhede.
- Teruggehou/Vrywaring – 'n Baie swak verslag waarin ouditeure kan aanbeveel dat verdere ondersoek na besonderse ongerymdhede gedoen word voor 'n verslag uitgereik word.

Die kode, MDVDOB, sal jou help om te onthou wat die Kode vir Goeie Beheer behels!

### KING-KODE: KODE VIR GOEIE BEHEER: "MDVDOB"

M	D	V	V	D	O	B
Maatskaplike verantwoordelikeheid	Deursigtigheid	Verantwoord-baarheid	Verantwoordelike bestuur	Dissipline	Onafhanklikheid	Billikheid
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bydrae tot die gemeenskap waar die besigheid opereer</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Doen sake openlik (geen verskuilde agenda)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• In staat wees om die aksies as 'n besigheid te verduidelik</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toon kritiese omsigtigheid oor sekere aspekte, byvoorbeeld omgee oor die omgewing</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Besigheid moet sy beginsels en etiek handhaaf</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Besigheid moet opereer sonder eksterne beïnvloeding</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bedagsaam wees teenoor aandeelhouders en hulle gee wat hulle verdien</li> </ul>

Die ouditeur, wat aangestel is tydens die AJV, se funksie is om sy mening aan die aandeelhouders oor te dra.

Dit word nie van die ouditeur verwag om elke transaksie na te gaan of bedrog bloot te lê nie.

'n Ouditeur gee slegs sy mening oor die finansiële state se ware en getroue verteenwoordiging van die maatskappy se werksaamhede vir daardie jaar op 'n spesifieke datum aan die einde van daardie finansiële jaar.



## Uitgewerkte voorbeeld 6

### VOORBEELD VAN 'N ONGEKWALIFISEERDE VERSLAG (GOEIE VERSLAG):

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die verslag van die onafhanklike ouditeure:

#### Ouditmening – Aan die aandeelhouders:

Ons het die finansiële state soos op bladsy 8 tot 20 ondersoek.

Na ons mening verteenwoordig die finansiële state in alle wesenlike aspekte die maatskappy se finansiële toestand soos op 30 Junie 2009 en die resultate van die werksaamhede en kontantvloei in die afgelope jaar, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) en soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika.

**Barlow en Bokwe**

**Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)**

**Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure**

**Kaapstad, 6 September 2009**



Die volgende vrae word gewoonlik tydens 'n ondersoek gevra. Maak seker dat jy die bostaande inligting bestudeer voor jy die vrae beantwoord.

- 1 Sê of die aandeelhouders tevrede of ontevrede met die auditverslag sal wees. Gee 'n rede vir jou antwoord. [3]
- 2 Verduidelik waarom die ouditeure dit nodig ag om spesifieke bladsynommers (8 tot 20) in hierdie verslag te noem. [2]
- 3 Verduidelik waarom die Maatskappywet vereis dat openbare maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geouditeer moet word. [2]
- 4 Verduidelik TWEE ernstige gevolge vir Barlow en Bokwe as hulle nalatig in die uitvoer van hulle pligte is. [4]
- 5 Watter optredes moet Barlow en Bokwe uitvoer om die Vaste/Tasbare batesyfer in die balansstaat te verifieer. Gee DRIE punte. [3]
- 6 Quinton Qwando, die hoofaandeelhouer en besturende direkteur, het die ouditeure ingelig dat hy van voorneme is om die onuitgereikte aandele te koop sonder om die nuwe uitreiking aan die ander aandeelhouders of die publiek bekend te maak. Watse advies sal die ouditeure vir Quinton gee? Verduidelik kortliks. [4]

## Memorandum

- 1. Sê of die aandeelhouders tevrede of ontevrede met hierdie auditverslag sal wees. Gee 'n rede vir jou stelling.**

Tevrede ✓

Enige geldige rede ✓✓

*Moontlike antwoorde*

- Die finansiële state is verteenwoordigend aangebied – dit is 'n goeie verslag
- Dit is 'n ongekwalfiseerde verslag
- Ouditeure het geen ongerymdhede genoem nie

- 2. Verduidelik hoekom die ouditeure dit nodig ag om spesifieke bladsynommers (8 tot 20) in hierdie verslag te noem.**

Hulle is slegs verantwoordelik vir die bladsye wat in die auditverslag gespesifiseer is ✓✓

- 3. Verduidelik hoekom die Maatskappywet vereis dat openbare maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geouditeer moet word.**

'n Maatskappy se aandeelhouders moet vertroue hê in die maatskappy se vermoë om om te sien na die belegging ✓✓

- 4. Noem TWEE ernstige gevolge vir Barlow en Bokwe as hulle nalatig in die uitvoer van hulle pligte is.**

Enige twee geldige gevolge ✓✓ ✓✓

*Moontlike antwoorde*

- Kan gedagvaar word
- Nie weer aangestel word as ouditeure nie.
- Staar dissiplinêre optrede deur die professionele instansie in die gesig

- 5. Watse optrede moet Barlow en Bokwe uitvoer om die Vaste/Tasbare batesyfer in die balansstaat te verifieer? Noem DRIE punte.**

Drie optredes ✓ ✓ ✓

*Moontlike antwoorde*

- Ondersoek die besigheid se finansiële rekords – eksterne audit
- Assesseer die interne beheer van die besigheid
- Assesseer die rekeningkundige beginsels deur die besigheid toegepas
- Inspekteer die vastebateregister

- 6. Quinton Qwando, die hoofaandeelhouer en besturende direkteur, het die ouditeure ingelig dat hy van voorneme is om die onuitgereikte aandele te koop sonder om die nuwe uitreiking aan die ander aandeelhouders of die publiek bekend te maak. Watse advies sal die ouditeure vir Quinton gee? Verduidelik kortliks.**

Advies: Dit is oneties en die nuwe aandele-uitreiking moet aan almal bekendgemaak word ooreenkomstig die Memorandum en die Statute aangesien dit 'n openbare maatskappy is. ✓✓

Verduideliking: Die ander aandeelhouders sal benadeel word omdat Quinton sy persentasie aandeelhouding sal verhoog, wat die opbrengs en dividend wat die ander verdien effektief sal verminder. Deur die aandele op die ope mark aan te bied, sal die maatskappy meer geld kan genereer as wanneer teen 'n ooreengekome prys aan een koper verkoop word. ✓✓

Enige geldige verduideliking

Eksterne ouditeure moet professioneel geregistreer wees by 'n geregistreerde instansie, soos die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR). Dit word vereis om die aandeelhouders te beskerm en te verseker dat deurlopende opleiding plaasvind.

Onthou dat alle vaste bates in 'n Bateregister opgeteken word. Elke vaste bate het sy eie Bateregister vanaf die datum aangekoop, en die jaarlikse waardevermindering tot op datum van verkoop.

Dit is 'n goeie idee om ten opsigte van hierdie vraag MDVDOB te bestudeer en te verstaan:

- Deursigtigheid
- Verantwoordbaarheid
- Verantwoordelike bestuur
- Onafhanklikheid
- Billikheid



## VOORBEELDE VAN 'N ONGEKWALIFISEERDE EN GEKWALIFISEERDE VERSLAG.

Jy word voorsien van uittreksels uit die onafhanklike ouditverslae van Kwela Bpk en Pomi Bpk.

**Ongekwalfiseerd** – goeie verslag met klein of geen ongerymdhede.

**Gekwalfiseerd** – 'n swak verslag wat sommige ongerymdhede bevat waaroor ouditeure die soort ongerymdhede moet noem aan die aandeelhouders (kwalfiseer hulle stellings).

### Uittreksel uit die ouditverslag van Kwela Bpk:

Na ons mening verteenwoordig die finansiële state in alle wesenlike aspekte die maatskappy se finansiële toestand soos op 29 Februarie 2012 en die resultate van die werksaamhede en kontantvloeï vir die afgelope jaar, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Standaard en soos vereis deur die Maatskappyywet van Suid-Afrika.

### Uittreksel uit die ouditverslag van Pomi Bpk:

Na ons mening verteenwoordig die finansiële state, behalwe vir oorwaarding van die vaste bates, die finansiële toestand van die maatskappy soos op 29 Februarie 2012, en die resultate van die werksaamhede en kontantvloeï vir die afgelope jaar, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Standaard en soos vereis deur die Maatskappyywet van Suid-Afrika.

## GEVRA:

Oorweeg die ouditverslae van Kwela Bpk en Pomi Bpk.

Watse invloed sal die ouditverslae hê op James se besluit oor watter maatskappy se aandele om te koop? Verduidelik ten opsigte van elke maatskappy.

## Memorandum

1. Watse invloed sal die ouditverslae hê op James se besluit oor watter maatskappy se aandele om te koop?

### Verduideliking oor die ouditverslag van Kwela Bpk ✓✓

- James sal weet hy kan die syfers in die finansiële state vertrou omdat die maatskappy 'n ongekwalfiseerde verslag ontvang het
- James sal weet hy kan die syfers in die finansiële verslag vertrou omdat dit 'n billike verteenwoordiging van alle wesenlike aspekte van die maatskappy is
- Die verslag is ongekwalfiseerd – dit is 'n goeie (betroubare) verslag

### Verduideliking van die ouditverslag van Pomi Bpk ✓✓✓

- James sal weet hy kan nie die syfers in die finansiële state vertrou nie omdat die maatskappy 'n gekwalfiseerde verslag ontvang het
- James sal weet hy kan nie die syfers in die finansiële state vertrou nie omdat aandag gevestig is op tekortkominge in die finansiële state
- James sal ongelukkig wees omdat die vaste bates na die ouditeure se mening oorwaardeer is (wat beteken dat die ware waarde van sy moontlike belegging onseker is weens die netto batewaarde)



## VOORBEELD VAN 'N WEERHOUDE/ VRYWARINGS-ODUITVERSLAG

**MAR 2009**

Verwys na die voorsiene koerantartikel.

JEB het Woodview Bpk opgeskort oor geen jaarverslag

**Deur Irma Snoop, 12 Feb 2009**

Verhandeling van die meubelmaatskappy Woodview Bpk is gister deur die JEB opgeskort omdat die maatskappy nie daarin geslaag het om sy jaarverslag binne drie maande na die einde van die finansiële jaar te publiseer nie.

Die HUB van Woodview Bpk het in 'n verklaring verduidelik dat die ouditeure hulle auditverslag teruggehou het en dat dit die oponthoud veroorsaak.

Die maatskappy het die AJV uitgestel. Die aandeelhouders is nie ingelig oor die rede vir die uitstel nie.

Voor die JEB se optrede, het die aandeelprys van Woodview Bpk met 30% verswak tot 140 sent per aandeel.

Bhaga Toys Bpk se direksie is bekommerd dat 'n soortgelyke probleem in hulle maatskappy kan voorkom. Verduidelik kortliks waarom dit 'n ernstige probleem vir die maatskappy kan wees. Verskaf twee punte.

**Weerhoude** – baie swak verslag waarin ouditeure verdere ondersoek oor sekere uitstaande ongerymdhede mag aanbeveel voor 'n verslag uitgereik word.

As die ouditeur bewus word van bedrog, is hy verplig om dit aan die aandeelhouders te rapporteer.

Ouditeure is verbind tot hoë etiese standaarde en kan dissiplinêre optrede in die gesig staar as bevind word dat hulle nalatig in die uitvoering van hulle pligte is.

## Memorandum

Verwys na die voorsiene koerantartikel. Bhaga Toys Bpk se direksie is bekommerd dat 'n soortgelyke probleem in hulle maatskappy kan voorkom. Verduidelik kortliks waarom dit 'n ernstige probleem vir die maatskappy kan wees. Verskaf twee punte.

Enige twee geldige verduidelikings ✓✓✓✓✓✓

- 'n Oponthoud sal veroorsaak dat die aandeelhouders bekommerd word.
- Aandeelhouders sal nie in die volgende jaar hierdie direkteure instem nie.
- Nuwe aandeelhouders sal die maatskappy vermy en aandeelpryswaarde sal daal.
- Die direksie kan skuldig wees aan 'n kriminele oortreding. In terme van die Maatskappywet moet finansiële state binne drie maande voorsien word.
- Dit sal moeiliker wees om kapitaal/lenings in die toekoms te bekom omdat beleggers agterdogtig sal wees.






*Hou aan!*



# 3 Hoofstuk

## Vervaardiging

Die vervaardigingsproses word in 3 departemente verdeel:

Administratiewe departement	Fabriek	Verkoops- en verspreidingsdepartement
<p>Kantoorpligte word in hierdie departement uitgevoer en sluit finansierings- en beleggingsaktiwiteite in.</p> 	<p>Grondstowwe word deur die vervaardigingsproses geneem om produkte te produseer.</p> 	<p>Die reklame, verkoop en aflewering van produkte aan klante.</p> 
Verwante koste		
Administratiewe departement	Fabriek	Verkoops- en verspreidingsdepartement
<p>Rekenmeester se salaris Boekhouer se salaris Ontvangspersoon se salaris Scoonmaker se lone Kantoorskryfbehoeftes Kantoorhuur Versekering van kantoortoerusting Waardevermindering op kantoortoerusting Kantoortelefoon</p>	<p><b>Direkte koste</b> Grondstowwe/direkte materiaal Fabriekswerkers se lone/salarisse (direkte arbeid)</p> <p><b>Indirekte koste/fabrieksbokoste</b> Fabrieksvoorman se salaris (indirekte arbeid) Scoonmaakpersoneel se lone/salaris (indirekte arbeid) Indirekte materiaal/verbruiksgoedere Fabriekhuur Fabriekinstandhoudingskoste Fabriekversekering Waardevermindering op fabriekstoerusting</p>	<p>Verkoopbestuurders se salarisse Verkoopspersoneel se kommissie Salaris van afleweringspersoneel Oninbare skulde Advertensies Skrifbehoeftes Huur Waardevermindering op afleweringvoertuig Selfoonkoste van verkoopspersoneel</p>




## 3.1 Belangrike begrippe oor vervaardiging

### Koste in die vervaardigingsproses

Koste	Omskrywing
<b>Direkte arbeidskoste</b>	Lone en salarisse van daardie werkers wat fisies betrokke is by die maak van die produk of wat die masjiene wat die produkte maak, bedryf.
<b>Grondstowwe/direkte materiaal koste</b>	Grondstowwe wat aan die fabriek uitgereik is en wat gebruik word om voltooide goedere te vervaardig. Bv. Leer en rubbersole in die maak van skoene
<b>Fabrieksbokoste</b>	Alle ander koste wat ter sprake is in die vervaardigings-proses en wat die koste van die maak van die produk verhoog.

Maak seker jy ken hierdie begrippe. Gebruik jou sakpas-notas om jou te help om hulle goed te leer. Sien bladsy x vir meer inligting.



### Voorrade in 'n vervaardigingsbesigheid

Koste	Omskrywing
<b>Voltooide goedere (klaarprodukte) voorraad</b>	Produkte wat heeltemal klaar is en wat gereed is vir verkoop.
<b>Indirekte fabrieksmateriaal/verbruiksgoedere voorraad</b>	Die indirekte materiaal wat nog nie gebruik is nie en wat nog vir verbruik beskikbaar is, bv. oorblywende skoonmaakmiddels.
<b>Grondstofvoorraad</b>	Die grondstowwe wat nog nie aan die fabriek uitgereik is nie, maar wat veilig in die stoorkamer vir toekomstige gebruik gestoor word, bv. oorblywende grondstowwe.
<b>Goedere-in-bewerking-voorraad</b>	Produkte wat net gedeeltelik voltooi is en nog in die vervaardigingsproses is. Dit is dus nog nie heeltemal in voltooide goedere omgeskakel nie.
<b>Vaste koste</b>	Hierdie is koste wat dieselfde bly ongeag die aantal produkte wat geproduseer word, bv. die huur van die fabriek sal dieselfde bly, ongeag of daar 1 000 eenhede of 100 000 eenhede geproduseer is.
<b>Veranderlike koste</b>	Hierdie koste sal toeneem wanneer produksie toeneem, bv. die koste van grondstowwe gebruik sal baie minder wees indien daar 1 000 eenhede gemaak is in vergelyking met wanneer daar 100 000 eenhede gemaak is.



Dit is belangrik om te verstaan dat koste verder verdeel kan word in vaste koste en veranderlike koste.

Vir eksamendoeleindes word dit aanvaar dat alle fabrieksbokoste en adminkoste **vaste koste** is, tensy anders aangedui.

Vir eksamendoeleindes word dit aanvaar dat grondstowwe, direkte arbeidskoste en verkoops- en verspreidingskoste **veranderlike koste** is, tensy anders aangedui.

### Vloei van grondstowwe uit die voorraadstoor deur die fabriek tot voltooide goedere in die vertoonlokaal.

- Bestudeer die volgende illustrasie en let op die horisontale vloei van fondse van die voorraadstoor na die fabriek en dan na die vertoonlokaal.
- Bestudeer die illustrasie nou vertikaal.
  - Let op dat die **VOORRAADSTOOR** in die algemene grootboekrekening en in Nota 1 van die Produksiekostestaats aangedui word as die Grondstofvoorraadrekening.
  - Let op dat die **FABRIEK** in die algemene grootboekrekening aangedui word as Goedere-in-bewerking en as die PRODUKSIEKOSTESTAAT.
  - Let op dat die **VERTOONLOKAAL** in die algemene grootboekrekening en in Nota 4 van die Produksiekostestaats aangedui word as die Klaarproduktevoorraadrekening.

Grondstofvoorraad
Grondstowwe en fabrieksmateriaal word in die voorraadstoor gehou
1. Jy het voorraad beskikbaar
2. Jy koop nuwe grondstowwe – kontant of krediet
3. Jy plaas grondstowwe oor na die fabriek (genoem KOSTE VAN GRONDSTOWWE UITGEREIK AAN DIE FABRIEK)

Fabriek
1. Jy het onvoltooië voorraad beskikbaar.
2. Die grondstowwe wat jy van die voorraadstoor ontvang het, word in die fabriek in die vervaardigingsproses gebruik.
3. Jy het 'n bestuurder, skoonmakers en sekuriteit – indirekte arbeid.
4. Jy het werknemers wat direk by die produk betrokke is – direkte arbeid.
5. Jy het bokoste, huurkoste, water en elektrisiteit, waardevermindering, ens.
6. Dan het jy ook die voltooië goedere wat verskuif word na die verkoops- en verspreidingsafdeling. Hierdie syfer is die PRODUKSIEKOSTE VAN FINALE GOEDERE.

Vertoonlokaal
1. Jy het voltooië goedere beskikbaar.
2. Ontvang voltooië goedere van die fabriek.
3. Jy verkoop die goedere en die voltooië goedere verminder teen kosprys. (Koste van Verkope)

### ILLUSTRASIE VAN BOGENOEEMDE IN DIE ALGEMENE GROOTBOEKREKENINGE

Grondstofvoorraad rekening	Goedere-in-bewerking rekening	Klaarproduktevoorraad rekening
Saldo ① a/b 10 Krediteure LBJ 5	Saldo ① a/b 150 Voltooië goedere ⑥ AJ 205	Saldo ① a/b 100 Koste van verkope 250
Bank ② KBJ 20 Werk in proses ③ 40	Grondstowwe ② AJ 40 Saldo o/d 45	Werk in proses ② 205 Saldo o/d 55
Krediteure ② KJ 30 Saldo o/d 15	Direkte arbeid ④ AJ 85	305
60 60	Fabrieksbokoste 35	Saldo a/b 55
Saldo a/b 15	250 250	
	Saldo a/b 45	

Beskikbare Verbruiksvoorraad rekening	Fabrieksbokosterekening	Koste van Verkoop rekening
Verbruiks-voorraad beskikbaar AJ 3 Krediteure LBJ 3	Verbruiks-voorraad (gebruik) 5 Werk in Proses 35	Voltooië Goedere 250
Bank CPJ 4 Fabrieksbokoste (gebruik) 5	Indirekte arbeid 15	
Krediteure CJ 5 Verbruiks-voorraad beskikbaar 4	③ 3	
12 12	Water en Elek 5	
	Huuruitgawe 5	
	Waarde-vermindering 5	
	35	

### ILLUSTRASIE VAN BOGENOEEMDE IN DIE FINANSIËLE STATE

Nota 1	Fabriek Produksiekostestaat	Nota 4
<b>NOTA: 1</b>	Direkte materiaal koste 40	<b>NOTA 4</b>
Openingsvoorraad 10	+ Direkte arbeidskoste 85	Openingsvoorraad 100
Plus Aankope (netto) (20+30-5) 45	=Totale / Direkte koste 125	Plus Produksiekoste van voltooië goedere 205
Plus drawaarde van aankope 0	+Fabrieksbokoste 35	Minus sluitingsvoorraad (55)
Minus sluitingsvoorraad (15)	=Totale produksiekoste 160	= Koste van verkope 250
= Grondstowwe na fabriek 40	+Werk-in-proses aan begin van die jaar 150	
As jy die grootboekrekeninge ken, ken jy ook die Produksiekostestaat!	- Werk-in-proses aan die einde van die jaar (45)	
	=Totale produksiekoste van finale goedere 205	
	Die Werk-in-prosesrekening is die Produksiekostestaat.	

Bestudeer die volgende sjabloon en let op die ooreenkomste tussen die Algemene Grootboekrekening en die Produksiekostestaat.

As jy die vloei in die grootboekrekening van die grondstowwe na die finale goedere verstaan, sal jy ook in staat wees om die formaat van die Produksiekostestaat te ken en te verstaan.

ALGENEME GROOTBOEKREKENINGE						PRODUKSIEKOSTESTAAT																																																													
<table><tr><th colspan="3">Raw material stock</th><th colspan="3">Kt</th></tr><tr><td>Saldo</td><td>a/b</td><td>10 20</td><td>Krediteure kontr.</td><td>LBJ</td><td>5</td></tr><tr><td>Bank</td><td>KBJ</td><td>30</td><td>Werk in proses</td><td>AJ</td><td>40</td></tr><tr><td>Krediteure kontr.</td><td>KJ</td><td></td><td>Saldo</td><td>o/d</td><td>15</td></tr><tr><td></td><td></td><td>60</td><td></td><td></td><td>60</td></tr><tr><td>Saldo</td><td>a/b</td><td>15</td><td></td><td></td><td></td></tr></table>						Raw material stock			Kt			Saldo	a/b	10 20	Krediteure kontr.	LBJ	5	Bank	KBJ	30	Werk in proses	AJ	40	Krediteure kontr.	KJ		Saldo	o/d	15			60			60	Saldo	a/b	15				<table><tr><th colspan="2">Nota 1: Grondstof / Direkte materiaalkoste</th></tr><tr><td>Openingsvoorraad</td><td>10</td></tr><tr><td>+ Aankope (netto) (20 +30 – 5)</td><td>45</td></tr><tr><td>+ Drawaarde van aankope</td><td>-</td></tr><tr><td>+ Doeaneheffings</td><td>-</td></tr><tr><td>- Sluitingsvoorraad</td><td>(15)</td></tr><tr><td>= Voorraad uit (Direkte materiaalkoste)</td><td>40</td></tr></table>		Nota 1: Grondstof / Direkte materiaalkoste		Openingsvoorraad	10	+ Aankope (netto) (20 +30 – 5)	45	+ Drawaarde van aankope	-	+ Doeaneheffings	-	- Sluitingsvoorraad	(15)	= Voorraad uit (Direkte materiaalkoste)	40										
Raw material stock			Kt																																																																
Saldo	a/b	10 20	Krediteure kontr.	LBJ	5																																																														
Bank	KBJ	30	Werk in proses	AJ	40																																																														
Krediteure kontr.	KJ		Saldo	o/d	15																																																														
		60			60																																																														
Saldo	a/b	15																																																																	
Nota 1: Grondstof / Direkte materiaalkoste																																																																			
Openingsvoorraad	10																																																																		
+ Aankope (netto) (20 +30 – 5)	45																																																																		
+ Drawaarde van aankope	-																																																																		
+ Doeaneheffings	-																																																																		
- Sluitingsvoorraad	(15)																																																																		
= Voorraad uit (Direkte materiaalkoste)	40																																																																		
<table><tr><th colspan="3">Work in process</th><th colspan="3">Kt</th></tr><tr><td>Saldo</td><td>a/b</td><td>150</td><td>Finale goedere</td><td>AJ</td><td>205</td></tr><tr><td>Grondstof</td><td>AJ</td><td>40</td><td>Saldo</td><td>o/d</td><td>45</td></tr><tr><td>Direkte arbeid</td><td>AJ</td><td>85</td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td>Fabrieksbokoste</td><td>AJ</td><td>35</td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td></td><td></td><td>250</td><td></td><td></td><td>250</td></tr><tr><td>Saldo</td><td>a/b</td><td>45</td><td></td><td></td><td></td></tr></table>						Work in process			Kt			Saldo	a/b	150	Finale goedere	AJ	205	Grondstof	AJ	40	Saldo	o/d	45	Direkte arbeid	AJ	85				Fabrieksbokoste	AJ	35						250			250	Saldo	a/b	45				<table><tr><th colspan="2">PRODUKSIEKOSTESTAAT</th></tr><tr><td>Direkte materiaalkoste</td><td>40</td></tr><tr><td>+ Direkte arbeidskoste</td><td>85</td></tr><tr><td>= Totale / Direkte koste</td><td>125</td></tr><tr><td>+ Fabrieksbokoste</td><td>35</td></tr><tr><td>= Totale produksiekoste</td><td>160</td></tr><tr><td>+ Werk in proses aan die begin van die jaar</td><td>150</td></tr><tr><td>- Werk in proses aan die einde van die jaar</td><td>(45)</td></tr><tr><td>= Produksiekoste van finale goedere</td><td>205</td></tr></table>		PRODUKSIEKOSTESTAAT		Direkte materiaalkoste	40	+ Direkte arbeidskoste	85	= Totale / Direkte koste	125	+ Fabrieksbokoste	35	= Totale produksiekoste	160	+ Werk in proses aan die begin van die jaar	150	- Werk in proses aan die einde van die jaar	(45)	= Produksiekoste van finale goedere	205
Work in process			Kt																																																																
Saldo	a/b	150	Finale goedere	AJ	205																																																														
Grondstof	AJ	40	Saldo	o/d	45																																																														
Direkte arbeid	AJ	85																																																																	
Fabrieksbokoste	AJ	35																																																																	
		250			250																																																														
Saldo	a/b	45																																																																	
PRODUKSIEKOSTESTAAT																																																																			
Direkte materiaalkoste	40																																																																		
+ Direkte arbeidskoste	85																																																																		
= Totale / Direkte koste	125																																																																		
+ Fabrieksbokoste	35																																																																		
= Totale produksiekoste	160																																																																		
+ Werk in proses aan die begin van die jaar	150																																																																		
- Werk in proses aan die einde van die jaar	(45)																																																																		
= Produksiekoste van finale goedere	205																																																																		
<table><tr><th colspan="3">Finale Goedere</th><th colspan="3">Kt</th></tr><tr><td>Saldo</td><td>a/b</td><td>100</td><td>Koste van Verkope</td><td>AJ</td><td>250</td></tr><tr><td>Werk in proses</td><td>AJ</td><td>205</td><td>Saldo</td><td>o/d</td><td>55</td></tr><tr><td></td><td></td><td>305</td><td></td><td></td><td>350</td></tr><tr><td>Saldo</td><td>a/b</td><td>55</td><td></td><td></td><td></td></tr></table>						Finale Goedere			Kt			Saldo	a/b	100	Koste van Verkope	AJ	250	Werk in proses	AJ	205	Saldo	o/d	55			305			350	Saldo	a/b	55				<table><tr><th colspan="2">Nota 4: koste van voltooide goedere (Koste van Verkope)</th></tr><tr><td>Openingsvoorraad</td><td>100</td></tr><tr><td>+ Produksiekoste van voltooide goedere</td><td>205</td></tr><tr><td>- Sluitingsvoorraad</td><td>(55)</td></tr><tr><td>= Koste van Verkope</td><td>250</td></tr></table>		Nota 4: koste van voltooide goedere (Koste van Verkope)		Openingsvoorraad	100	+ Produksiekoste van voltooide goedere	205	- Sluitingsvoorraad	(55)	= Koste van Verkope	250																				
Finale Goedere			Kt																																																																
Saldo	a/b	100	Koste van Verkope	AJ	250																																																														
Werk in proses	AJ	205	Saldo	o/d	55																																																														
		305			350																																																														
Saldo	a/b	55																																																																	
Nota 4: koste van voltooide goedere (Koste van Verkope)																																																																			
Openingsvoorraad	100																																																																		
+ Produksiekoste van voltooide goedere	205																																																																		
- Sluitingsvoorraad	(55)																																																																		
= Koste van Verkope	250																																																																		
<table><tr><th colspan="3">Fabrieksbokoste</th><th colspan="3">Kt</th></tr><tr><td>Verbruiksvoorraad</td><td>5</td><td>Werk in proses</td><td></td><td></td><td>35</td></tr><tr><td>Indirekte arbeid</td><td>15</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td>Water and elek.</td><td>5</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td>Huuruitgawe</td><td>5</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td>Waardevermindering</td><td>5</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td></td><td>35</td><td></td><td></td><td></td><td>35</td></tr></table>						Fabrieksbokoste			Kt			Verbruiksvoorraad	5	Werk in proses			35	Indirekte arbeid	15					Water and elek.	5					Huuruitgawe	5					Waardevermindering	5						35				35	<table><tr><th colspan="2">Nota 3 Fabrieksbokoste</th></tr><tr><td>Verbruiksvoorraad (3 + 4 + 5 – 3 – 4)</td><td>5</td></tr><tr><td>Indirekte arbeid</td><td>15</td></tr><tr><td>Water and elektrisiteit</td><td>5</td></tr><tr><td>Huuruitgawe</td><td>5</td></tr><tr><td>Waardevermindering</td><td>5</td></tr><tr><td></td><td>35</td></tr></table>		Nota 3 Fabrieksbokoste		Verbruiksvoorraad (3 + 4 + 5 – 3 – 4)	5	Indirekte arbeid	15	Water and elektrisiteit	5	Huuruitgawe	5	Waardevermindering	5		35				
Fabrieksbokoste			Kt																																																																
Verbruiksvoorraad	5	Werk in proses			35																																																														
Indirekte arbeid	15																																																																		
Water and elek.	5																																																																		
Huuruitgawe	5																																																																		
Waardevermindering	5																																																																		
	35				35																																																														
Nota 3 Fabrieksbokoste																																																																			
Verbruiksvoorraad (3 + 4 + 5 – 3 – 4)	5																																																																		
Indirekte arbeid	15																																																																		
Water and elektrisiteit	5																																																																		
Huuruitgawe	5																																																																		
Waardevermindering	5																																																																		
	35																																																																		

## 3.2 Produksiekostestaat



### Uitgewerkte voorbeeld 1

**Voorbeeld aangepas uit November 2010 NSS-eksamen vraestel**

Jy word voorsien van inligting (saldo's, transaksies en aansuiwerings) met betrekking tot Fatima Vervaardigers. Fatima Fala is die eienaar van hierdie besigheid, wat skoene vervaardig.

Hierdie is direkte materiale  
(sien omskrywing op bladsy  
39)

#### Gevra

1. Bereken die waarde van die grondstowwe wat aan die fabriek **uitgereik is** vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010. [6]
2. Stel die volgende notas tot die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010:
  - a) Direkte arbeidskoste [5]
  - b) Fabrieksbokoste [16]
3. Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010. [12]
4. Gebruik die syfers in die Produksiekostestaat wat jy voorberei het om die volgende te bereken (**toon jou bewerking**):
  - a) Grondstofkoste per eenheid [3]
  - b) Totale koste per eenheid [3]
5. Jy word voorsien van die aantal eenhede geproduseer en die gelykbreekpunt vir die afgelope twee jaar.

	2010	2009
Gelykbreekpunt	19 548 eenhede	11 300 eenhede
Aantal eenhede geproduseer	20 000 eenhede	24 000 eenhede

- a) Verduidelik kortliks wat die term gelykbreekpunt beteken. [2]
- b) Verduidelik of Fatima bekommerd behoort te wees oor die gelykbreekpunt vir 2010. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. [4]

#### Inligting

**Fatima Vervaardigers**

##### 1. BEGINSALDO'S OP 1 MAART 2009:

Grondstofvoorraad	R160 000
Goedere-in-bewerking-voorraad	158 000
Klaarproduktevoorraad	120 000
Verbruiksgoederevoorraad: Fabriek	6 000
Fabrieksmasjinerie en -toerusting teen kosprys	2 225 000
Opgehoopte waardevermindering op fabrieksmasjinerie en -toerusting	450 000

## 2. OPSOMMING VAN TRANSAKSIES VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2010:

Aankoop van grondstowwe op krediet	R1 023 475
Vraggeld op aankope van grondstowwe	22 500
Verbruiksgoedere aangekoop vir die fabriek	43 000
Skoonmaakmateriaal aangekoop vir die kantoor	12 000
Fabrieksmasjinerie en -toerusting aangekoop op 1 September 2009	250 000
Produksielone	723 800
WVF – Bydrae vir fabriekswerknemers	150 000
Salarisse: Fabrieksvoorman	400 000
Administrasie	250 000
Verkoopspersoneel	163 000
Water en elektrisiteit	
Diverse uitgawes: Fabriek	194 680
Administrasie	530 000
Verkoopsdepartement	340 000

## 3. EINDSALDO'S OP 28 FEBRUARIE 2010:

Grondstofvoorraad	R259 125
Goedere-in-bewerking-voorraad	122 900
Klaarproduktevoorraad	142 500
Verbruiksgoederevoorraad: Fabriek	7 000

## 4. ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS

a) Geen inskrywing is vir die vervoer van grondstowwe deur Pops Vervoerders na die fabriek gemaak nie, R3 750.

b) Geen inskrywing is ten opsigte van die **produksielone** vir die laaste week van Februarie 2010 gemaak nie. Die inskrywing is uit die Loonjoernaal weggelaat:

Bruto lone	R6 200
Aftrekkings: Werkloosheidversekeringsfonds	62
LBS	1 240

Die werkgewer se bydrae tot die WVF is 1%.

c) 'n Bedrag van R4 200 is steeds uitstaande vir die water-en-elektrisiteitsrekening vir Februarie 2010. Sestig persent (60%) van alle water en elektrisiteit is in die fabriek gebruik.

d) Waardevermindering op die fabrieksmasjinerie en -toerusting moet teen 10% per jaar, volgens die verminderdesaldo-metode, in berekening gebring word.

e) Gedurende die jaar is 20 000 paar skoene vervaardig.

← Direkte arbeidskoste

Indien daar enige terugsending van aankope is (krediteureafslag), sal dit van **aankope** afgetrek word.



Gebruik slegs **FABRIEKS-KOSTE** op die Produksiekostestaat. Geen adminkoste en verkoops- en verspreidingskoste verskyn op hierdie staat nie.

Produksielone vir die jaar + bruto lone syfer in aansuiwering B.

Volgens aansuiwering B is die WVF-bydrae 1% van die R730 000 hierbo.

Beginsaldo van verbruiksgoederevoorraad + verbruiksgoedere-aankope – eindsaldo van verbruiksgoederevoorraad

$R2\,225\,000 - R450\,000$   
 $= R1\,775\,000 \times 10\%$   
 $= R177\,500$   
 $R250\,000 \times 10\% \times 6/12$   
 $= R12\,500$

Totale water en elektrisiteit alreeds gedurende die jaar betaal + die bedrag wat nog betaal moet word volgens aansuiwering C) – die gedeelte in die fabriek gebruik (60% volgens aansuiwering C).

## Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 1

1.

Beginsaldo van grondstofvoorraad	R160 000 ✓
<u>Plus:</u> Aankoop van grondstowwe	R1 023 475 ✓
<u>Plus:</u> Vraggeld op aankoop van grondstowwe	R22 500 ✓
<u>Plus:</u> Vervoer van grondstowwe (aansuiwering A)	R3 750 ✓
<u>Min:</u> Eindsaldo van grondstofvoorraad	(R259 125) ✓
<u>Is gelyk aan:</u> Grondstowwe aan die fabriek uitgereik	R950 600 ✓

[6]

## 2. NOTAS TOT DIE PRODUKSIEKOSTESTAAT

2a

DIREKTE ARBEIDSKOSTE	R
Produksielone (723 800 ✓ + 6 200 ✓)	730 000 ✓
WVF-bydrae	7 300 ✓
	<u>737 300 ✓</u>

[5]

2b

FABRIEKSBOKOSTE	R
Salaris van voorman	150 000 ✓
Verbruiksgoedere: fabriek (6 000 ✓ + 43 000 ✓ – 7 000 ✓)	42 000 ✓
Waardevermindering (177 500 ✓ + 12 500 ✓)	190 000 ✓
Water en elektrisiteit (163 000 ✓ + 4 200 ✓ × 60% ✓)	100 320 ✓
Diverse uitgawes: fabriek	194 680 ✓
	<u>677 000 ✓</u>

[16]



Daar is 'n aantal koste-items wat tussen fabriekskoste, adminkoste en verkoops- en verspreidingskoste verdeel moet word.

Byvoorbeeld: Water en elektrisiteit kan volgens die verhouding 3:2:1 verdeel word.

### 3. PRODUKSIEKOSTESTAAT VAN FATIMA VERVAARDIGERS VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2010



Dit is BAIE belangrik dat jy die formaat van die Produksiekostestaat ken!

	TOTAL
Direkte materiaalkoste ✓	950 600 ✓
Direkte arbeidskoste ✓	737 300 ✓
Primêre/direkte koste ✓	1 687 900 ✓
Fabrieksbokoste ✓	677 000 ✓
<b>Totale koste van produksie</b>	<b>2 364 900</b>
Goedere-in bewerking aan die begin van die jaar ✓	158 000 ✓
	<b>2 522 900</b>
Goedere-in bewerking aan die einde van die jaar ✓	(122 900) ✓
<b>Totale produksiekoste van klaarprodukte</b>	<b>2 400 000 ✓</b>

Hierdie syfer kom van die antwoord wat jy in afdeling 1 van hierdie vraag bereken het.

Hierdie syfer kom van die antwoord in Nota 2a: Direkte arbeidskoste in afdeling 2 van hierdie vraag.

Direkte materiaalkoste + direkte arbeidskoste = primêre koste

Hierdie syfer kom van die antwoord in Nota 2b: Fabrieksbokoste in afdeling 2 van hierdie vraag.

Hierdie syfer kom van beginsaldo's aan die begin van die finansiële jaar.

Hierdie syfer kom van eindsaldo's aan die einde van die finansiële jaar.

Hierdie finale syfer gee aan die rekenmeester die totale koste vir die maak van 20 000 paar skoene gedurende die jaar. (Sien addisionele inligting E.)

Hierdie finale syfer gee aan die rekenmeester die totale koste vir die maak van 20 000 paar skoene gedurende die jaar. (Sien addisionele inligting E.)

4. a) Grondstowwe koste per eenheid  
 $R950\,600 \div 20\,000 \text{ eenhede} = R47,53$

[12]

[3]

- b) Totale koste per eenheid  
 $R2\,400\,000 \div 20\,000 \text{ eenhede} = R120$

[3]

Totale koste van vervaardiging van voltooide goedere (sien Produksiekostestaat) ÷ aantal skoene vervaardig volgens addisionele inligting E.



**Belangrike inligting**

Let op dat daar verskillende moontlike antwoorde is wat aanvaar kan word.

**Moenie** bang wees om jou eie mening te gee wanneer jy soortgelyke vrae beantwoord nie.

5. a) Dit sê vir jou hoeveel items jy moet maak en verkoop voordat jy 'n wins begin maak.✓✓ [2]

b) **Verduideliking:**

Ja,✓ sy behoort bekommerd te wees, aangesien aantal eenhede geproduseer baie naby aan GBP is ✓ **OF**

Ja, want die GBP het noemenswaardig toegeneem van die vorige jaar **OF** Nee, sy maak nog steeds meer as die GBP.

**Aanhaal van syfers:**

Vergelyk 20 000 eenhede geproduseer met GBP✓ van 19 548 of GBP is 97,7% van totale eenhede **OF** Vergelyk GBP 19 548 met 11 300 van die vorige jaar **OF** Vergelyk eenhede van 20 000 met 24 000 van vorige jaar – affekteer GBP [4]



**Ken hierdie formule om gelykbreekpunt (GBP) te bereken**

$$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid} - \text{veranderlike koste per eenheid}}$$



## Oefenaktiwiteit 1

1.

Beginsaldo van grondstofvoorraad		
Plus: Aankoop van grondstowwe	+	
Plus: Vraggeld op aankope van grondstowwe	+	
Plus: Vervoer van grondstowwe	+	
Min: Eindsaldo van grondstofvoorraad	-	
Is gelyk aan: Grondstowwe aan die fabriek uitgereik	=	

[6]

2. NOTAS TOT DIE PRODUKSIEKOSTESTAAT

DIREKTE ARBEIDSKOSTE	R

[5]

FABRIEKSBOKOSTE	R

[16]

Gebruik hierdie blanko Produksiekostestaat om die taak op jou eie te oefen. Nadat jy die taak voltooi het, vergelyk jou antwoord met die uitgewerkte voorbeeld op die vorige bladsy.





### 3. FATIMA VERVAARDIGERS PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2010

	TOTAAL
Primêre koste	
Totale koste van produksie	
Totale koste van produksie van voltooide goedere (klaarprodukte)	

[12]



Hieronder is 'n lys van voorgestelde vrae uit vorige eksamenvraestelle vir ekstra oefening:

Onderwerp	Vraestel	Vraag
Kosteberekeninge en Produksiekostestaat	November 2008	3
Produksiekostestaat	November 2009	3
Kosteberekeninge	Februarie/Maart 2010	4
Veelvuldigekeusevrae	November 2010	3.1
Kosteberekeninge en -begrippe	Februarie/Maart 2012	2
Produksiekostestaat	November 2013	2.1
Gelykbreekpunt	November 2013	2.3



## Begrotings

Die begroting is 'n belangrike hulpmiddel vir interne kontrole in enige besigheid. Begrotings word opgestel as 'n vooruitskatting van wat in die toekoms gaan gebeur.

### 4.1 Terminologie

Begrip	Verduideliking	Doel
<b>Debiteure-invoeringskedule</b>	'n Skedule (plan) van hoe die besigheid geld van sy debiteure sal insamel.	Om ontvangste van debiteure vooruit te skat.
<b>Geprojekteerde Inkomstestaat</b>	'n Vooruitskatting van inkomste en uitgawes.	Om toekomstige winste en verliese vooruit te skat.
<b>Kontantbegroting</b>	'n Vooruitskatting van kontantontvangste en kontantbetalings.	Om toekomstige ontvangste en betalings vooruit te skat.
<b>Krediteure-betalingskedule</b>	'n Skedule (plan) van hoe die besigheid sy krediteure sal betaal.	Om betalings aan krediteure vooruit te skat.

#### Verkope

- 'n Besigheid se hoofbron van inkomste is verkope. Dit kan vir kontant of op krediet wees.
- Kontantverkope word onmiddellik ontvang en sal as 'n ontvangste op die kontantbegroting in die maand van verkope ingeskryf word.
- Die geld van kredietverkope sal in die toekoms van debiteure ingevorder word.
- Die kontant- en kredietverkope kan op grond van die gegewe inligting bereken word.



**WERKLIKE VERKOPE:**

Hierdie is verkope wat in die maande voor die begrote tydperk plaasgevind het. 'n Gedeelte van die kredietverkope kan in die begrote tydperk ingevorder word.

**BEGROTE VERKOPE:**

Hierdie is die geskatte verkope vir die begrote tydperk.



## 4.2 Debiteure-invorderingskedule

Gebruik die volgende stappe wanneer jy die debiteure-invorderingskedule opstel:

1. Bereken en skryf die kredietverkope in.
2. Neem elke maand en skryf die persentasie wat in daardie maand ontvang sal word, in.
3. Doen die berekeninge deur kredietverkope te gebruik om die bedrag wat van debiteure ontvang sal word, uit te werk.
4. Tel die kolomme vir elke maand op.



### Uitgewerkte voorbeeld 1

Stel die debiteure-invorderingskedule vir Julie, Augustus en September 2011 op deur die onderstaande inligting te gebruik.

1. 60% van totale verkope is vir kontant.
2. Daar word verwag dat debiteure soos volg sal betaal:
  - 50% in dieselfde maand as die kredietverkopetransaksies onderhewig aan 'n 10%-korting
  - 30% in die maand ná die kredietverkopetransaksie
  - 17% in die tweede maand ná die kredietverkopetransaksie
  - 3% sal na verwagting afgeskryf word

3. **Totale verkope:**

- **Werklik**
  - Junie 2011 R160 000
- **Begroot**
  - Julie 2011 R150 000
  - Augustus 2011 R180 000
  - September 2011 R200 000

Hierdie 3% is as 'n oninbare skuld afgeskryf en sal nie deel van die debiteure-invorderingskedule wees nie, aangesien geen kontant van oninbare skulde ontvang sal word nie.

**Antwoord: uitgewerkte voorbeeld 1 (sien bladsy 72)**

Alhoewel Junie nie in die begrote tydperk val nie, sal sommige van Junie se kredietverkope in Julie en Augustus ingevorder word.

	Kredietverkope	Julie		Augustus		September	
Jun 2011	R64 000	30%	19 200	17%	10 880		
Jul 2011	R60 000	50% – 10%	27 000	30%	18 000	17%	10 200
Aug 2011	R72 000			50% – 10%	32 400	30%	21 600
Sep 2011	R80 000					50% – 10%	36 000
			R46 200		R61 280		R67 800

Bereken eers 50% van die kredietverkope en trek dan die 10% korting van hierdie syfer af. [50% – 10% is nie 40% nie!]

**Verduidelikings**

Stap 1	Stap 2	Stap 3
Bereken en skryf kredietverkope in. Kontantverkope = 60% Kredietverkope = 40%	Skryf in % wat in elke maand ingevorder sal word.	Doen die berekeninge om die bedrag vir kredietverkope in elke maand ingevorder uit te werk.
Jun: $R160\,000 \times 40\% = R64\,000$ Jul: $R150\,000 \times 40\% = R60\,000$ Aug: $R180\,000 \times 40\% = R72\,000$ Sep: $R200\,000 \times 40\% = R80\,000$	Sien antwoord hierbo	<p><b>Junie-kredietverkope:</b> geen berekening, omdat dit nie deel van invorderingsperiode is nie</p> <p>Jul: <math>R64\,000 \times 30\% = R19\,200</math> Aug: <math>R64\,000 \times 17\% = R10\,880</math></p> <p><b>Julie-kredietverkope:</b> Jul: <math>R60\,000 \times 50\% = R30\,000</math> <math>R30\,000 - 10\% = R27\,000</math> Aug: <math>R60\,000 \times 30\% = R18\,000</math> Sep: <math>R60\,000 \times 17\% = R10\,200</math></p> <p><b>Augustus-kredietverkope:</b> Aug: <math>R72\,000 \times 50\% = R36\,000</math> <math>R36\,000 - 10\% = R32\,400</math> Sep: <math>R72\,000 \times 30\% = R21\,600</math></p> <p><b>September-kredietverkope:</b> Sep: <math>R80\,000 \times 50\% = R40\,000</math> <math>R40\,000 - 10\% = R36\,000</math></p>

## 4.3 Krediteurebetalingskedule (krediteurebegroting)

Die volgende moet in aanmerking geneem word wanneer die krediteurebegroting opgestel word:

- Wanneer en hoeveel voorraad op krediet gekoop word, en
- Wanneer is dit betaalbaar?

Dit is deel van die tweede stap in die voorbereiding van die hoofbegroting.

Hierdie inligting moet tweeledig verstaan word:

- Dat die voorraadsaldo aan die begin van die maand elke maand dieselfde is, en
- Dat totale aankope gelyk is aan Koste van Verkope wanneer aankope nie gegee word nie.

### ILLUSTRATIEWE AKTIWITEIT:

#### VERLANG:

Bereken die verwagte betalings aan krediteure vir krediet aankope vir die begrotingstydperk Januarie tot Maart 2014.



Die Openingsvoorraadsaldo bly behoue as die voorraadbasis.

#### INLIGTING:

Dit beteken dat aankope op krediet in Desember aan die einde van Januarie betaal word.

- Krediteure word ten volle betaal in die opvolgende maand na aankope

<b>WERKLIKE KONTANT</b> – aankope van handelsvoorraad	November 2013	R10 000
	Desember 2014	R12 000
<b>BEGROTE KONTANT</b> – aankope van handelsvoorraad	Januarie 2014	R10 000
	Februarie 2014	R13 000
	Maart 2014	R14 500

<b>WERKLIKE KREDIET</b> – aankope van handelsvoorraad	November 2013	R14 000
	Desember 2013	R12 000
<b>BEGROTE KREDIET</b> – aankope van handelsvoorraad	Januarie 2014	R10 000
	Februarie 2014	R12 000
	Maart 2014	R13 000

Die volgende sjabloon is die instruksie-interpretasie dat die Krediteure in die opvolgende maand betaal sal word:

1	NOV	14 000	Hierdie bedrag word einde Desember betaal, hoewel die bedrag nie deel is van die begrote maand nie.
2	DES	12 000	R12 000 word einde Januarie betaal en is deel van die begrote maande.
3	JAN	10 000	R10 000 word betaal einde Januarie en Februarie en is deel van die begrote maande.
4	FEB	12 000	R12 000 word betaal einde Februarie en Maart en is deel van die begrote maande.
5	MAR	13 000	Hierdie bedrag word einde April betaal en is nie deel van die begrote maande nie.

### OPLOSSING:

#### KREDITEUREBETALINGSKEDULE: Begrote tydperk: Jan – Mar 2014

MAAND	KREDIET-AANKOPE	BEGROTE TYDPERK				
		NOV	DES	JAN	FEBR.	MAART
1 NOV	14 000					
2 DES	12 000			12 000		
3 JAN	10 000				10 000	
4 FEB	12 000					12 000
5 MAR	13 000					
Betelings aan krediteure				* 12 000	* 10 000	* 12 000

\* Krediteure word ten volle aan die einde van die opvolgende maand vir aankope betaal

### UITTREKSEL UIT KONTANTBEGROTING:

#### KONTANTBETALINGS:

KONTANTBETALINGS	JANUARIE	FEBRUARIE	MAART
Kontantaankope	10 000	13 000	14 500
Betelings aan krediteure	12 000	10 000	12 000

Voorbeeld van 'n krediteurebetalingskedule:

### GEVRA:

Berei 'n Aankoopbetalingskedule vir KIMA TRADERS voor vir Januarie 2014 tot Maart 2014.

### INLIGTING:

#### VERKOPEVOORUITSKATTING:

Januarie	R126 000
Februarie	R130 000
Maart	R144 000

#### SALDO'S OP 31 DESEMBER 2013

Handelsvoorraad	R75 000
Krediteure	R60 000



Wanneer die krediet-aankope nie gegee word nie, bereken die koste van verkope uit die gegewe totale verkope (R6 000).

VB. Kostes van verkope = 50% van koste

Berekening:

$\text{Verkope} \times 100/150 =$

Koste van verkope (Aankope)

$6000 \times 100/150 =$

**AANVULLENDE INLIGTING:**

1. Die winsopslag is gelyk aan 100% op Kosprys.
2. Kontantaankope van handelsvoorraad bedra slegs 20% van alle aankope.
3. Alle krediet aankope word in die maand na die aankopemaand betaal.
4. Voorraadaanvulling vind maandeliks plaas en die openingsaldo bly behoue as die basisvoorraad.

**PROSEDURE OM TE VOLG:**

1. Bepaal die begrotingsmaande:  
Antwoord: Januarie tot Maart 2014.
2. Gee die vraag die voorraadaankope?  
Antwoord: Nee, daarom is die Koste van Verkope gelyk aan die aankope van voorraad.

**VERDUIDELIKINGS:**

<p><b>1</b> Die winsopslag is gelyk aan 100% op kosprys.</p> <p><b>Formule:</b></p> <p><b>Kosprys:</b> 100%</p> <p><b>+ Wins:</b> 100%</p> <p><b>= Verkope:</b> 200%</p>	<p>Die voorraadaankope word nie gegee nie, daarom moet die Koste van Verkope bereken word om die voorraadaankopebedrag te bepaal:</p> <p><b>Januarie:</b> <u>Krediteuresaldo</u> word einde Januarie betaal: R60 000 (die saldo is die krediet aankope in Desember).</p> <p><b>Februarie:</b> Gebruik <u>Januarie</u> se verkopesyfer om die Koste van Verkope te bereken wat gelyk is aan aankope:  <math>126\ 000 \times 100/200 = R63\ 000</math> (Koste van Verkope)</p> <p><b>Maart:</b> Gebruik <u>Februarie</u> se verkopesyfer om die Koste van Verkope te bereken: <math>130\ 000 \times 100/200 = R65\ 000</math> (Koste van Verkope)</p> <p><b>Kontantaankope vir Maart:</b> Gebruik <u>Maart</u> se verkopesyfer om die Koste van Verkope te bereken. Jy het die syfer nodig om die kontantaankope vir Maart te bepaal: <math>144\ 000 \times 100/200 = R72\ 000</math> (Koste van Verkope)</p>
<p><b>2</b> Kontantaankope van handelsvoorraad bedra slegs 20% van alle aankope. Dus is krediet aankope 80% van alle aankope.</p>	<p><b>Januarie:</b> <math>R63\ 000 \times 20\% = R12\ 600</math> kontantaankope in Januarie  <math>(R63\ 000 \times 80\% = R50\ 400</math> betaling van rekening in Februarie)</p> <p><b>Februarie:</b> <math>R65\ 000 \times 20\% = R13\ 000</math> kontantaankope vir Februarie  <math>(R65\ 000 \times 80\% = R52\ 000</math> betaling van rekening in Maart)</p> <p><b>Maart:</b> <math>R72\ 000 \times 20\% = R14\ 000</math> kontantaankope vir Maart</p>
<p><b>3</b> Alle krediet aankope word betaal in die maand opvolgend tot die aankopemaand.</p>	<p>Dit beteken dat die krediteure die volgende maand betaal word. Alle aankope in Januarie word einde Februarie betaal.</p>
<p><b>4</b> Voorraadaanvulling vind maandeliks plaas en die openingsaldo bly behou as die basisvoorraad.</p>	<p>Dit beteken dat die openingsvoorraad dieselfde bly vir elke maand. Sien die illustrasie hieronder.</p>

Jy moet die verkopesyfer gebruik om die maandelikse koste van verkope te bereken.





## ILLUSTRASIE: BEREKENING VAN DIE AANKOPEHOEVEELHEDE VAN VOORRAAD

**“VOORRAADAANVULLING VIND MAANDELIKS PLAAS EN DIE OPENINGSALDO BLY BEHOUE AS DIE BASISVOORRAAD.”**

Hier is 'n illustrasie van wat dit beteken:

- As die openingsaldo dieselfde is vir elke gegewe maand, sal die Koste van Verkope outomaties gelyk wees aan die totale aankope.
- Dus, as die voorrade aangekoop nie gegee word nie, bereken die Koste van Verkope.
- Bepaal die verhouding tussen krediet- (bv. 80%) en kont- (bv. 20%) aankope.
- Voltooi die Krediteurebetalingskedule.

## ALGEMENE GROOTBOEKREKENING VAN KIMA HANDELAARS

DT				HANDELSVOORRAADREKENING				N	KT
Jan	1	Saldo	a/b	75 000	Jan	31	(126 000 × 100/200) Koste van verkope		63 000
		Bank (63 000 × 20%)		12 600			Saldo	o/d	75 000
		63 000 × 80%		50 400					
		Krediteurekontrole							
				138 000					138 000
Feb	1	Saldo	a/b	75 000	Feb	28	(130 000 × 100/200) Koste van verkope		65 000
		Bank (65 000 × 20%)		13 000			Saldo	o/d	75 000
		Krediteurekontrole (80%)		52 000					
Mar	1	Saldo	a/b	75 000	Mar	31	(144 000 × 100/200) Koste van verkope		72 000
		Bank (72 000 × 20%)		14 400			Saldo	o/d	75 000
		Krediteurekontrole (80%)		57 600					
Apr	1	Saldo	a/b	75 000					

### OPLOSSING:

**KREDITEUREBETALINGSKEDULE: Begrote tydperk: Januarie tot Maart 2014**

MAAND	AANKOPE	KREDIET-AANKOPE	BEGROTE TYDPERK				
			NOV	DES	JAN	FEBR.	MAART
Krediteuresaldo					60 000		
JAN	63 000	50 400				50 400	
FEBR	65 000	52 000					52 000
MAART	72 000	57 600					
Betaling aan krediteure					60 000	50 400	52 000

**UITTREKSEL UIT DIE KONTANTBEGROTING:  
KONTANTBETALINGS:**

KONTANTBETALINGS	JANUARIE	FEBRUARIE	MAART
Kontantaankope	12 600	13 000	14 400
Betalings aan krediteure	60 000	50 400	52 000

Waarde-  
vermindering en  
oninbare skulde sal ingesluit  
wees in die geprojekteerde  
inkomstestaat, maar NIE  
in die kontantbegroting nie  
omdat dit nie-kontantitems  
is (d.w.s. hulle beïnvloed nie  
die kontantvloeï van  
die besigheid nie).



## 4.3 Ontleding van kontantbegroting



### Uitgewerkte voorbeeld 2

Voorbeeld aangepas uit Maart 2010 NSS-vraestel – sien Feb/Mrt 2010 Vraestel 1 by:

<http://www.education.gov.za/Examinations/PastExamPapers/AccountingPapers2010/tabid/507/Default.aspx>

Jy word voorsien van die Geprojekteerde Inkomstestaat en bykomende inligting met betrekking tot Helen Haarkappers vir die tydperk April tot Junie 2010. Helen Davids is die eienaar van die onderneming. Helen het ook 'n kontantbegroting vir dieselfde tydperk voorberei. Die finansiële jaar eindig op 31 Maart.

#### Inligting

##### HELEN HAARKAPPERS

##### Geprojekteerde Inkomstestaat vir April tot Junie 2010

	APRIL	MEI	JUNIE
	R	R	R
Verkope van haarprodukte	87 500	105 000	122 500
Koste van verkope	50 000	60 000	70 000
<b>Bruto wins</b>	<b>37 500</b>	<b>45 000</b>	<b>52 500</b>
Ander bedryfsinkomste	122 000	122 000	162 000
Fooi-inkomste van klante	120 000	120 000	160 000
Diverse inkomste	2 000	2 000	2 000
<b>BEDRYFSUITGAWES</b>	<b>95 350</b>	<b>120 072</b>	<b>127 372</b>
Salaris van haarkappers	25 500	25 500	34 000
Lone van skoonmaker	3 400	3 672	3 672
Huur van perseel	24 600	30 750	30 750
Verbruiksgoedere	14 400	14 400	19 200
Water en elektrisiteit	6 000	6 000	7 000
Telefoon	2 200	2 200	2 200
Advertensies	8 000	15 000	8 000
Voertuiguitgawes	1 400	5 600	5 600
Herstelwerk en onderhoudskoste van toerusting	3 500	3 500	3 500
Diverse uitgawes	2 300	2 300	2 300
Waardevermindering op voertuie	2 000	9 100	9 100
Waardevermindering op toerusting	2 050	2 050	2 050
<b>BEDRYFSWINS</b>	<b>64 150</b>	<b>46 928</b>	<b>87 128</b>
Rente-inkomste	3 315	0	0
	67 465	46 928	87 128
Rente op lening	750	625	500
<b>NETTO WINS</b>	<b>66 715</b>	<b>46 303</b>	<b>86 628</b>

## Addisionele inligting

### 1. Bedryf:

Helen het haar werk in 2004 bedank om hierdie besigheid te begin. Sy het al haar spaargeld van R800 000 in hierdie besigheid belê. Die besigheid stiler (doen) klante se hare. Hulle verkoop ook haarprodukte aan die publiek.

### 2. Werkers:

Helen het drie haarkappers in diens. Sy het beplan om die besigheid uit te brei deur 'n vierde haarkapper vanaf 1 Junie 2010 aan te stel. Sy het ook 'n skoonmaker in diens.

### 3. Huur van besigheidspersoneel:

Die huur word op 'n vaste bedrag per vierkante meter bereken. Sy huur tans 60 vierkante meter, maar sal die vloerruimte vanaf 1 Mei 2010 vergroot as gevolg van uitbreiding.

### 4. Vaste deposito:

Die vaste deposito van R468 000 is vir 12 maande en sal op 30 April 2010 verval.

## Vrae

Verwys na die Geprojekteerde Inkomstestaats om die volgende te identifiseer/bereken:

1. Die maandelikse salaris wat aan elke haarkapper betaal word. [2]
2. Die % verhoging in lone wat die skoonmaker gedurende die geprojekteerde periode sal ontvang. [2]
3. Die % rentekoers op die vaste deposito. [4]
4. Die huur per vierkante meter en die aantal addisionele vierkante meter wat sy vanaf 1 Mei 2010 sal huur. [4]
5. As die interne ouditeur, vergelyk jy die volgende geprojekteerde syfers met die werklike syfers aan die einde van April. Noem vier opmerkings wat jy in die ouditeursverslag met betrekking tot scenario A, B en C hieronder sal insluit. [8]

		Geprojekteer April 2010	Werklik April 2010
A	Telefoon	2 200	4 150
B	Water en elektrisiteit	6 000	4 900
C	Fooi-inkomste	120 000	136 800
	Verbruiksgoedere	14 400	15 120

## Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 2

1. Berekening van die maandelikse salaris aan elke haarkapper:

$$R25\,500 \div 3 = R8\,500 \checkmark \checkmark$$


$$\text{or } R34\,000 \div 4 = R8\,500$$

[2]

### Verduideliking om jou te help om die antwoord hierbo te verstaan:

- Daar is 3 haarkappers in April en Mei, en 4 haarkappers in Junie.
- Deel daarom die salaris (April of Mei) deur 3 haarkappers ( $R25\,000 \div 3 = R8\,500$ )
- OF Deel die Junie-salaris deur 4 haarkappers ( $R34\,000 \div 4 = R8\,500$ )

Dit is belangrik vir interne beheerdoeleindes om werklike syfers met begrote syfers te vergelyk. Sodoende kan moontlike probleme in verband met uitgawes of inkomste reggestel word.



2. Berekening van die % verhoging in loon wat die skoonmaker gedurende die geproekteerde periode sal ontvang:

$$272 \div 3\,400 \times 100 = 8\% \checkmark\checkmark$$

[2]

**Verduideliking om jou te help om die antwoord hierbo te verstaan:**

- Bereken die loonverhoging deur die loon van Mei van die loon van April af te trek ( $R3\,672 - R3\,400 = R272$ )
- Bereken die persentasie verhoging ( $R272 \div R3\,400 \times 100 = 8\%$ )

3. Berekening van % rentekoers op die vaste deposito:

$$3\,315 \checkmark \div 468\,000 \checkmark \times 12 \text{ maande} \checkmark \times 100 = 8,5\% \checkmark$$

OF

$$3\,315 \times 12 \text{ maande} = R39\,780$$

$$\frac{39\,780}{468\,000} \times 100 = 8,5\%$$

[4]

**Verduideliking om jou te help om die antwoord hierbo te verstaan:**

Rente op vaste deposito = R3 315 (rente-inkomste in Geproekteerde Inkomstestaat)

Vaste deposito = R468 000 (sien inligting nr. 4)

$$\frac{3\,315}{468\,000} \times \frac{100}{1} \times 12 \text{ (maande)}$$

$$= 8,5\%$$

4. Berekening van huur per vierkante meter:

$$24\,600 \div 60 = R410 \checkmark\checkmark$$

[2]

**Verduideliking om jou te help om die antwoord hierbo te verstaan:**

Huuruitgawe vir April = R24 600 (sien Geproekteerde Inkomstestaat)

R24 600 is die bedrag betaal vir 60 vierkante meter

Om die huurkoste per vierkante meter te bereken, moet jy die totale huur deur 60 deel

$$R24\,600 \div 60 = R410$$

Berekening van aantal addisionele vierkante meter wat sy vanaf 1 Mei 2010 sal huur:

$$30\,750 \div 410 = 75 \text{ vierkante meter} \checkmark\checkmark \text{ OF}$$

$$60 \times 30\,750 \div 24\,600 = 75 \text{ vierkante meter} \checkmark\checkmark$$

$$\text{Toename} = 75 - 60 = 15 \text{ vierkante meter} \checkmark\checkmark$$

[2]

**Verduideliking om jou te help om die antwoord hierbo te verstaan:**

Huuruitgawe vir Mei = R30 750 (sien Geproekteerde Inkomstestaat)

$$R30\,750 \div R410 = 75 \text{ vierkante meter}$$

$$75 - 60 \text{ (oorspronklike vierkante meter)} = 15 \text{ bykomende vierkante meter}$$

5. Gee vier opmerkings wat jy in jou interne ouditeursverslag met betrekking tot scenario A, B en C sal insluit. [8]

A	<b>Opmerking oor die telefoon:</b> Die telefoonkoste oorskrei die verwagte bedrag met R1 950. ✓✓
B	<b>Opmerking oor water en elektrisiteit:</b> Die water- en elektrisiteitskoste is R1 100 minder as die verwagte bedrag. ✓✓
C	<b>Opmerking oor fooi-inkomste en verbruiksvoorraad;</b> Daar was 'n goeie toename ✓ in fooi-inkomste van R16 800 ✓ (R136 800 – R120 000) wat aantoon dat die besigheid gewild is by die klante. Die verbruiksvoorraad (bv. sjampoe, opknappers) het effens toegeneem met R720 (R15 120 – R14 400) omdat die besigheid meer klante bedien het. ✓✓



### Wanneer opmerkings gemaak word oor werklike syfers, gebruik die volgende stappe:

1. Vergelyk werklike met begrote syfers en sê of die werklike syfer meer of minder as die begrote syfer is.
2. Besluit en sê of die uitgawe- of inkomste-item goed onder beheer was of nie (binne die begroting of nie).



Jy sal 'n punt vir stappe 1 en 2 verdien. Dit is maklike punte!



Hieronder is 'n lys van voorgestelde vrae uit vorige eksamenvraestelle vir ekstra oefening:

Onderwerp	Vraestel	Vraag
Geprojekteerde Inkomstestaat	Februarie/Maart 2009	3
Geprojekteerde Inkomstestaat	Februarie/Maart 2010 -	6
Kontantbegroting	Februarie/Maart 2011	1
Kontantbegroting	Februarie/Maart 2012	5
Kontantbegroting	November 2013	5.2



# 5 Hoofstuk

## Rekonsiliasies

Rekonsiliasie is 'n vorm van interne beheer, waar twee stelle inligting vergelyk word. Wanneer daar verskille is, moet hulle reggestel of verduidelik word.

Bankrekonsiliasie	Debiteurerekonsiliasie	Krediteurerekonsiliasie
Die saldo in die bankrekening in die onderneming se algemene grootboek behoort dieselfde te wees as die saldo op die bankstaat ontvang van die bank. Indien dit nie ooreenstem nie, moet hulle gerekonsilieer word.	Die saldo van die debiteurerekontrole rekening behoort ooreen te stem met die totaal van die debiteurelys. Indien dit nie ooreenstem nie, moet hulle gerekonsilieer word.	Die saldo van die krediteurerekontrole rekening behoort ooreen te stem met die totaal van die krediteurelys. Die staat van die krediteure ontvang moet dieselfde wees as elke krediteur se saldo in die krediteuregrootboek van die besigheid. Indien dit nie ooreenstem nie, moet hulle gerekonsilieer word.



## 5.1 Bankrekonsiliasie

'n Opsomming van alle moontlike **VERSKILLE** tussen KOJ/KBJ en die Bankstaat. Maak seker dat jy weet hoe om al die verskillende transaksies aan te teken voor jy die Graad 12 KAVB-Rekonsiliasievrae beantwoord.

<b>1. Bankkoste en rente gehef op die bankstaat –</b>  ABSA-bankkoste is soos volg: Belastingheffing R10 Diensfooie R20 Kontantdepositofooie R30 Rente R40	<b>KBJ – Mei 2014</b>				
	BS	ABSA-bank (10+20+30)	60	60	Bankkoste
	BS	ABSA-bank	40	40	Oortrekkingsrente
<b>2. Rente verdien / ontvang op die Bankstaat –</b>  Die bankstaat toon rente verdien op die lopende rekening: R50	<b>KOJ – Mei 2014</b>				
	BS	ABSA-bank	50	50	Rente op lopende rekening
<b>3. Direkte deposito op die Bankstaat</b>  Bv. 'n Huurder, E Baloyi, het sy huurgeld direk in die bankrekening inbetaal: R800.	<b>KOJ – Mei 2014</b>				
	BS	E Baloyi	800	800	Huurontvangste
<b>4. Aftrekorders / Debietorders op die Bankstaat –</b>  Die bankstaat toon 'n aftrekorder vir R367 ten gunste van Santam synde betaling van 'n versekeringspremie.	<b>KBJ – Mei 2014</b>				
	BS	Santam	367	367	Versekering
<b>5. Tjeks uitgereik in KBJ maar nog nie vir betaling aangebied nie –</b>  Die volgende tjeks verskyn nie op die bankstaat nie: nrs. 67 vir R200 en 69 vir R300.	<b>Bankversoeningstaat – Mei 2014</b>				
	Debiteur uitstaande tjeks:				Debiet
	67				200
<b>6. Deposito's in KOJ, maar verskyn nie op bankstaat nie –</b>  Die deposito op die laaste dag van die maand is nie op die bankstaat nie: R9 000	Krediteer laat deposito				Krediet
					9 000
<b>7. GEWEIERDE TJEKS – Onvoldoende fondse</b>  Onbetaalde tjek: R170 – die tjek is ontvang van P Pillay as betaling van sy rekening van R183 en gedeponeer op 24 Mei 2014. Dit is geweier weens onvoldoende fondse.	<b>KBJ – Mei 2014</b>				
	DS	P Pillay (VT-tjek)	170	170	Debiteurekontrole



<b>8. VOORUITGEDATEERDE TJEKS:</b> Ontvang en gedeponeer  Onbetaalde tjek: R157 – die tjek is ontvang van 'n huurder, B Bud, en per ongeluk gedeponeer op 21 Mei 2014. Dit is gedishonoreer omdat die tjekdatum 21 Julie 2014 is.	KBJ- Mei 2014 – Mei 2014				
	BS	B Bud (VT-tjek)	157	157	Huurontvangste
<b>9. VOORUITGEDATEERDE TJEKS:</b> Uitgereik  <i>Inskrywing in die KBJ wat nie op die bankstaat verskyn nie:</i>  Die besigheid het 'n vooruitgedateerde tjek, nr. 303 gedateer 25 Julie 2014, uitgemaak aan 'n fabriek om te verseker dat gewilde voorraad afgelewer word.	Bankversoeningstaat – Mei 2014				
	Debiteur uitstaande tjeks: 303 (25 Julie 2014)			Debiet 6 000	Krediet
<b>10. VEROUDERDE TJEK:</b> Tjek uitgemaak (tjek is ouer as 6 maande).  <i>Inskrywing op Bankversoeningstaat op 30 April 2014 wat nie op die bankstaat verskyn nie – Mei 2014:</i>  Tjek nr. 120 is uitgereik aan Shezi Stat op 20 November 2013 vir skryfbehoeftes: R100.	KOJ – May 2014				
	120	Shezi Stat (kanselleer verouderde tjek)	100	100	Skryf-behoeftes
<b>11. VEROUDERDE TJEK:</b> Ontvang en geweier Inskrywing op bankstaat wat nie in KOJ of KBJ voorkom nie:  Onbetaalde tjek: R160 – dié tjek is ontvang van 'n debiteur, J. Nel, en per ongeluk gedeponeer op 25 Mei 2014. Dit is geweier omdat dit 25 Mei 2013 gedateer is.	KBJ – Mei 2014				
	DS	J Nel (VT-tjek)	160	160	Debiteurekontrole
<b>12. VERLORE TJEK: uitgemaak</b> (Slegs nuwe tjek indien per instruksie →)  a. <b>kanselleer</b> verlore tjek in KOJ b. <b>maak</b> nuwe tjek uit in KBJ c. skryf nuwe tjek in as “debiteur uitstaande tjek” in die Bankversoeningstaat.  Tjek nr. 255 vir R500 is verloor deur PNA en hulle het gevra vir 'n nuwe tjek. Tjek nr. 255 moet gekanselleer en vervang word deur tjek 365. Die tjek was betaling vir drukwerk.	KOJ – Mei 2014 (a) kanselleer verlore tjek				
	255	PNA (Kanselleer verlore tjek)	500	500	Drukwerk
	KBJ – Mei 2014 (b) Maak 'n nuwe tjek uit				
	365	PNA	500	500	Drukwerk
	Bankversoeningstaat – Mei 2014				
	(c) Skryf nuwe tjek in as uitstaande			Debiet 500	Krediet



<b>FOUTE BEGAAN DEUR DIE BESIGHEID IN DIE KOJ EN KBJ</b> <b>13. FOUTE IN KOJ EN KBJ:</b> Bedrag minder as wat dit moet wees →  Tjek nr. 253 toon op die Bankstaat 'n bedrag van R664, terwyl die bedrag in die KBJ R646 is. Dit is 'n betaling aan Makro vir goedere.	<b>KBJ – Mei 2014</b>				
	453	Makro (ondermatig, 654 – 545)	18	18	Handelsvoorraad
<b>14. FOUTE IN KOJ OF KJB:</b> Bedrag meer as wat dit moet wees →  Tjek nr. 244 toon op die Bankstaat 'n bedrag van R250, terwyl die bedrag in die KBJ R258 is. Dit is 'n betaling aan Investec vir huur.	<b>KOJ – Mei 2014</b>				
	244	Investec (oorbetaling, 258 - 250)	8	8	Huuruitgawe
<b>FOUTE DEUR BANK OP BANKSTAAT GEMAAK</b> <b>15. Tjek van 'n ander bankkliënt foutiewelik teen ons bankrekening gedebiteer.</b>  Tjek nr. 2230 vir R1 500 op die bankstaat is 'n tjek van 'n ander bankkliënt, ZITHA Stores, gedebiteer teen ons bankrekening.	<b>Bankversoeningstaat – Mei 2014</b>				
	Krediteer tjek nr. 2230 foutiewelik gedebiteer			Dt.	Kt.
					1500
<b>16. Deposito foutiewelik aan ons bankrekening gekrediteer</b>  Die deposito op 15 Mei 2014 van R2 000 soos getoon op die bankstaat is 'n deposito wat die eienaar in sy eie rekening gemaak het, maar die bank het die deposito foutiewelik aan die besigheid se bankrekening gekrediteer.	<b>Bankversoeningstaat – Mei 2014</b>				
	Debiteer deposito foutiewelik gekrediteer			Dt.	Kt.
				2 000	

C	<b>Formaat van die Bankversoeningstaat</b>		
	<b>Bankversoeningstaat OP 31 Maart 2012</b>		
		<b>DEBIET</b>	<b>KREDIET</b>
	Kredietsaldo soos per Bankstaat		8 000
	Krediet deposito nie gekrediteer deur die Bank		3 000
	Debiteer uitstaande tjeks:		
	124	4 000	
	170	1 000	
	Debiteer deposito foutiewelik gekrediteer (foute deur Bank)	1 500	
	Krediteer tjek foutiewelik gedebiteer		500
	Debiteer saldo soos per die Bankrekening		5 000
		11 500	11 500

Begin altyd met die saldo van die Bankstaat en eindig met die berekende saldo van die Bankrekening.

Die debiet- en krediettotale van die Bankversoeningstaat moet gelyk wees, d.w.s. R11 500.

## 5.2 Debiteurerekonsiliasie

Hierdie is die stappe wat die boekhouer volg om die verskille tussen die debiteurekontrolerekening en die debiteurelys reg te stel:

- a) Kontroleer inskrywings in die joernale teen die brondokumente.
  - b) Kontroleer optel van joernale.
  - c) Kontroleer oorboeking van joernale na algemene en debiteuregrootboeke.
- A. Prosedure wat gevolg moet word wanneer die saldo's van die debiteurekontrolerekening en die debiteurerekening nie klop nie.**
- 1.** Die **INSKRYWING** in die joernaal sal op 'n **daaglikse basis na die debiteuregrootboek** oorgedra word en die **TOTAAL** aan die einde van die joernaal sal aan die **einde van die maand** na die **kontrolerekening** oorgedra word.
  - 2.** Wanneer die saldo van die Debiteurekontrolerekening nie ooreenstem met die totaal van die Debiteurelys nie, moet jy bepaal waar die fout is. Is die fout in die kontrolerekening of in die debiteurelys?
  - 3.** Kom die fout voor in die oorspronklike INSKRYWING of in die joernaal se TOTAAL? As die INSKRYWING foutief is, sal die TOTAAL ook foutief wees, daarom moet die kontrolerekening en die lys ook reggestel word.
  - 4.** Bestudeer die volgende voorbeelde.  
Die volgende reëls sal jou help wanneer jy die Debiteurekontrolerekening met die debiteurelys vergelyk. Die debiteurelys bestaan uit die saldo's van die debiteure uit die Debiteuregrootboek.

**4.1** Voorbeeld: Die INSKRYWING word daagliks na die Debiteurgrootboek (debiteurelys) oorgedra en die TOTAAL word op die maandeinde, na die kontrolerekening oorgedra.

The diagram illustrates the relationship between a Journal (Joernaal) and a Debitors Ledger (Debiteurgrootboek). The Journal has columns for Name (Naam) and Debit (Inskrywing), with a total row. The Debitors Ledger has columns for Debtor Name (Naam van debiteur), Debit (Dt), Credit (Kt), and Balance (a/b). Arrows show the flow of data: from Journal Name to Ledger Name, from Journal Debit to Ledger Debit, and from Journal Total to Ledger Credit.

Die INSKRYWING gaan na die debiteuregrootboek of/na die Debiteurelys

#### 4.2 Voorbeeld: Verkoop goedere aan Monki vir R10 en maak faktuur uit.

The diagram illustrates the flow of data from a **Debiteurejoernaal** (Debitors Journal) to a **Debiteuregrootboek** (Debitors Ledger) and then to a **Debiteurekontrolle** (Debitors Control).

**Debiteurejoernaal:**

Debiteurejoernaal	
Monki	10
	10

**Debiteuregrootboek:**

Debiteuregrootboek			
Naam van debiteur	Dt	Kt	a/b
Faktuur	10		

**Debiteurekontrolle:**

Dt.	Debiteurekontrolle	Kt.
Verkope Dj	10	

Arrows indicate the flow of data: from the **Debiteurejoernaal** to the **Debiteuregrootboek** (specifically to the 'Faktuur' row), and from the **Debiteuregrootboek** to the **Debiteurekontrolle** (specifically to the 'Verkope Dj' row).

Die TOTAAL van die  
Debiteurejoernaal word na die  
Kontrolerekening oorgedra aan  
die einde van die maand.

5. Die volgende is sommige van die foute en uitlatings wat kan voorkom:
  - Foute op brondokumente.
  - Inskrywingsfoute in Aanvullende Joernale.
  - Foutiewe oordra van die Joernale na die Algemene Grootboek en die Debiteure- en Krediteuregrootboek.
  - Foutiewe byvoegings in die debiteure- en krediteurelyste.
  - Foutiewe byvoeging van Joernaaltotale – te veel (oormatig) – te min (ondermatig)

Basiese reël:

Debiteurejoernaal	
	Inskrywing
	50
	60
	Totaal
	110

Debiteurgrootboek (Debiteurelys)			
	Dt	Kt	Saldo
Faktuur	Inskrywing		
	50		

ALGEMENE GROOTBOEK:

Dt.	Debiteurekontrole (A)	Kt.
	total	
Verkope	110	

### BASIESE REËLS:

- Die individuele inskrywing gaan na die debiteurrekening in die Debiteurgrootboek.
- Die Joernaaltotaal sal oorgedra word na die Debiteurekontrolerekening.
  - Die INSKRYWING gaan daagliks na die Debiteurgrootboek.
  - Die TOTAAL word oorgedra na die Debiteurekontrolerekening aan die einde van die maand.
- As die transaksie nagegaan word, moet jy vasstel waar die fout ingesluip het.
  - As die INSKRYWING foutief is, sal die TOTAAL ook foutief wees. Dan moet die Debiteurelys en die Debiteurekontrole reggestel word. Bv. Die inskrywing in die DG is foutiewelik aangeteken as R56 in plaas van R50.

Debiteurejoernaal	
	Inskrywing
	56 X
	60
	Totaal
	116 X

Debiteuregrootboek (Debiteurelys)			
	Dt	Kt	Saldo
Faktuur	Inskrywing		
	56 X	- 6	

ALGEMENE GROOTBOEK:

Dt.	Debiteurekontrole (A)	Kt.
	totaal	
Verkope	116 X	
	(116 - 6)	

- As die TOTAAL foutief bygetel is, is daar geen fout met die INSKRYWING nie en die fout kan slegs reggestel word in die Debiteurekontrolerekening. Bv. Die totaal van die DG was foutiewelik bereken as R100 in plaas van R110.

Debiteurejoernaal	
	Inskrywing
	50
	60
	Totaal
	100 X

Debiteuregrootboek (Debiteurelys)			
	Dt	Kt	Saldo
Faktuur	Inskrywing 50		

ALGEMENE GROOTBOEK:

Dt.	Debiteurekontrole (A)	Kt.
	totaal	
verkope	100 X	
	(100 + 10)	

- As die INSKRYWING korrek is, sal die TOTAAL ook korrek wees. Dus moet jy vasstel waar die fout lê. Die fout sal gevind word in die oordra na die grootboeke.
  - As die INSKRYWING nie na die Debiteurgrootboek oorgedra is nie, sal die INSKRYWING aangeteken wees. Bv. Die bedrag van R50 in die DG is nie oorgedra na die debiteurrekening nie.

Debiteurjoernaal		Debiteurgrootboek (Debiteurlys)			
			Dt	Kt	Saldo
	Inskrywing		Inskrywing		
	50	Faktuur	- X		
	60		50		
	Totaal				
	110				

Dt.	Debiteurkontrole (B)		Kt.
verkope	totaal		
	110		

- As die INSKRYWING aangeteken is, maar die bedrag is foutief. ONDERMATIG:  
Bv. Die bedrag van R50 in die DG was oorgedra na die debiteurrekening as R30.  
(daarom is die rekening ondermatig gekrediteer as  $R50 - R30 = R20$ )

Debiteurjoernaal		Debiteurgrootboek (Debiteurlys)			
			Dt	Kt	Saldo
	Inskrywing		Inskrywing		
	50	Faktuur	30 X		
	60		+ 20		
	Totaal				
	110				

Dt.	Debiteurkontrole (B)		Kt.
verkope	totaal		
	110		

- As die INSKRYWING korrek aangeteken is, maar die bedrag is foutief. OORMATIG:  
Bv. Die bedrag van R50 in die DG is oorgedra na die debiteurrekening as R59.  
(daarom is die rekening oormatig gedebiteer met  $R59 - R50 = R9$ )

Debiteurjoernaal		Debiteurgrootboek (Debiteurlys)			
			Dt	Kt	Saldo
	Inskrywing		Inskrywing		
	50	Faktuur	59 X		
	60			- 9	
	Totaal				
	110				

Dt.	Debiteurkontrole (B)		Kt.
verkope	totaal		
	110		

- As die INSKRYWING oorgedra is, maar na die verkeerde kant van die rekening. Die INSKRYWING is aangeteken op die kredietkant in plaas van die debietkant, dus sal die INSKRYWING twee keer op die debietkant voorkom – kanselleer die verkeerde inskrywing op die kredietkant en weer om die inskrywing op die korrekte kant te hê.

- Bv. Die bedrag van R50 in die DG is oorgedra na die debiteurerekening in die Debiteurgrootboek, maar die INSKRYWING is aangeteken op die kredietkant van die rekening (of die bewoording kan lees: die R50 is aangeteken op die kredietkant).

Debiteurejoernaal		Debiteurgrootboek (Debiteurelys)			
	Inskrywing		Dt	Kt	Saldo
	50		Inskrywing		
	60		50 +	50 X	
			50		
	Totaal	Dt.	Debiteurekontrolle (A)		Kt.
	110				

verkope	totaal
	110



## Uitgewerkte voorbeeld 1

Voorbeeld aangepas uit Maart 2012 NSS-vraestel.

Crystal Handelaars verkoop glasware vir kontant en op krediet.

### Gevra

Bestudeer die gegewe inligting en beantwoord die vrae wat volg.

1. Bereken die korrekte eindsaldo van die debiteurekontrolerekening soos op 31 Maart 2011. [5]
2. Bereken die korrekte bedrae verskuldig deur die volgende debiteure van Crystal Handelaars: [12]
  - a) R Jansen
  - b) S Wonder
  - c) P Collins

### Inligting

1. Saldo van Debiteurekontrolerekening op 31 Maart 2011, R200 000
2. Saldo's volgens Debiteurgrootboek op 31 Maart 2011:

M Carey	R64 500
R Jansen	R41 200
S Wonder	R23 000
C Dion	R51 500
P Collins	R7 900
<b>TOTAAL</b>	<b>R188 100</b>

3. Die volgende foute en weglatings is ontdek en moet reggestel word:
  - A. Die Debiteurejoernaal is met R2 600 **te veel opgetel**.
  - B. 'n Faktuur uitgereik aan S Wonder vir R1 800 is nog nie in die boeke van Crystal Handelaars aangeteken nie.
  - C. Goedere op krediet verkoop aan P Collins is foutiewelik na die rekening van R Jansen oorgeboek, R8 300.
  - D. 'n Faktuur uitgereik aan P Collins vir R6 000 is na die verkeerde kant van sy rekening oorgeboek.
  - E. 'n Tjek van R13 500, wat oorspronklik van R Jansen ontvang is om 'n faktuur van R15 000 te vereffen, is deur die bank teruggestuur as gevolg van onvoldoende fondse. Geen inskrywings is nog gemaak nie

Kan jy sien dat die saldo's in die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurgrootboek verskil?

Oormatig beteken die joernaal is verkeerd opgetel en die **bedrag is te groot**.  
(Ondermatig beteken dat die joernaal verkeerd opgetel is en dat die bedrag te klein is.)

F. Goedere op krediet verkoop aan S Wonder vir R5 800 is korrek in die Debiteurejoernaal aangeteken, maar foutiewelik as R8 500 na S Wonder se rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

## Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 1 (sien bladsy 89)

1. Bereken die korrekte eindsaldo van die debiteurekontrolerekening soos op 31 Maart 2011:

$$200\,000 \checkmark - 2\,600 \checkmark (A) + 1\,800 \checkmark (B) + 15\,000 \checkmark (E) = 214\,200 \checkmark$$

[5]

2. Bereken die korrekte bedrae verskuldig deur die volgende debiteure van Crystal Handelaars:

	Bewerkings	Antwoord
R Jansen	$R41\,200 + 15\,000 \checkmark \checkmark (E) - 8\,300 \checkmark (C) =$	$R47\,900 \checkmark$
S Wonder	$R23\,000 + R1\,800 \checkmark (B) - 2\,700 \checkmark \checkmark (F) =$	$R22\,100 \checkmark$
P Collins	$R7\,900 + 12\,000 \checkmark \checkmark (D) + 8\,300 \checkmark (C) =$	$R28\,200 \checkmark$

[12]

3.

	Fout	Verduideliking
A	Die Debiteurejoernaal is met R2 600 te veel opgetel.	Die Debiteurekontrolesaldo is R2 600 te veel. Dit moet van die Debiteurekontrolesaldo afgetrek word.
B	'n Faktuur aan S Wonder uitgereik vir R1 800 is nie in die boeke van Crystal Handelaars opgeteken nie.	Aangesien dit nie opgeteken is nie, moet dit in die Debiteurekontrolerekening en in die rekening van S Wonder in die Debiteurelys opgeteken word. Debiteurekontrole (+R1 800) S Wonder (+R1 800)
C	Voorraad op krediet aan P Collins verkoop is foutiewelik in die rekening van R Jansen opgeteken, R8 300.	Dit moet van R Jansen verwyder word en by P Collins in die Debiteurelys bygetel word. R Jansen (-R8 300) P Collins (+R8 300)
D	'n Faktuur aan P Collins uitgereik vir R6 000 is na die verkeerde kant van sy rekening oorgeboek.	Stel dit reg op P Collins se rekening in die Debiteurelys. Dit moes na die debietkant oorgeboek gewees het, maar is na die kredietkant oorgeboek. Kanselleer die krediet van R6 000 deur dit te debiteer (+R6 000). Skryf die korrekte inskrywing aan die debietkant (+R6 000).
E	'n Tjek vir R13 500, oorspronklik van R Jansen ontvang ter vereffening van 'n faktuur vir R15 000, is deur die bank as gevolg van onvoldoende fondse teruggestuur. Geen inskrywings is nog gemaak nie.	Geen inskrywings is gemaak nie. Dit moet in die Debiteurekontrolerekening en in die rekening van R Jansen in die Debiteurelys opgeteken word. Debiteurekontrole (+R13 500) → bankbedrag Debiteurekontrole (+R1 500) → korting gekanselleer R Jansen (+R15 000)
F	Goedere op krediet aan S Wonder verkoop vir R5 800 is korrek in die Debiteurejoernaal opgeteken, maar foutiewelik as R8 500 aan S Wonder se rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.	Debiteurekontrole rekening is korrek. S Wonder se rekening is foutief en moet reggestel word. Dit is as R8 500 in die Debiteuregrootboek opgeteken in plaas van R5 800. Te veel is na die debietkant van S Wonder se rekening in die Debiteuregrootboek ingeskryf. Die verskil van R2 700 moet in S Wonder se rekening gekrediteer (afgetrek) word.

## 5.3 Debiteure-ouderdomsontleding

### Inleiding

Enige besigheid moet 'n nougesette kontrole uitoefen op al die rekenings in die Debiteuregrootboek. Die debiteure-kredietbeheerder is verantwoordelik om 'n debiteur se kredietgradering na te gaan voor verdere krediet toegestaan word. Die debiteureklerk moet seker maak dat geen debiteure die kredietlimiet oorskry nie en dat betalings op tyd ontvang word volgens ooreenkoms.

Voor enige bestelling aan 'n debiteur gelewer word, moet die debiteureklerk die kredietverkope goedkeur. Die klerk moet die saldo op die debiteur se rekening verifieer asook die kredietlimiet aan die debiteur toegestaan.

'n Debiteure-ouderdomsontleding word gebruik wanneer die debiteur se grootboekrekening in tydperke opgedeel is sodat maklik vasgestel kan word hoe lank 'n rekening uitstaande is.

Wanneer ouderdomsontleding bereken word, word TWEE REËLS toegepas:

- **Terugsendings word teen die laaste verkope gekrediteer.**
- **Betalings word teen die oudste uitstaande saldo gekrediteer.**

'n Kredietnota word teen die mees onlangse faktuur gekrediteer omdat goedere gewoonlik binne 'n sekere aantal dae, bv. 7 dae, teruggestuur kan word.

'n Kwitansie word uitgereik vir betaling en korting toegestaan. Dié bedrag word gekrediteer teen die oudste bedrag verskuldig deur die debiteur.

#### Redes vir debiteure-ouderdomsontleding

- Om seker te maak debiteure kom die ooreenkoms van bv. 30 dae na.
- Om rente te hef op agterstallige saldo's ooreenkomstig die ooreenkoms.
- Om regstappe te neem as betaling nie binne 'n sekere aantal dae, bv. 90 dae, ontvang word nie.
- Om die skuld wat afgeskryf moet word, so min moontlik te maak.
- Om die besigheid se likiditeit en kontantvloei te verseker.
- Om te weet van debiteure wat by die ooreenkoms bly, en dié wat nie daarby hou nie.
- Om daardie debiteure wat 'n betalingskedsule weens vorige laat betalings onderteken het, op te volg.
- Om 'n moontlike fout wat op 'n debiteur se staat voorkom en die debiteur die korrekte bedrag betaal het sonder om die besigheid van die fout in te lig, op te volg.

#### Voorbeeld van 'n debiteur se staat en ouderdomsontleding

Bestudeer die volgende staat om berekening van ouderdomsontleding te verstaan. 'n Moontlike formaat is gebruik om Moja en Seuns se rekening oor tydperke in te deel – Februarie tot Mei. Onthou die TWEE REËLS.

- **Terugsendings word teen die mees onlangse faktuur gekrediteer.**
- **Betalings word teen die oudste uitstaande saldo gekrediteer.**



**Onthou die reël:**

Krediteer betalings teen die oudste uitstaande saldo.

Huidige maand is die staatmaand.

Die tabel hieronder is gebruik om die ouderdomsontleding te bereken.

(BEL NR: 456123)					
KIMA GROOTHANDELAARS					
Dovestraat 45					
Pretoria 1000					
NR. 77					
REKENINGSTAAT					
AAN: Moja and Seuns					
Mahlangustraat					
Timbato					
DATUM: 31 Mei 2014					
TERME: KREDIETTYDPERK: 30 dae					
KREDIETLIMIT: R5 000					
• 10% korting indien rekening binne 14 dae na aankoop betaal word					
• Rente teen 5% per maand word gehef op verskuldigde bedrae van 60 dae of meer					
Datum	Beskrywing		Debiet	Krediet	Saldo
01-03-2014	Saldo oorgebring				800
07-03-2014	Faktuur 102		2 500		3 300
28-03-2014	Kwitansie no 533			500	2 800
03-04-2014	Faktuur 125		2 400		5 200
08-04-2014	Kredietnota C66			600	4 600
29-04-2014	Kwitansie 575			400	4 200
01-05-2014	Faktuur 130		1 200		5 400
09-05-2014	Faktuur 131		700		6 100
30-05-2014	Kwitansie 621			1500	4 600
	Kwitansie 621 (korting)			150	4 450
Ouderdoms-ontleding	Huidig	30 Dae	60 Dae	90 Dae	120 Dae
	1 900	1 800	800	0	0

### Stappe om te volg om te sien hoe die Ouderdomsontleding bereken is:

Stel 'n sjabloon met maande op

Teken die fakture aan ooreenkomstig die maand waarin die voorraad ontvang is

Die betaling van R500 (Maart) moet die saldo van R800 ( $800 - 500 = 300$  steeds uitstaande) afbetaal. Dus sal R300 van die volgende betaling verhaal word.

Die R400 – (April) kwitansie moet eers die R300 in Feb ( $400 - 300 = R100$ ) betaal. Die R100 betaal 'n deel van Maart se skuld.

Die R1 500 en korting R150 (Mei), betaal 'n deel van Maart se skuld.

Transaksies:	Mei	April	Maart	Februarie
Saldo				800
Fakture	1 200 + 700	2 400	2 500	
Terugsendings		(600)		
Totale aankope per maand	1 900	1 800	2 500	800
Kwitansies en kortings				
Maart: betaling deur debiteur R500	-	-	-	(R500)
Apr: betaling deur debiteur R400	-		(100)	(300)
Mei: R1 500 + 150	-	-	(1 650)	-
Saldo	1 900	1 800	750	0

Gaan antwoord na:  $1\,900 + 1\,800 + 750 = R4\,450$

Let wel: Die ontledingstotaal moet gelyk wees aan die totale saldo op die staat en in die debiteurgrootboek.





## Uitgewerkte voorbeeld 2: Debiteure-ouderdomsontleding

Bestudeer die debiteure-ouderdomsontleding hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

	Totaal	Lopend	30–60 dae	61–90 dae	Meer as 90 dae
B Barney	R5 900	R1 800	R2 400	R1 200	R500
D Donald	R4 600	R1 400	R3 200		
Z Ndlovu	R3 000	R3 000			
<b>Totaal</b>	<b>R13 500</b>	<b>R6 200</b>	<b>R5 600</b>	<b>R1 200</b>	<b>R500</b>



Hierdie is die saldo van die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek.

### Kredietterme

- Debiteure word 60 dae vanaf datum van staat (einde van die maand) gegee om hulle skulde te vereffen.
- Debiteure wat hulle skulde binne 60 dae vereffen, ontvang 'n korting van 10%.
- Debiteure ouer as 60 dae word rente teen 12,5% p.j. gehef.

### Gevra

1. Watter debiteur(e) hou nie by die kredietterme nie? Waarom? (2)
2. Indien Z Ndlovu haar rekening vereffen nadat sy haar staat ontvang het, en binne die kredietterme, hoeveel behoort sy te betaal? (4)
3. Indien hierdie die enigste drie debiteure is, wat sal die saldo van die Debiteurekontrolerekening wees? (2)
4. Beheer hierdie onderneming sy debiteure op 'n doeltreffende manier? Verduidelik deur syfers aan te haal. (4)

[12]

Doen vrae 1-4  
weer op papier vir  
ekstra oefening



Dit is belangrik  
dat jy 'Ja' of 'Nee' moet  
antwoord. MAAR dit is  
jou verduideliking wat  
jou die punte laat  
verdien.



## Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 2 (sien bladsy 93)

1. Watter debiteur(e) hou nie by die kredietterme nie? Waarom?  
B. Barney ✓  
Hy skuld bedrae vir langer as die kredietterme van 60 dae. ✓ [2]
2. Indien Z Ndlovu haar rekening vereffen nadat sy haar staat ontvang het, en binne die kredietterme, hoeveel behoort sy te betaal?  
 $R3\,000 \checkmark - 10\% (R300) \checkmark \checkmark = R2\,700 \checkmark$  [4]
3. Indien hierdie die enigste drie debiteure is, wat sal die saldo van die Debiteurekontrolerekening wees?  
Totaal van debiteure se rekeninge = saldo op Debiteurekontrolerekening  
 $R13\,500 \checkmark \checkmark$  [2]
4. Beheer hierdie onderneming sy debiteure op 'n doeltreffende manier? Verduidelik deur syfers aan te haal.  
Die antwoord op hierdie vraag kan 'ja' of 'nee' wees.  
Ja ✓, aangesien slegs een van die drie debiteure agterstallig is. ✓✓✓  
OF  
Nee ✓, want die bedrag uitstaande vir meer as 60 dae is R1 700 uit die totaal van R13 500 verskuldig deur die debiteure. ✓✓✓ [4]

## 5.4 Krediteurerekonsiliasie met die krediteurestaat

- a) Aan die einde van elke maand word 'n krediteurerekonsiliasie opgestel wanneer die staat van die krediteur ontvang word, en word vergelyk met die krediteur se grootboekrekening in die Krediteuregrootboek.
- b) Die vergelyking moet gedoen word om seker te maak dat al die transaksiebesonderhede met die krediteur korrek is voordat enige betalings gedoen kan word.
- c) Maak seker dat jy verstaan dat jy in die krediteur se boeke 'n debiteur is. Dus, wanneer jy die staat van die Krediteur ontvang en interpreteer, moet jy dit lees soos 'n Debiteurekontrolerekening. Sodoende word hierdie afdeling baie maklik. Sien toe dat vir elke debietinskrywing in jou boeke, die krediteur die transaksie gekrediteer het. Dus, KEN die FORMAAT van al twee KONTROLEREKENINGS én die BRONDOKUMENTE.



## Voorbeeld

- Krediteur gee jou 'n faktuur en jy ontvang dit (hernommer die faktuur).
- Jy stuur goedere terug na die Krediteur en reik 'n debietnota uit, en die Krediteur erken ontvangs en reik 'n kredietnota uit.
- Jy betaal jou rekening per tjek en die Krediteur erken ontvangs deur 'n kwitansie uit te reik.

Bestudeer die volgende skematiese illustrasie

KREDITEUREGROOTBOEK				
In die boeke van die besigheid – Bongi & Kie	Folio	Debiet –	Krediet +	Saldo
Rekening Gelewer				1 000
Faktuur ontvang	KAJ		2 000	3 000
Debietnota uitgereik	KAA	250		2 750
Tjekteenblad	KBJ	880		1 870

KREDITEURESTAAT VAN BONGI EN KIE				
In die boeke van die krediteur: Kima Groothandelaars	Folio	Debiet +	Krediet –	Saldo
Saldo oorgebring				1 000
Faktuur uitgereik	DAJ	2 000		3 000
Kredietnota uitgereik	DA		250	2 750
Kwitansie uitgereik	KOJ		880	1 870

## SKEMATIESE ILLUSTRASIE VAN DIE VERBAND TUSSEN DIE KREDITEUR EN DEBITEUR

KREDITEUREGROOTBOEK OF KREDITEURELYS					
Dt.		Krediteurekontrolerekening		Kt	
Tjek uitgereik	→	Bank en korting	KBJ 880	Saldo	a/b 1 000
Debitnota aan verskaffer uitgereik	→	Diverse toegewings	LBJ 250	Diverse aankope	KJ 2 000
		Joernaaldebite-		Joernaalkrediete – rente en kanselleer korting	20
				Bank (VT)	200
<b>Versus</b>					
KREDITEURESTAAT VAN DIE KREDITEUR					
+		Debiteurekontrolerekening		–	
Krediteur reik 'n faktuur uit	→	Saldo	b/d 1 000	Bank en korting	CRJ 880
		Verkope	DJ 2 000	Debiteuretoegewings	DAJ 250
Debietstrokie	→	Bank (VT)	CPJ	Joernaalkrediete – oninbare skulde	
Kanselleer korting toegestaan op 'n VT-tjek of rente gehef deur krediteur	→	Joernaaldebite (rente en kanselleer korting)	20		

Oorspronklike faktuur ontvang

Joernaalbewys

Debietstrokie

Krediteur reik kwitansie uit om jou betaling te erken

Krediteur erken die terugsending deur 'n kredietnota te stuur

Onthou dat die debiteur en die krediteur nie dieselfde brondokumente gebruik nie. Die een ontvang en die ander reik uit.



### Voorbeeld

Voorbeeld aangepas uit November 2011 NSS-vraestel

#### KREDITEUREREKONSILIASIE

'n Staat ontvang van 'n krediteur, Kairo Leweransiers, op 28 Februarie 2011, toon dat Ace Handelaars hulle R11 390 skuld. Volgens Ace Handelaars, is die uitstaande bedrag slegs R7 910.

#### VERLANG:

Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die verskille aan te dui wat ontdek is toe die rekening in die Krediteuregrootboek met die staat ontvang van Kairo Leweransiers vergelyk is.

Skryf slegs die bedrae in die toepaslike kolom en 'n plus (+) of minus (–) -teken om 'n toename of afname in die saldo aan te toon. Bereken die korrekte saldo/total aan die einde.

**INLIGTING:**

Met ondersoek is gevind dat:

1. 'n Tjek vir R3 000 uitgereik deur Ace Handelaars is nog nie in die staat wat van Kairo Leweransiers ontvang is nie aangeteken.
2. Die tjek vir betaling van die Januarie-rekening was nie binne 7 dae deur Kairo Leweransiers ontvang nie, daarom moet die korting van R500 soos aangeteken deur Ace Handelaars in die Krediteuregrootboek gekanselleer word.
3. Terugsendings aangeteken as R810 in die Krediteuregrootboek van Ace Handelaars is aangeteken as R900 in Kairo Leweransiers se staat. Ace Handelaars het die koste van die teruggestuurde goedere foutiewelik bereken.
4. 'n Faktuur ontvang van Kairo Leweransiers is korrek aangeteken as R7 700 deur Ace Handelaars. In die staat van Kairo Leweransiers is dit egter foutiewelik aangeteken as R770.
5. 'n Faktuur vir R3 500 ontvang van Kairo Leweransiers is foutiewelik deur Ace Handelaars aangeteken as 'n kredietnota.

**Verduideliking van die transaksies:**

	<b>Fout</b>	<b>Verduideliking</b>
<b>1.</b>	'n Tjek vir R3 000 uitgereik deur Ace Handelaars is nog nie aangeteken in die staat ontvang van Kairo Leweransiers nie.	Die tjek is aan die krediteur betaal, maar die bedrag is nog nie teen die staatsaldo gekrediteer nie.  Die saldo aan die Krediteur, Kairo Leweransiers, verskuldig moet met R3 000 verminder. (Die staat is soos die Debiteure kontrolerekening. Toename op die Dt-kant en afname op die Kt-kant.)  Dié betaling moet afgetrek word in die Rekonsiliasie/ Krediteurestaat (– R3 000).
<b>2.</b>	Die tjek vir betaling van die Januarie-rekening is nie deur Kairo Leweransiers binne 7 dae ontvang nie, dus moet die korting aangeteke deur Ace Handelaars in die Krediteuregrootboek gekanselleer word.	Ace Handelaars eis R500 toe hy die rekening betaal het. (Bank en korting is op die debietkant van die krediteurekontrolerekening).  Kairo Leweransiers weier die korting omdat die betaling ná 7 dae ontvang is. Om die korting te kanselleer, moet die bedrag gekrediteer word. (Krediteurekontrolerekening neem toe op die kredietkant.) Die inskrywing moet in die debiteuregrootboek gedoen en bygetel word.
<b>3.</b>	Terugsendings aangeteken as R810 in die Krediteuregrootboek van Ace Handelaars is aangeteken as R900 in die staat ontvang van Kairo Leweransiers. Ace Handelaars het die teruggestuurde goedere foutiewelik bereken.	Ace Handelaars het R810 in die Krediteuregrootboek aangeteken in plaas van R900. Ondermatig met R900 – R810 = R90. Terugsendings word op die debietkant van die krediteurekontrolerekening aangeteken. (Krediteurekontrolerekening neem af op die debietkant.) R90 moet afgetrek word in die krediteuregrootboek.
<b>4.</b>	'n Faktuur ontvang van Kairo leweransiers is korrek aangeteken as R7 700 deur Ace Handelaars. In die staat van Kairo Leweransiers is dit egter foutiewelik aangeteken as R770.	Die krediteuregrootboek is korrek, maar die staat is foutief/ ondermatig met R7 700 – R770 = R6 930. Enige fout op die staat word reggestel in die Rekonsiliasie staat, maar die vraag vra dat die Staat reggestel moet word. Die staatsaldo moet toeneem met R6 930.

5.	'n Faktuur vir R3 500 ontvang van Kairo Leweransiers is foutiewelik deur Ace Handelaars aangeteken as 'n kredietnota.	<p>Die Krediteurestaat is korrek.</p> <p>Die Krediteuregrootboek is foutief: Die faktuur vir R3 500 ontvang is aangeteken as 'n terugsending. Dit beteken dat die korrekte bedrag op die verkeerde kant van die rekening aangeteken is. Om die R3 500 op die debietkant te kanselleer, moet die R3 500 gekrediteer word om die foutiewe inskrywing te kanselleer, en 'n verdere R3 500-inskrywing moet aangeteken word om die faktuurontvangs te erken.</p> <p>Geen inskrywings is gedoen nie.</p> <p>Die dubbelinskrywing (<math>R3\ 500 + R3\ 500 = R7\ 000</math>) moet op die kredietkant van die Krediteuregrootboek aangeteken word.</p>

Gebruik die tabel om die verskille aan te dui wat ontdek is toe die rekening in die Krediteuregrootboek met die staat ontvang van Kairo Leweransiers vergelyk is.

Skryf slegs die bedrae in die toepaslike kolom en 'n plus (+) of minus (-) teken om 'n toename of afname in die saldo aan te toon. Bereken die korrekte saldo/totaal aan die einde.

	Krediteuregrootboek van Ace Handelaars	Staat van Kairo Leweransiers
Saldo	R7 910	R11 390
1		- 3 000
2	+500	
3	- 90	
4		+ 6 930
5	+3 500 ✓ +3 500 ✓ OF +7 000	
Saldo/Totaal	15 320	15 320



Hieronder is 'n lys van voorgestelde vrae uit vorige eksamenvraestelle vir ekstra oefening:

Onderwerp	Vraestel	Vraag
Bankrekonsiliasie	Februarie/Maart 2009	1.1
Bankrekonsiliasie	November 2010	2
Krediteurerekonsiliasie	Februarie/Maart 2009	1.2
Debiteurereksiliasie en ouderdomsontleding	Februarie/Maart 2010	1
Debiteurerekonsiliasie, ouderdomsontleding en interne beheer	Februarie/Maart 2012	6
Debiteurerekonsiliasie	November 2013	1.3



## Voorraad

### 6.1 Voorraadstelsels

'n Besigheid kan besluit watter van die volgende twee voorraadstelsels om te gebruik om hulle voorraad op te teken en te beheer:

STELSEL	BELANGRIKE PUNTE
Deurlopende	<ul style="list-style-type: none"> <li>a) Inskrywings word in die Balansstaat rekening genoem <b>Handelsvoorraad</b> ('n baterekening) gemaak elke keer wanneer voorraad gekoop en verkoop word.</li> <li>b) Koste van verkope moet bereken en opgeteken word elke keer wanneer goedere verkoop word.</li> <li>c) Wanneer voorraad gekoop is, word Handelsvoorraad met die kosprys gedebiteer (die bate vermeerder).</li> <li>d) Wanneer voorraad verkoop is, word die Handelsvoorraad rekening met die kosprys gekrediteer (die bate verminder).</li> <li>e) Enige addisionele koste aangegaan wanneer goedere aangekoop word, word in die Handelsvoorraad rekening gedebiteer (bv. vraggeld op aankope).</li> <li>f) Hierdie stelsel is beter vir die interne beheer van voorraad.</li> </ul>
Periodieke	<ul style="list-style-type: none"> <li>a) Ondernemings sal besluit om hierdie stelsel te gebruik wanneer dit nie uitvoerbaar is om koste van verkope te bereken elke keer wat goedere verkoop word nie.</li> <li>b) Die aankoop van voorraad word in 'n nominale rekening, <b>Aankope</b> ('n uitgawerekening), opgeteken.</li> <li>c) Addisionele uitgawes aangegaan wanneer voorraad aangekoop is (bv. vraggeld op aankope), word afsonderlik opgeteken in 'n nominale rekening, <b>Vraggeld op aankope</b> ('n uitgawerekening).</li> <li>d) Koste van verkope word dus net periodies bereken deur die volgende formule te gebruik:  <math display="block">\text{Beginvoorraad} + \text{Aankope} + \text{Vraggeld op aankope} + \text{Invoerfooie} + \text{Doeanebelasting} - \text{Eindvoorraad} = \text{Koste van verkope}</math> </li> </ul>



Voorrade (handelsvoorraad) is goedere wat gekoop word om weer teen 'n wins verkoop te word.

Voorraad word altyd in die boeke teen kosprys opgeteken.

## 6.2 Voorraadwaardasie-metodes

Die besigheid mag nie van voorraadwaardasie-metode verander nie.

’n Besigheid kan besluit watter van die volgende twee voorraadwaardasie-metodes om te gebruik om hulle voorraad te waardeer:

Metode	Belangrike punte
<b>Spesifieke Identifikasie-metode</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>a) Dit is die eenvoudigste vorm van voorraadbevestiging, waar aan elke item ’n spesifieke kosprys toegeken is.</li> <li>b) Hierdie stelsel is relevant wanneer groot kommoditeite verkoop word en elkeen sy eie kosprys het, bv. voertuie, masjinerie, ens.</li> <li>c) Dit beteken dat die stelsel vereis dat die kosprys identifiseer moet word van elke kommoditeit wat verkoop is, of wanneer voorraadopname gedoen word.</li> <li>d) Spesifieke identifikasie is ’n meer arbeidsintensiewe metode van voorraadbestuur.</li> <li>e) Elke item in voorraad moet opgeteken word teen die spesifieke prys waarteen dit oorspronklik aangekoop is.</li> <li>f) Die nadeel van die metode is dat die prys van bv. ’n voertuig gemanipuleer kan word. ’n Rooi Ford 1.6 is aan die begin van die jaar gekoop teen R100 000 en gedurende die jaar het die handelaar ’n wit Ford 1.6 teen ’n verhoogde kosprys van R130 000 gekoop. Die wins was gemanipuleer deur ’n kleiner wins as die werklike wins te toon. Handelaars kan die teenoorgetelde ook doen as hulle ’n hoër wins wil toon.</li> </ul>
<b>EIEU</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>a) Dit staan vir <b>Eerste In Eerste Uit</b>.</li> <li>b) Besighede wat goedere met ’n beperkte lewensduur verkoop (bv. melk of selfone) verkies dikwels om hierdie stelsel te gebruik.</li> <li>c) Dit beteken dat die oudste voorraad eerste verkoop word en dat die oorblywende voorraad altyd die mees onlangse voorraad aangekoop sal wees.</li> <li>d) Volgens hierdie metode sal die voorraad voorhande teen die nuutste pryse waardeer word.</li> </ul>
<b>Geweegde gemiddelde</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>a) Volgens hierdie stelsel sal die waarde van voorraad voorhande nie volgens die nuutste pryse waardeer word nie, aangesien alle pryse op voorraad aangekoop na ’n gemiddelde verwerk word.</li> <li>b) Geweegde gemiddelde word bereken deur die koste van voorraad beskikbaar vir verkope te deel deur die totale aantal eenhede beskikbaar vir verkope.</li> <li>c) Volgens hierdie metode sal die voorraad voorhande nie teen die nuutste pryse waardeer word nie.</li> </ul>





## Uitgewerkte voorbeeld 1

Jy word voorsien met die inligting ten opsigte van Kima Appliances. Die volgende voorraad verskyn op hulle voorraadkaarte. Bestudeer die templaar van die aantal voorraad aangekoop teen kosprys en die verkoopprijs van al die verkoopte voorraad.

### INLIGTING

Die items hieronder was in voorraad en sommige is verkoop: Januarie tot Desember 2014

Datum		LG			Samsung			Bosch			Totale voorraadwaarde
		Nr	Kosprys	Totaal	Nr	Kosprys	Totaal	Nr	Kosprys	Totaal	
Jan	Beginvoorraad	2	@R1 000	R2 000	3	@R2 000	R6 000	4	@R3 000	R12 000	= R 20 000
April	Aankope	3	@R1 200	R3 600	2	@R2 100	R4 200	2	@R3 300	R6 600	= R 14 400
Totale voorraadwaarde											R 34 400
		Nr	Kosprys	Verkoopprys	Nr	Kosprys	Verkoopprys	Nr	Kosprys	Verkoopprys	
Jan tot	Verkope	1	@R1 000	R2 000	3	@R2 000	R12 000	3	@R3 000	R18 000	= R 32 000
Des.	Verkope	2	@R1 200	R4 800				1	@R3 300	R6 600	= R 11 400
Totale voorraadwaarde											R 43 400

### \*GEVRA:

Maak gebruik van die Spesifieke Identifikasie voorraadmetode om die volgende te bereken:

1. Aantal onverkoopte eenhede
2. Waarde van onverkoopte eenhede
3. Koste van verkope
4. Bruto wins

Jy moet die verkoopte voorraad afmerk om die voorraad voorhande te bereken. (Eindvoorraad)

## Antwoorde: Uitgewerkte voorbeeld 1

1. Aantal onverkoopte eenhede:

LG:	1	@ R1 000 (1 verkoop)
LG:	1	@ R1 200 (2 verkoop)
Samsung:	2	@ R2 100
Bosch:	1	@ R3 000 (3 verkoop)
	<u>1</u>	@ R3 300 (1 verkoop)
	<u>6</u>	onverkoopte eenhede

2. Waarde van onverkoopte eenhede:

LG:	1	@ R1 000(1 verkoop)	R 1 000
LG:	1	@R1 200 (2 verkoop)	R 1 200
Samsung:	2	@R2 100	R 4 200
Bosch:	1	@R3 000 (3 verkoop)	R 3 000
	<u>1</u>	@R3 300 (1 verkoop)	<u>R 3 300</u>
	<u>6</u>	onverkoopte eenhede	<u>R12 700</u>

## Antwoorde: Uitgewerkte voorbeeld 1 vervolg (sien bladsy 101)

### 3. Koste van verkope (Goedere verkoop teen kosprys)

LG: verkoop	1	@ R1 000	R 1 000
LG: verkoop	2	@R1 200	R 2 400
Samsung: verkoop	3	@R2 000	R 6 000
Bosch: verkoop	3	@R3 000	R 9 000
	<u>1</u>	@R3 300	<u>R 3 300</u>
	Koste van verkope van 10 verkoopte eenhede		<u>R21 700</u>

### 4. Bruto wins:

$$\begin{aligned} \text{Verkope} - \text{Koste van verkope} &= \text{Bruto wins} \\ \text{R43 400} - \text{21 700} &= \text{R21 700} \end{aligned}$$



## Uitgewerkte voorbeeld 2

Voorbeeld aangepas uit Maart 2011 NSS-vraestel

Jy word voorsien van inligting oor Energy World vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010. Hulle verkoop energiedrankies aan kleinhandelaars.

### Gevra

Verwys na die inligting oor die energiedrankies en bereken die volgende:

1. Waarde van die eindvoorraad deur die EIEU- en geweegegemiddelde-metode te gebruik. [14]
2. Koste van verkope deur die EIEU- en geweegegemiddelde-metode te gebruik. [11]
3. Bruto wins deur die EIEU- en geweegegemiddelde-metode te gebruik. [6]

### Inligting

Bestuurder: Dirk	Produk: Energiedrankies		
	Eenhede	Rand	Bedrag
Verkope	2 720	R21,20	R57 664
Beginvoorraad	320	R9,00	R2 880
Aankope	4 800		R58 560
April 2008	1 100	R10,50	R11 550
Oktober 2009	2 500	R12,42	R31 050
Januarie 2010	1 200	R13,30	R15 960
Eindvoorraad	2 400	?	?

## Antwoorde: Uitgewerkte voorbeeld 2 (sien bladsy 102)

1. Waarde van die eindvoorraad deur die EIEU- en geweegegemiddelde-metode te gebruik:

EIEU	GEWEEGDE GEMIDDELDE
(Jan 2010) 1 200 eenhede $\times$ R13,30 = R15 960 ✓✓ (Okt 2009) 1 200 eenhede $\times$ R12,42 = R14 904 ✓✓ 2 400 eenhede (eindvoorraad) = R30 864 ✓ Die nuutste voorraad aangekoop, is wat oorbly (eindvoorraad).	<b>Stap 1</b> Beginvoorraad = R2 880 ✓ Aankope = R58 560 ✓ Totale koste = R61 440 ✓ Geweege gemiddelde = $R61\,440 \div (320 + 4\,800 \text{ eenhede})$ = $R61\,440 \div 5\,120$ eenhede = R12 ✓ per eenheid <b>Stap 2</b> $\therefore 2\,400$ eenhede (eindvoorraad) $\times$ R12 ✓ = R28 800 ✓
Verduideliking van bogenoemde berekeninge	
<ul style="list-style-type: none"> <li>Die eindvoorraad is 2 400 eenhede.</li> <li>Volgens die EIEU-metode sal die 1 200 eenhede wat in Januarie 2010 gekoop is, en die 1 200 eenhede wat nog oor is van die 2 500 eenhede wat in Oktober 2009 gekoop is, die eindvoorraad van 2400 eenhede verteenwoordig.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Stap 1:</b> Bereken die geweege gemiddelde deur die totale koste van voorraad aangekoop deur die totale aantal eenhede aangekoop, te deel.</li> <li><b>Stap 2:</b> Gebruik die geweege gemiddelde om die waarde van die eindvoorraad te bereken deur die eenheidskoste met 2 400 te vermenigvuldig.</li> </ul>

[14]

2. Koste van verkope deur die EIEU- en geweegegemiddelde-metode te gebruik:

EIEU	GEWEEGDE GEMIDDELDE
320 eenhede $\times$ R9 = R 2 880 ✓ 1 100 eenhede $\times$ R10,50 = R11 550 ✓ 1 300 eenhede $\times$ R12,42 = R16 146 ✓ Koste van verkope <u>R30 576</u> ✓ <b>OF</b> Beginvoorraad R2 880 + Aankope R58 560 - Eindvoorraad (R30 864) = Koste van verkope <u>R30 576</u>	<b>Stap 1:</b> $320 \checkmark + 4\,800 \checkmark - 2\,400 \checkmark$ eenhede = $2\,720 \checkmark$ eenhede verkoop <b>Stap 2:</b> $\therefore 2\,720 \checkmark$ eenhede verkoop $\times$ R12 ✓ (geweege gemiddelde) = R32 640 ✓ <b>Koste van verkope</b>
Verduideliking van bogenoemde berekeninge	
<ul style="list-style-type: none"> <li>Volgens die EIEU-metode word die oudste voorraad eerste verkoop. Die 320 eenhede van beginvoorraad + die 1 100 eenhede wat in April 2008 gekoop is + 1 300 eenhede van die 2 500 eenhede wat in Oktober 2009 gekoop is, sal dus die totaal van 2 720 eenhede wat verkoop is, uitmaak.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Stap 1:</b> Bereken die aantal eenhede verkoop.</li> <li><b>Stap 2:</b> Gebruik die geweege gemiddelde om die waarde van die voorraad wat verkoop is, naamlik 2 720 eenhede, te bereken.</li> </ul>

[11]



Die koste van verkope is die kosprys van al die goedere wat verkoop is.

3. Bruto wins deur die EIEU- en geweegdegemiddelde-metode te gebruik:

EIEU	GEWEEGDE GEMIDDELDE
Bruto wins = verkope – koste van verkope	
$R57\,664\checkmark - R30\,576\checkmark = R27\,088\checkmark$	$R57\,664\checkmark - R32\,640\checkmark = R25\,024\checkmark$
Verduideliking van bogenoemde berekeninge	
<p>Die verkoopsyfer is in die vraag gegee en is onder beide metodes dieselfde.</p> <p>Jy het die syfers vir koste van verkope in Vraag 2 hierbo bereken.</p> <p>Jy sal oplet dat die bruto winssyfer van die twee metodes verskil, aangesien die koste van verkope verskillend bereken is.</p>	

[6]

## Metodes om eksamenvrae oor voorraadwaardasie te benader

Leerders weet nie hoe om relevante inligting uit die voorraadwaardasievraag te onttrek en op te teken nie.

Leerders weet gewoonlik hoe om bruto wins en koste van verkope, ens. te bereken, maar kan die kennis nie toepas op die gegewe inligting nie.

Die volgende kan help om hierdie vraag in die eksamen maklik te maak:

- Dit is belangrik dat jy die formaat van die **HANDELSREKENING** memoriseer deur die periodieke voorraadmetode te gebruik.
- Dit maak nie saak hoe die vraag in die eksamen gevra word nie, na jy die handelsrekening met twee kolomme aan die debietkant en twee aan die kredietkant getrek het, moet jy net die beginvoorraad en die eindvoorraad en al die ander bedrae vind en dit op jou templaar aanteken.

### Berekenings

DT	HANDELSREKENING				KT	
	Bedrag	Eenhede		Bedrag	Eenhede	
+ Beginvoorraad			Eindvoorraad			= Koste van verkope (eenhede)
+ Aankope (netto)			Verkope (netto)			= bruto wins
+ Drakoste van aankope						
+ Doeanegelde						
Totale bedrag en voorraadeenhede vir verkoop						

- Om al die vrae te beantwoord, moet jy die Handelsrekening trek met **TWEE KOLOMME: EEN VIR DIE RANDBEDRAG EN EEN VIR DIE EENHEDE**.

- Memoriseer dat Beginvoorraad
  - plus **netto** aankope (aankope minus Krediteurskorting)
  - plus drakoste van aankope
  - plus doeanegelde
  - minus eindvoorraad gelyk is aan KOSTE VAN VERKOPE.
- Memoriseer dat Beginvoorraad
  - plus netto aankope
  - plus drakoste van aankope
  - plus doeanegelde
  - minus eindvoorraad
  - minus **netto** verkope (verkope minus debiteuretoelatings)
  - gelyk is aan BRUTO WINS.

**OF** Verkope (netto) – Koste van verkope = Bruto wins.

Teken al die syfers uit die vraaggegewe aan in die Handelsrekening en begin dan die vrae antwoord.

### Trek die volgende voor jy die vraag oor voorraadwaardasie aanpak

Handelsrekening							
Dr.		R	eenh			Cr	
+	Beginvoorraad R10	100	10	-	Eindvoorraad	?	25
							= Koste van verkope $10 + 90 - 25 = 75$
+	Aankope (netto)	1 330	90	-	Verkope (netto)	3 000	75
	@R12	480	40		@ 40 × 75		= bruto wins
	@R15	450	30				
	@R20	400	20				
+	Drakoste van aankope @ R2 p eenh × 90	180					
+	Doeanegelde @ 0,50c per eenh × 90	45					
		1 655	100				

Totale waarde van al die verkoopbare items

Totale verkoopbare eenhede is  $10 + 90 = 100$

75 moet verkoop wees. Vergelyk dit met die verkoopte eenhede om te bepaal of eenhede vermis word.

Moontlike vrae: Leer ken en verstaan die formate	
Waarde van eindvoorraad: EIEU	<p>25 eenhede: begin met onlangs aangekoopte voorraad.</p> $20 \times R20 = 400$ $5 \times R15 = 75$ $25 \times R2 = 50 \text{ Drakoste per aangekoopte eenheid}$ $25 \times R0,50 = 13 (12,50) \text{ Doeanegelde per eenheid}$ <p>Eindvoorraad = R538</p>
Waarde van eindvoorraad: Geweegde gemiddelde	<p>Bepaal die debietkantbedrag en eenhedekolomme totale</p> $R1\ 655 \div 100 \text{ eenhede} = R16,55 \text{ gemiddelde prys per eenheid}$ <p>Eindvoorraad is <math>25 \times R16,55 = R413,75 (R414)</math></p>
Koste van verkope: Memoriseer die formaat! EIEU	<p>Beginvoorraad + Aankope (netto) + Drakoste van aankope + Doeanegelde – eindvoorraad = Koste van verkope</p> $100 + 1\ 330 + 180 + 45 - 538 = R1\ 117 (EIEU)$
Bruto wins: EIEU	<p>Verkope (netto) – koste van verkope = Bruto wins</p> $3\ 000 - R1\ 117 = R1\ 883$
5. Opmerk: ken die formule $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1} = \%$	$\frac{1883}{1117} \times \frac{100}{1} = 168,58 \%$ <p>Jy moet dikwels kan verduidelik waarom die winsopmerk van bv. 200% nie gehaal is nie. Redes kan seisoenale verkope en kontantkortings wees.</p>
Voorraadomsetkoers $\frac{\text{Kote van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}} = \text{times}$	$\frac{1117}{(100 + 538)/2} =$ $\frac{1117}{319} = 3,5 \text{ keer}$ <p>Die voorraad word 3,5 keer per jaar vervang.</p>
Period of stock on hand $\frac{\text{Average stock}}{\text{Cost of sales}} \times \frac{365}{1} = \text{days}$	$\frac{319}{1117} \times \frac{365}{1} = 104,24 \text{ dae}$ <p>Voorraad is op die rak vir 104 dae voor dit verkoop word. Hierdie berekening help 'n besigheid om te bepaal wanneer voorraad bestel moet word.</p>

**(NSS FEB/MAART 2009 Eksamen vraestel)****Aktiwiteit 1****Voorraadwaardasie****(35 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inliging ten opsigte van Magic Soccer Balls Shop vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009. Die besigheidseienaar is Peter Pule.

Die besigheid gebruik die deurlopende voorraadstelsel en die EIEU-voorraadwaardasiemetode.

**GEVRA:**

- 2.1** Verduidelik wat die term 'EIEU' beteken. (2)
- 2.2** Die verkoopprijs van sokkerballe het deur die jaar konstant gebly. Bereken die verkoopprijs per sokkerbal. (3)
- 2.3** Die eienaar, Peter Pule, is daarvan bewus dat van die sokkerballe uit die voorraadstoor gesteel is gedurende April 2008. Geen inskrywing is gemaak nie.
- (voorraad gesteel van die beginvoorraad @ R110) (5)
  - Watse inskrywing sal jy in die boeke doen om dit op te teken? (2)
- 2.4** Waardeer die beskikbare voorraad teen jaareinde volgens die EIEU-metode. (7)
- 2.5** Bereken die volgende:
- Koste van verkope (5)
  - Bruto wins vir die jaar. (3)
- 2.6** Peter is onseker oor die tyd van sy volgende bestelling vir sokkerballe.
- Hoe lank kan hy verwag dat die eindvoorraad voldoende sal wees? Toon syfers of 'n berekening om jou antwoord te ondersteun. (4)
  - Hoe sal jy Peter adviseer oor sy voorraadaankope? Voorsien twee aanbevelings. (4)

**INLIGTING:**

Rekeningkundige inskrywings in verband met sokkerballe:

Besonderhede	Datum	Aantal balle	Eenheidsprijs	Totaal
Beginvoorraad	1 Maart 2008	750	R110	R 82 500
Aankope		2 480		R 340 800
	20 Mei 2008	800	R150	R 120 000
	25 Oktober 2008	1 200	R120	R 144 000
	16 Desember 2008	480	R160	R 76 800
Eindvoorraad	28 Februarie 2009	1 100	?	?
Verkope	1 Maart 2008 tot 28 Februarie 2009	2 100	?	R 430 500

[35]

**ANTWOORD**

<b>2.1</b>	Verduidelik wat die term 'EIEU' beteken.	<b>2</b>
<b>2.2</b>	Die verkoopprijs van sokkerballe het deur die jaar konstant gebly. Bereken die verkoopprijs per sokkerbal.	<b>3</b>

Kry al die inligting in die Handels-voorraadrekening

Bereken die totale aantal eenhede wat verkoop kan word minus die eindvoorraad en vergelyk dit met die aantal verkoopte eenhede.

Die Eindvoorraad is die voorraad wat jy onlangs aangekoop het.

Beginvoorraad + Aankope (netto) + Drakoste van aankope + doeanegelde - eindvoorraad = koste van verkope (memoriseer die formule!)

Gesteelde voorraad moet in berekening gebring word wanneer jy die Koste van verkope bereken.

Voorraadhouingperiode of genoem Periode van beskikbare voorraad

2.3	<p>Bereken hoeveel balle vermis word.</p> <p>Watse inskrywing sal jy in die boeke doen om dit op te teken?</p>	7
2.4	<p>Waardeer die beskikbare voorraad teen jaareinde volgens die EIEU-metode.</p>	7
2.5	<p>Bereken die koste van verkope.</p> <p>Bereken die bruto wins vir die jaar.</p>	8
2.6	<p>Hoe lank kan hy verwag dat die eindvoorraad voldoende sal wees? Toon syfers of 'n berekening om jou antwoord te ondersteun.</p> <p>Hoe sal jy Peter adviseer oor sy voorraadaankope? Voorsien twee aanbevelings.</p>	8

**TOTALE PUNTE**

**35**



## (NSS FEB/MAART 2009 Eksamen vraestel)

**Berekeninge vir Aktiwiteit 1**

1. Trek die Handelsrekening
2. Teken die syfers uit die vraag in die handelsrekening op
3. Moet jy bereken volgens die EIEU- of geweege gemiddelde-metode?
4. Indien Geweege gemiddelde-metode: bereken die Rand- en eenhedetotale aan die einde en deel om die gemiddelde prys te bepaal ten einde die voorraad se eindwaarde te bereken
5. Indien EIEU: bepaal die aantal voorraadeenhede en watter voorraad laaste aankoop is
6. Indien EIEU: bereken die drakoste van aankope per eenheid wat bygetel moet word by die eindvoorraadwaarde per eenheid.

Moontlike formaat vir al die berekenings

Handelsrekening vir berekeningsdoeleindes							
		R	Eenhede			R	Eenhede
+	Beginvoorraad @ R110	82 500	750	-	Eindvoorraad	151 200	1 100
					@160	76 800	480
					@120	74 400	620
					EIEU		
							= Koste van verkope $750 + 2\,480 - 1\,100$ $= 2\,130$ eenhede veronderstelde verkope
+	Aankope (netto)	340 800	2 480	-	Verkope (netto)	430 500	2 100
	@R150	120 000	800		R430 500		
	@R120	144 000	1 200		$\div 2\,100 =$		
	@R160	76 800	480		R205		
+	Drakoste van aankope @R						
+	Doeanegelde@						
	Totale eenhede teen kosprys wat verkoop kan word.	423 300	3 130				

Voorraad gesteel? Ja, volgens die voorraad moet 2 130 verkoop wees, maar Verkope toon slegs 2 100 is verkoop.

### Die volgende is deel van jou rofwerk en moontlike berekenings

2.1 Eerste In Eerste Uit

2.2 erkope per eenheid:  $R430\,500 \div 2\,100 \text{ eenhede} = R205$

2.3 A. Beginvoorraadeenhede: 750

Aangekoopte eenhede: + 2 480

Eindvoorraadeenhede: - (1 100)

Dit is gelyk aan die 2 130 eenhede wat verkoop moes wees, maar die werklike verkope was 2 100 eenhede.

Dus  $2\,130 - 2\,100 = 30$  gesteelde sokkerballe

B. Debiteer vermiste voorraad en krediteer aankope

2.4 1 100 voorraad beskikbaar:  $480 \text{ eenhede} \times R160 = R76\,800$

$1\,100 - 480 =$

$620 \text{ eenhede} \times R120 = R\,74\,400$

Waarde van eindvoorraad = R151 200

2.5 Koste van verkope :  $82\,500 + 340\,800 - 151\,200 - (30 \times 110 = 3\,300) = 268\,800$

Bruto wins:  $430\,500 - 268\,800 = 161\,700$

2.6 Periode van beskikbare voorraad verhouding:

(Hierdie vrae word meestal in die eksamen gevra. Ken dus die formule! Sien Oplossings vir hierdie aktiwiteit.)

### ANTWOORD

VRAAG 2		
2.1	<p>Verduidelik wat die term 'EIEU' beteken.</p> <p>Eerste In Eerste Uit ✓✓</p> <p>OF</p> <p>Die oudste voorraad sokkerballe word eerste verkoop.</p>	2
2.2	<p>Die verkoopprijs van sokkerballe het deur die jaar konstant gebly. Bereken die verkoopprijs per sokkerbal.</p> <p>✓            ✓            ✓</p> <p><math>R430\,500 / 2\,100 \text{ balle} = R205 \text{ elk}</math></p>	3
2.3	<p>Bereken hoeveel balle vermis word.</p> <p>Totale aantal balle beskikbaar = <math>750 \checkmark + 2\,480 \checkmark - 1\,100 \checkmark</math></p> <p><math>= 2\,130 \text{ balle}</math></p> <p>Aantal verkoop = <math>2\,100 \text{ balle} \checkmark</math></p> <p>Aantal gesteel = <math>30 \text{ balle} \checkmark</math></p> <p>Watse inskrywing sal jy in die boeke doen om dit op te teken?</p> <p>✓ Debiteer Handelsvoorraadverskil/Verlies weens diefstal R3 300</p> <p>✓ Krediteer Handelsvoorraad R3 300</p>	7
2.4	<p>Waardeer die beskikbare voorraad teen jaareinde volgens die EIEU-metode.</p> <p>✓ <math>480 \text{ balle teen } R160 \checkmark = R\,76\,800 \checkmark</math></p> <p>✓ <math>620 \text{ balle teen } R120 \checkmark = R\,74\,400 \checkmark</math></p> <p>TOTAAL = <math>R151\,200 \checkmark</math></p>	7

2.5	<b>Bereken koste van verkope</b> Beginvoorraad R 82 500 ✓ Aankope 340 800 ✓ Gesteel - 3 300 ✓ Eindvoorraad - 151 200 ✓ Koste van verkope R268 800 ✓  <b>Bereken bruto wins vir die jaar.</b> Verkope R430 500 ✓ Koste van verkope -268 800 ✓ Bruto wins 161 700 ✓	8
2.6	<b>Hoe lank kan hy verwag dat die eindvoorraad voldoende sal wees? Toon syfers of 'n berekening om jou antwoord te ondersteun.</b> <i>Enige geldige bewyse voorsien, bv. ✓✓ Syfers ✓✓</i> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;"> <math display="block">\frac{\text{Eindvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1} = \text{dae}</math> <math display="block">\frac{151\,200}{268\,800} \times \frac{365}{1} = 205 \text{ dae/6,7 maande}</math> </div> <p>Gemiddeld word 175 balle per maand verkoop –          voorraad genoeg vir 6,3 maande          OF          Koste van verkope vir die jaar is R268 800 (R22 400)          – finale voorraad is R151 200 – voorraad kan vir 6,8 maande voldoende wees</p> <p><b>Hoe sal jy Peter adviseer oor sy voorraadaankope? Voorsien twee aanbevelings.</b>  <i>Enige twee geldige aanbevelings, bv. ✓✓ ✓✓</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Koop kleiner hoeveelhede meer dikwels aan.</li> <li>• Bestel slegs wanneer die minimum voorraadvlak (herbestelvlak) bereik word.</li> <li>• Voorraadhouding is te veel.</li> </ul>	8

### (NSS NOVEMBER 2009 eksamenvraestel)



## Aktiwiteit 2

### Voorraadwaardasie en -kontrole (40 punte; 24 minute)

Jy word voorsien van inligting in verband met Banyana Handelaars, waarvan David Hambeck die eienaar is, vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2009. Die besigheid is in Johannesburg geleë. David koop en verkoop sokkerballe en -truie. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadstelsel.

Die sokkerballe word gekoop van Suid-Afrikaanse vervaardigers, en die verskillende klubs en lande se sokkertruie word van oorsee af ingevoer.

David neem verkoopspersone in diens om elke voorraaditem te kontroleer:

- James kontroleer en verkoop die sokkerballe
- Cyril kontroleer en verkoop die sokkertruie

David het op die volgende rekeningkundige beleide besluit vir voorraadwaardasie:

- Sokkerballe – Geweegde gemiddelde-metode
- Sokkertruie – Eerste In Eerste Uit-metode (EIEU)

### GEVRA:

- 2.1** Hoewel sy besigheid goed vaar, oorweeg David dit om die besigheid te sluit en sy kapitaal in vaste eiendom te belê. Noem TWEE aspekte wat David moet oorweeg voor hy finaal besluit. (4)
- 2.2** David vermoed dat 'n aantal sokkerballe gesteel is. Bereken hoeveel sokkerballe gesteel is. (5)
- 2.3** Gebruik die toepaslike inligting om die eindvoorraadwaarde te bereken van:
- Sokkerballe (gebruik die Geweegde gemiddelde-metode)
  - Sokkertruie (gebruik die EIEU-metode)
- Show your workings to earn part-marks. (5)
- 2.4** Bereken die volgende vir sokkertruie (jy kan 'n Handelsrekening trek om die bedrae te bereken):
- Koste van verkope
  - Opmerk % op kosprys
  - Voorraadomsetkoers
- 2.5** As David besluit om sy besigheid voort te sit, watse advies sal jy hom gee? Noem TWEE aanbevelings en haal finansiële aanwysers of spesifieke inligting uit die vraag aan om jou antwoord te ondersteun. (6)

### INLIGTING:

#### 1. Voorrade:

Die voorrade is soos volg waardeur aan die begin en einde van die finansiële jaar: Datum	Sokkerballe			Sokkertruie		
	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde
01/03/08	1 200	R120	R144 000	520	R320	R166 400
28/02/09	900	?	?	250	?	?

#### 2. Aankope:

Gedurende die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2009, is die volgende voorraaditems aangekoop:

Datum van aankope	Sokkerballe			Sokkertruie		
	Aantal eenhede	Per eenh.	Totale waarde	Aantal eenhede	Per eenh.	Totale waarde
31/03/08	1 300	R120	R156 000	400	R200	R 80 000
30/06/08	900	R150	R135 000	600	R225	R135 000
30/09/08	1 000	R175	R175 000	1 400	R255	R357 000
02/01/09	200	R180	R 36 000	100	R300	R 30 000
Totale	3 400		R502 000	2 500		R602 000

**3. Drakoste van aankope:**

Gedurende die jaar het die besigheid R30 200 aan vervoerkoste van sokkerballe na die besigheid toe betaal. Die prys van die truie het vervoerkoste ingesluit.

**4. Verkope:**

Items	Besonderhede	Totaal
Sokkerballe	3 500 eenhede teen R320 elk	R1 120 000
Sokkertruie	2 770 eenhede teen R400 elk	R1 108 000

**5. Finansiële aanwysers:**

Items	Opmerk % op kosprys	Voorraadomsetkoers
Sokkerballe	48,5%	3,9 keer p.j.
Sokkertruie	?	?

[40]

**Berekenings vir Vraag 9**

- Trek die Handelsrekening
- Teken die syfers uit die vraag in die Handelsrekening op.
- Moet jy bereken volgens die EIEU-of die geweege gemiddelde-metode?
- Indien Geweege gemiddelde-metode: bereken die Rand- en eenhedetotale aan die einde en deel om die gemiddelde prys te bepaal ten einde die voorraad se eindwaarde te bereken.
- Indien EIEU: bepaal die aantal voorraadeenhede en watter voorraad laaste aangekoop is.
- Indien EIEU: bereken die drakoste van aankope per eenheid wat bygetel moet word by die eindvoorraadwaarde per eenheid.

**ANTWOORDBLAD**

<b>2.1</b>	Hoewel sy besigheid goed vaar, oorweeg David dit om die besigheid te sluit en sy kapitaal in vaste eiendom te belê. Noem TWEE aspekte wat David moet oorweeg voor hy finaal besluit.	<b>4</b>
------------	--	----------

2.2	Bereken hoeveel sokkerballe gesteel is.	5
2.3	Bereken die eindvoorraadwaarde van die sokkerballe met gebruik van die geweegde gemiddelde-metode:	11



## Berekeninge vir Aktiwiteit 2

SOKKERBALLE		Handelsrekening				GEWEEGDE GEMIDDELDE		
		R	Eenhede			R	Eenhede	
+	Beginvoorraad @R	144 000	1 200	-	Eindvoorraad <b>900 × R147</b>	132 300	900	= Koste van verkope Eenhede 1 200 + 3 400 – 900 <b>= 3 700 (EENHEDE VERONDERSTELDE VERKOPE)</b>
+	Aankope (netto)	502 000	3 400	-	Verkope (netto) @R320	1 120 000	3 500	= bruto wins
	@R120	156 000	1 300					
	@R150	135 000	900					
	@R175	175 000	1 000					
	@R180	36 000	200					
+	Drakoste van aankope @R	30 200						
+	Doeanegelde @ R							
	Totale eenhede teen kosprys wat verkoop kan word	676 200	÷ 4 600 = R147 geweegde gemiddelde per eenheid					

3 700 – 3 500 = 200 gesteel

## Berekeninge vir Aktiwiteit 2

SOKKERTRUIE				Handelsrekening				EIEU
		R	Eenhede			R	Eenhede	
+	Beginvoorraad @R	166 400	520	-	Eindvoorraad	68 250	250	= Koste van verkope eenhede
					@R300 $\times 100$	30 000	100	
					@R255 $\times 150$	38 250	150	
+	Aankope (netto)	602 000	2 500	-	Verkope (netto) @R400 $\times 2\,772$	1 108 000	2 772	= bruto wins
	@R200	80 000	400					
	@R225	135 000	600					
	@R255	357 000	1 400					
	@R300	30 000	100					
+	Drakoste van aankope @R	-	-					
+	Doeanegelde @	-	-					
	Totale eenhede teen kosprys wat verkoop kan word	768 400	3 020					



## Antwoorde vir Aktiwiteit 2

	VRAAG 2	
2.1	<p>Hoewel sy besigheid goed vaar, oorweeg David dit om die besigheid te sluit en sy kapitaal in vaste eiendom te belê. Noem TWEE aspekte wat David moet oorweeg voor hy finaal besluit.</p> <p>Goeie antwoord = 2 punte; Swak antwoord = 1 punt; Verkeerd = 0 ✓✓ ✓✓</p> <p><i>Enige twee geldige aspekte, bv.</i></p> <p>Sokker Wêreldbekertoernooi spoedig in SA – hou die besigheid tot dan aan die gang.</p> <p>Eiendomspryse nie tans goed nie – wag tot dit begin opswaai.</p> <p>Finansiële implikasies vir die besigheid, toekomstige moontlikhede.</p> <p>Implikasies vir personeel – aflegging.</p>	4
2.2	<p>Bereken hoeveel sokkerballe gasteel is.</p> <p>1 200 ✓ + 3 400 ✓ – 3 500 ✓ – 900 ✓ = 200 ✓</p>	5
2.3	<p>Bereken die eindvoorraadwaarde van die sokkerballe met gebruik van die geweegde gemiddelde-metode:</p> <p>Voorraad aan begin van jaar R144 000      1 200</p> <p>Aankope deur die jaar      R502 000      3 400</p> <p>Drakoste van aankope      R 30 200      –</p> <p>   R676 200 ✓ ÷ 4 600 ✓ = R147</p> <p>= 900 ✓ × 147 ✓ = R132 300 ✓</p> <p>Bereken die eindvoorraadwaarde van die sokkertruie met die EIEU-metode:</p> <p>100 × R300 = R30 000 ✓✓</p> <p><math>\frac{150}{250} \times R255 = \frac{R38\,250}{R68\,250} \checkmark \checkmark</math></p>	11
2.4	<p>Bereken die volgende vir sokkertruie (jy mag 'n Handelsrekening trek om die bedrae te bereken):</p> <p>Bereken die koste van verkope:</p> <p>Beginvoorraad✓      166 400</p> <p>Aankope ✓      602 000</p> <p>Minus eindvoorraad ✓      (68 250)</p> <p>Koste van verkope ✓      700 150</p> <p>Bereken opmerk % op kosprys:</p> <p>= <math>\frac{(1\,108\,000 \checkmark - 700\,150 \checkmark)}{700\,150 \checkmark} \times \frac{100}{1}</math></p>	



	<p>OR</p> $\frac{407\,850}{700\,150} \times \frac{100}{1}$ <p>= 58,3 % ✓✓</p> <p><b>Bereken voorraadomsetkoers:</b></p> <p><u>Koste van verkope</u> Gemiddelde voorraad</p> $= \frac{7\,00\,150}{(68\,250 + 166\,400) / 2} \checkmark$ $= \frac{700\,150}{117\,325} = 5,97 \text{ keer } \checkmark\checkmark$	14
2.5	<p><b>As David besluit om sy besigheid voort te sit, watse advies sal jy hom gee? Noem TWEE aanbevelings en haal finansiële aanwysers of spesifieke inligting uit die vraag aan om jou antwoord te ondersteun.</b></p> <p>Goeie antwoord = 2 punte; Bevredigende antwoord = 1 punt; Verkeerd = 0</p> <p>Toepaslike finansiële aanwyser/syfers = 1 elk</p> <p>Enige geldige twee aanbevelings ✓✓✓ ✓✓✓</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Implementeer former beheermaatreëls oor sokkerballe – 200 balle is gesteel.</li> <li>• Die besigheid dra baie voorraad, spesifiek sokkerballe – 900 in voorraad teen jaareinde.</li> <li>• Verkoopprys moet aangepas word as aankoopprys styg.</li> <li>• Die voorraadomsetkoers van sokkerballe moet vinniger wees – 3,9 keer per jaar.</li> </ul>	6



Hieronder is 'n lys van voorgestelde vrae uit vorige eksamenvraestelle vir ekstra oefening:

Onderwerp	Vraestel	Vraag
EIEU en Geweegde gemiddelde	Februarie/Maart 2010	2
Geweegdegemiddelde-berekeninge	November 2010	1.2
EIEU-berekeninge	Februarie/Maart 2012	1.2
Voorraadbevestiging	November 2013	6.2



## Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)

Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) is die belasting gehef op goedere en dienste verskaf teen die huidige koers (standaardkoers) van 14%. BTW is 'n belangrike deel van die inkomste wat die staat genereer om die staat se uitgawes te dek.

### Wie moet as 'n BTW-handelaar registreer?

'n Persoon of besigheid wat goedere of dienste verskaf, kan as 'n BTW-handelaar registreer.

Alle besighede met 'n omset van meer as R1 miljoen moet as 'n BTW-handelaar registreer. Dit is **VERPLIGTE REGISTRASIE**.

Besighede met 'n omset van minder as R1 miljoen kan registreer indien hulle wil. Dit is **VRYWILLIGE REGISTRASIE**.

### Die voordele om as 'n BTW-handelaar te registreer

Die besigheid kan die bedrag wat hulle vir BTW op goedere en dienste betaal het (BTW-inset), terugeis.

### Items waarop BTW nie gehef word nie

**Nulkoers-items:** Dit is items teen 0% gehef, maar dit kan enige tyd deur die staat verander word. Voorbeelde is vars vrugte en groente, bruinbrood, melk, mielies, rys, lensies en kookolie.

**BTW-vrygestelde items:** Dit is items waarop geen BTW gehef word nie. Voorbeelde is rente, eiendomsbelasting, uitvoerdienste, opvoedkundige dienste en kindersorgdienste.

### BTW-inset

BTW-inset is die BTW deur 'n besigheid betaal met die aankoop van goedere en dienste (kan van SAID teruggeis word).

### BTW-uitset

BTW-uitset is die BTW deur die besigheid ingevorder met die verkoop van alle goedere en dienste (moet aan SAID oorbetal word).

Gebruik jou sakpas-notas om hierdie begrippe oor BTW te leer. Sien bladsy x vir meer inligting.



## 7.1 BTW-berekeninge

BTW-uitset – BTW-inset = bedrag betaalbaar aan SAID (sien voorbeeld 2 op bladsy 72)

**BTW-inklusiewe berekening:** Wanneer BTW in 'n bedrag ingesluit is, (sien voorbeeld 1)

$$\text{bedrag} \times \frac{14}{114}$$

**BTW-eksklusiewe berekening:** Wanneer BTW uitgesluit is (BTW eksklusief), word BTW bereken as die (sien voorbeeld 1)

$$\text{bedrag} \times \frac{14}{100}$$



Die volgende berekening is baie belangrik. LEER HULLE GOED!



### Uitgewerkte voorbeeld 1: Trendy Verskaffers

Trendy Verskaffers gebruik 'n vaste winsopslag van 40% op kosprys. Die onderneming is geregistreer as 'n BTW-handelaar. Die huidige koers is 14%.

Bereken die volgende:

1. BTW deur Trendy Verskaffers op een rok belas. [3]
2. Verkoopprys van een rok, BTW-eksklusief. [6]
3. BTW aan die klant op een rok belas. [3]
4. BTW deur Trendy Verskaffers belas op een paar jeans. [3]
5. Verkoopprys van een paar tekkies, BTW-inklusief. [9]

#### Inligting

Die volgende items is gedurende die maand van Trendy Verskaffers gekoop.

100 rokke @ R285 elk (BTW-inklusief)

80 paar jeans @ R180 elk (BTW-eksklusief)

60 paar tekkies @ R110 per paar (BTW-eksklusief)

### Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 1

1. BTW deur Trendy Verskaffers op een rok belas: [3]

$$R285 \checkmark \times \frac{14}{114} \checkmark = R35 \checkmark \leftarrow$$

**Onthou**

$$\text{Inklusief} = 14 \div 114$$

2. Verkoopprys van een rok, BTW uitgesluit:

$$\text{Kosprys} = R285 \checkmark - R35 \checkmark (\text{BTW}) = R250 \checkmark$$

$$\text{Verkoopprys} = R250 \checkmark \times \frac{140}{100} \checkmark = R350 \checkmark \leftarrow$$

**Onthou**

$$\text{Prysopslag} = 40\% \text{ op kosprys}$$

[6]

## Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 1 (vervolg)

3. BTW aan die klant op een rok belas:

Verkoopprijs = R350 (soos in vraag 2 hierbo bereken) ←

$$\text{BTW gehef} = R350 \checkmark \times \frac{14 \checkmark}{100} = R49 \checkmark$$

[3]

Onthou

$$\text{Eksklusief} = 14 \div 100$$

4. BTW deur Trendy Verskaffers belas op een paar jeans:

$$R180 \checkmark \times \frac{14 \checkmark}{100} = R25,20 \checkmark \leftarrow$$

[3]

Onthou

$$\text{Eksklusief} = 14 \div 100$$

5. Verkoopprijs van een paar tekkies, BTW-inklusief:

Kosprys = R110

$$\text{Verkoopprijs} = R110 \checkmark \times \frac{140 \checkmark}{100} = R154 \checkmark \text{ (eksklusief)}$$

$$\text{BTW} = R154 \checkmark \times \frac{14 \checkmark}{100} = R21,56 \checkmark$$

$$\text{BTW-inklusiewe bedrag} = R154 \checkmark + R21,56 \checkmark = R175,56 \checkmark \quad [9]$$

Doen weer  
vraag 1– 5 op  
papier, vir ekstra  
oefening.





## Uitgewerkte voorbeeld 2

**Mizi Winkels is vir BTW geregistreer. Mia Mizi is die eienaar van die besigheid.**

Bereken die bedrag BTW wat aan SAID vir die periode geëindig 28 Februarie 2011 oorbetaal sal word.

[17]

**Inligting vir die periode geëindig 28 Februarie 2011**

a) Totale verkope (kontant en krediet) (BTW-inklusief)	R60 000
b) Nuwe rekenaar gekoop (vir kantoorgebruik) (BTW-inklusief)	R12 000
c) Handelsvoorraad aangekoop (BTW-eksklusief)	R20 000
d) Kredietnotas aan klante uitgereik (BTW-inklusief)	R 1 500

## Antwoorde: uitgewerkte voorbeeld 2

	BTW-uitset	BTW-inset
a) Totale verkope: $60\,000 \checkmark \times \frac{14}{114} \checkmark$	R7 368,42✓	
b) Nuwe rekenaar gekoop: $12\,000 \checkmark \times \frac{14}{114} \checkmark$		R1 473,68✓
c) Handelsvoorraad aangekoop: $20\,000 \checkmark \times \frac{14}{100} \checkmark$		R2 800✓
d) Kredietnotas uitgereik: $1\,500 \checkmark \times \frac{14}{114} \checkmark$		R184,21✓
	<b>R7 368,42✓</b>	<b>R4 457,89✓</b>
<b>BTW aan SAID betaalbaar:</b> <b><math>R7\,368,42 - R4\,457,89 = R2\,910,53</math></b> <b>Totale BTW-uitset – totale BTW-inset = BTW betaalbaar aan SAID</b>		

[17]



## 7.2 BTW-kontrolerekening

Daar is verskillende formate vir voltooiing van die Inset- en Uitset-BTW-rekenings, maar die korrekte inligting moet in die BTW-kontrolerekening getoon word. Dit is onwaarskynlik dat jy gevra sal word om die Inset- of Uitset-BTW-rekening in die eksamen te doen. Die BTW-kontrolerekening sal eerder gevra word.

Leerders moet in staat wees om die BTW-kontrolerekening met al die relevante transaksies te voltooi sonder om die Inset-BTW-kontrolerekening en die Uitset-BTW-kontrolerekening te voltooi.

### Formaat van maontlike inskrywings in die BTW-kontrolerekening

ALGEMENE GROOTBOEK									
Dt.		BTW-KONTROLEREKENING (LL)				B		Kt.	
2014			DAJ	56	2014			KOJ	4 200
Mei	3	Debiteurekontrole			Mei	1	Bank		
	8	Korting toegestaan (eis BTW van toegestaande kortingbedrag terug)	AJ	8		2	Debiteurekontrole	DJ	1 400
	12	Oninbare skuld	AJ	28		9	Korting toegestaan (kanselleer BTW-eis)	AJ	8
	4	Bank	KBJ	700		10	Trekkings	AJ	126
	6	Krediteurekontrole	KJ	280		11	Donasies	AJ	42
	5	Kleinkas	KKJ	21		7	Krediteurekontrole	KBJ	98
	31	Saldo	o/d	4 781					
				5 874					5 874
					2014	1	Saldo	a/b	4 781
					Junie				

- BTW-kontrolerekening kan 'n debiet- of kredietsaldo hê.
- 'n Debietsaldo beteken SAID skuld die besigheid geld en dat jou Inset-BTW meer was as jou Uitset-BTW.
- 'n Kredietsaldo beteken dat die besigheid geld aan SAID skuld.

Bedrag verskuldig aan SAID
----------------------------

Skematiese illustrasie van hoe al die inskrywings van die Uitset-BTW-rekening en Inset-BTW-rekening aangeteken word in die BTW-kontrollerekening.

DT		UITSET-BTW-REKENING ( )					B		KT	
14	31	Debiteure-kontrole	DAJ	56	2014	31	Bank	CRJ	4 200	
May		Korting toegestaan (eis BTW van toegestaan kortingbedrag terug)	GJ	8	May		Krditeure-kontrole	DJ	1 400	
		Oninbare	GJ	28			Korting	GJ	8	

- Die Inset-BTW-rekening is 'n lopende bate.
- Dit is dië bedrag wat SAID aan besigheid verskuldig is.
- Die Inset-BTW-rekening neem toe op die debietkant.

Die Uitset-BTW-rekening is 'n lopende las.

- Dit is die bedrag verschuldigd aan SAID.
- Die rekening neem toe op die kredietkant.

DT		BTW KONTROLREKENING ( )					B	KT	
2014 Mei	31	Debiteure controle	DAJ	56	2014 Mei	31	Bank	KOJ	4 200
		Korting toegestaan (eis BTW van toegestaande kortingbedrag terug)	AJ	8			Debiteure controle	DJ	1 400
		Oninbare schulde	AJ	28			Korting toegestaan (kanselleer die BTW-eis)	AJ	8
		Bank	KBJ	700			Trekkings	AJ	126
		Krediteure controle	KJ	280			Donasies	AJ	42
		Kleinkas	KKL	21			Krediteure controle	KBJ	98
		Saldo	o/d	4 781					
				5 874					5 874
					2014 Jun	1	Saldo	a/b	4 781


**Maak zeker dat jy al die moontlike transaksies ken en hoe die transaksies in die BTW-kontrollerekening aangeteken word.**



**Slotson van die BTW-kontrollerekening met al die maontlike inskrywings**

Neem in ag dat die BTW-KONTROLEREKENING gedoen word om vas te stel of die bedrag wat namens SAID ingesamel is, meer is as die bedrag van SAID geëis.

- BTW-BEDRAG INGESAMEL IS UITSET-BTW
- BTW-BEDRAG GEEÏS IS INSET-BTW





Hieronder is 'n lys van voorgestelde vrae uit vorige eksamenvraestelle vir ekstra oefening:

Onderwerp	Vraestel	Vraag
Berekeninge deur Algemene Grootboek-rekeninge te gebruik	November 2010	1.3
Begrippe en berekeninge	Februarie/Maart 2012	1.1



## Vaste bates

### 8.1. Inleiding tot vaste bates

- Alle vaste bates wat 'n besigheid koop, is nie bedoel vir herverkoop nie, maar om aangewend te word in die besigheidsproses om wins te help genereer.
- Vaste bates word opgeteken teen die prys waarteen die bate aangekoop word, die KOSPRYS (AARB-beginsel, ook genoem Historiese koste).
- Afsonderlike rekords van die aankoop van elke vaste bate word in 'n bateregister gehou.
- Volledige besonderhede van elke bate word in die bateregister opgeteken. Die jaarlikse waardevermindering word bereken en ook in die bateregister opgeteken en te alle tye op datum gehou.
- Vaste bates depresseer teen kosprys/reguitlynmetode, of teen drawaarde/afnemende saldo/of sogenaamde boekwaardemetode.
- Vir interne beheerdoeleindes word die bates en registers gereeld gemoniteer.
- Aan die einde van elke finansiële jaar word waardevermindering op die relevante vaste bates afgeskryf. Enige waardevermindering op bates wat gedurende die finansiële jaar verkoop is, word deel van die waardevermindering bedrag wat in die Inkomstestaat aangetoon word.
- Wanneer die bate verkoop word, word die bate opgedateer: bykomende waardevermindering bereken, aan wie dit verkoop is en afgesluit omdat die bate nie meer aan die besigheid behoort nie.
- Al die tersaaklike vaste bates aan die einde van die finansiële jaar. Waardeverminderingwaarde van bates wat in die loop van die finansiële jaar verkoop is, is deel van die waardevermindering wat in die Inkomstestaat aangetoon word.

## 8.2. Bateregister

### Gevra:


Voltooi die volgende bateregisters.

### Inligting:



Kosprys –  
opgehoopte  
waardevermindering  
= boekwaarde/DRAWAARDE

Vaste bates kan  
net depresieer tot die vaste  
bate die afskryfwaarde van  
R1 bereik, daarom kan die  
DRAWAARDE van 'n vaste  
bate nie minder as  
R1 wees nie



### Voorbeeld

Voertuig aangekoop: Kosprys R80 000

Toerusting: Kosprys R20 000

#### Transaksie:

- Waardevermindering op voertuie moet teen 20% p.j. op die kosprys bereken word.
- Waardevermindering op toerusting moet teen 10% p.j. van die drawaarde bereken word.

#### A. WAARDEVERMINDERING TEEN KOSPRYS

Schie Handelaars			Nr 1
Bateregister			
Algemene grootboekrekening: Voertuigrekening (B6)			
Item: Toyota-afleweringsvoertuig, 3 liter      Datum aangekoop: 1 Maart 2009			
Gekoop van: Toyota Witrivier      Kosprys: R80 000			
Persentasie waardevermindering: 20% per jaar teen kosprys/ reguitlynmetode			
Besonderhede van waardevermindering			
Besonderhede	Jaarlike waarde- vermindering- berekenings	Opgehoopte waarde- vermindering	Boekwaarde ook bekend as "Drawaarde"
Einde eerste jaar			
Einde tweede jaar			
Einde derde jaar			
Einde vyfde jaar			
Einde sesde jaar			

**B. Waardevermindering TEEN DRAWAARDE****Schie Handelaars****Nr 2****Bateregister**Algemene grootboekrekening: *Toerusting (B7)*Item: *Kantoorrekenaar*Datum aangekoop: *1 Maart 2009*Gekoop van: *DARRYN MEUBILEERDERS* Kosprys: *R20 000*Persentasie: *10% per jaar teen drawaarde/boekwaarde of afnemende waarde*

Besonderhede van waardevermindering

Besonderhede	Jaarlike waardevermindering-berekenings	Opgehoopte waardevermindering	Boekwaarde ook bekend as "Drawaarde"
Einde eerste jaar			
Einde tweede jaar			
Einde derde jaar			
Einde vierde jaar			
Einde vyfde jaar			

## 8.3 Reswaarde/of sogenaamde afskryfwaarde van R1 inleiding

Aan die einde van elke finansiële jaar word die bateregister opdateer deur die waardevermindering van al die vaste bates te bereken. Die totale waardevermindering word dan opgeteken in die Algemene Joernaal as die waardevermindering vir die jaar. Waardevermindering is 'n wettige manier om die netto wins te verminder sodat minder belasting betaalbaar is. Wanneer 'n vaste bate egter die einde van die waardeverminderingtydperk bereik het, kan geen waardevermindering meer bereken word nie. Waardevermindering kan slegs bereken word tot die bate 'n drawaarde van R1 bereik het.

(Kosprys – opgehoopte waardevermindering = drawaarde)



Neem kennis van die volgende scenarios.

- Die R1-afskryfwaarde is van toepassing wanneer 'n bate gedeprimeer het. 'n Voertuig met 'n drawaarde van R1 kan nie in die volgende jaar depresseer nie.  
(kosprys minus opgehoopte waardevermindering = drawaarde)  
 $R100\ 000 - R99\ 000 = R1$

DT	VOERTUIG	KT
	Saldo a/b 100 000	

DT	OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIG	KT
	Saldo a/b 99 999	

- Wanneer 'n bate wat 'n drawaarde van R1 het verkoop word, moet die kosprys en die totale opgehoopte waardevermindering van die voertuig afgesluit word na die Bateverkoperekening.

BATEVERKOPE			
Voertuig	100 000	Opgehoopte waardevermindering	99 999
Wins op verkoop van bate	39 999	Bank	40 000
	139 999		139 999

Weens die afskryfwaarde van R1 is die wins R39 999

In praktyk is die afskryfwaardebeginsel NIE toepasbaar wanneer 'n vaste bate verkoop word wat nog nie sy R1-drawaarde bereik het nie.

- Wanneer 'n bate egter verkoop word wat NOG NIE die afskryfwaarde van R1 bereik het nie maar binnekort sal bereik, word die afskryfwaardebeginsel (drawaarde van R1) nie in praktyk toegepas nie.

### e.g. Voorbeeld:

Voertuig is verkoop vir R40 000 kontant.

Kosprys van voertuig; R100 000

Opgehoopte waardevermindering: R 90 000

Drawaarde: = R 10 000

Waardevermindering word bereken teen 20% van Kosprys

- Bykomende waardevermindering:  $R100\ 000 \times 20\% = R20\ 000$
- Die drawaarde is reeds R10 000 en dit beteken dat die waardevermindering slegs R10 000 kan wees.
- 'n Vaste bate kan nie vir minder as die kosprys van die voertuig gedeprimeer word nie. (En nie R9 999 nie!)

Bateverkope			
Voertuig	100 000	Opgehoopte waardevermindering	100 000
Wins op verkoop van bate	40 000	Bank	40 000
	140 000		140 000

Omdat die beginsel van R1 nie toegepas is nie, is die wins R40 000.

## 8.4 Nota tot die Balansstaat en Bateverkope

1. Ken die formaat en die stappe om te volg wanneer 'n bate verkoop word.
2. Ken die grootboekrekeninge betrokke by berekening van
  - Bykomende waardevermindering wanneer 'n bate verkoop word;
  - Waardevermindering van al die vaste bates aan die einde van die finansiële jaar (behalwe grond en geboue)
  - Voltooiing van Nota 3 tot die Balansstaat

### Nota 3 tot die Balansstaat:

Eiendom, fabriek en toerusting	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting	Totaal
Kosprys			60 000	
– Opgehoopte waardevermindering			(20 000)	
= <b>Drawaarde</b> op laaste dag van die vorige jaar			40 000	
<b>Bewegings:</b>				
+ Byvoegings teen kosprys			30 000	
– Vervreemdings teen drawaarde (boekwaarde)			(5 000)	
– Waardevermindering vir die jaar			(15 000)	
= <b>Drawaarde laaste dag van die huidige jaar</b>			50 000	
Kosprys			85 000	
– Opgehoopte waardevermindering op jaareinde			(35 000)	
= Drawaarde op laaste dag van huidige jaar			50 000	

Daar is verskillende formate van Nota 3, hoewel hulle dieselfde inskrywings het. Maak seker dat jy die format van 'n goedgekeurde handboek gebruik.



### Stappe om te volg wanneer 'n vaste bate vervreem word

1. Vind die kosprys van die vaste bate wat verkoop is en verskuif/dra oor na die Bateverkope-rekening.
2. Bereken die bykomende waardevermindering van die vaste bate wat verkoop is.
3. Verskuif/dra oor die totale waardevermindering van die verkoopte vaste bate na die Bateverkope-rekening.
4. Teken die verkoopprijs van die vaste bate in die Bateverkope-rekening op.
5. Bereken die wins of verlies op die verkoopte bate.
6. Aan die einde van die jaar, teken die waardevermindering van die oorblywende en nuwe bates op soos aan die einde van die finansiële jaar.

### Algemene Grootboekrekeninge

- Bestudeer die volgende Algemene Grootboekrekeninge
- Maak seker dat jy al die grootboekrekenings goed verstaan.
- Die inskrywings is voorbeelde van alle moontlike transaksies in die toepaslike grootboekrekeninge wanneer vaste bates gekoop of verkoop word.

- Die prosedure aan die einde van die finansiële jaar word ook geïllustreer.

## Algemene Grootboek van Star Handelaars

DT					VOERTUIE (VB)			B1	KT
2013 Mrt	1	Saldo	o/d	180 000	2013 Des	31	Bateverkope	AJ	100 000 <sup>1</sup>
Mei	10	Krediteurekontrole	KJ	150 000	2014 Feb	28	Saldo	o/d	280 000
Okt	10	Bank	KBJ						
				380 000					380 000
2014 Mrt	1	Saldo	a/b	280 000					

DR					OPGEHOOPTE Waardevermindering VAN VOERTUIE (-B)			B2	KT
2013 Des	31	Bateverkope (20 000 + 5 000)	AJ	25 000 <sup>3</sup>	2013 Mrt	1	Saldo	a/b	60 000
		Balans	o/d	40 000	Des	31	Waardevermindering (bykomend)	A/J	5 000 <sup>2</sup>
				65 000					65 000
2014 Feb	28	Saldo	o/d	50 000			Saldo (Opgehoopte afskryf-waarde van res van voertuie)	a/b	40 000
					2014 Feb	28	Waardevermindering (jaareinde)	A/J	10 000 <sup>6</sup>
				50 000					50 000
					Mar	1	Saldo	a/b	50 000

DT					Bateverkope (berekening)			B3	CT
2013 Des	31	Voertuie	A/J	100 000 <sup>1</sup>	2013 Des	31	Opgehoopte waarde-vermindering van voertuie	A/J	25 000 <sup>3</sup>
		Wins met verkoop van bate	A/J	5 000 <sup>5</sup>			Debiteurekontrole	A/J	80 000 <sup>4</sup>
				105 000					105 000

**NOTA:** Debiteurekontrole – wanneer 'n voertuig op krediet verkoop is  
 Bank – wanneer 'n voertuig vir kontant verkoop is  
 Krediteurekontrole – wanneer 'n voertuig by 'n tweedehandse handelaar ingeruil is  
 Onttrekking – wanneer die eienaar 'n voertuig vir eie gebruik neem  
 Donasie – wanneer 'n voertuig as donasie geskenk is



**NB** Bateverkopes-rekening moet afgesluit word. Die Bateverkopesrekening sal nooit 'n balans hê nie omdat die verskil of 'n wins, of 'n verlies op die verkoopte bate sal wees.

DT					Waardevermindering (u)			N	KT
2013 Des	31	Opgehoopte waardevermindering van voertuie (bykomend)	A/J	5 000 <sup>2</sup>	2014 Feb	28	Wins en verlies (waardevermindering vir die hele jaar)	A/J	35 000
2014 Feb	28	Opgehoopte waardevermindering van voertuie (jaareinde)	A/J	10 000 <sup>6</sup>					
		Opgehoopte waardevermindering van toerusting	A/J	20 000					
				35 000					35 000

DT					WINS MET VERKOOP VAN BATE (1)			N	KT
2013 Des	31	Wins-en-verliesrekening	A/J	5 000	2014 Feb	28	Bateverkope	A/J	5 000 <sup>5</sup>

DT					VERLIES OP VERKOOP VAN BATE (u)			N	KT
2013 Des	31	Bateverkoe	A/J	0	2014 Des		Wins-en-verliesrekening	A/J	0



## Voorbeeld 2 van nota 3 in die Finansiële state

### GEVRA:

Voltooi Nota 3 tot die Balansstaat

### INLIGTING:

Gebruik die formaat en voltooi Nota 3 van die finansiële state

Naam van besigheid \_\_\_\_\_

Balansstaat soos op \_\_\_\_\_

	Notas	
BATES		
Nie-lopende bates		
Eiendom, fabriek en toerusting	3	

### NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT

3. Eiendom, fabriek en toerusting	Voertuie
Kosprys	
Opgehoopte waardevermindering	
Drawaarde op laaste dag van vorige jaar	
<b>Bewegings:</b>	
Byvoegings teen kosprys	
Vervreemding teen drawaarde (boekwaarde)	
Waardevermindering vir die jaar	
<b>Drawaarde op laaste dag van huidige jaar</b>	
Kosprys	
Opgehoopte waardevermindering	
Drawaarde op laaste dag van huidige jaar	

## Memorandum van voorbeeld 1

### Berekening van waardevermindering en kosprys en drawaarde

#### VAN SCHIE HANDELAARS

NR 1

##### Bateregister

Persentasie waardevermindering: 20% per jaar teen kosprys/  
reguitlynmetode

##### Besonderhede van waardevermindering

Besonderhede	Jaarlike waardevermindering-berekenings	Opgehoopte waardevermindering	Boekwaarde, ook "Drawaarde"
Einde van eerste jaar	$80\,000 \times 20\% = 16\,000$	16 000	64 000
Einde van tweede jaar	$80\,000 \times 20\% = 16\,000$	32 000	(80 000 - 32 000) 48 000
Einde van derde jaar	$80\,000 \times 20\% = 16\,000$	48 000	32 000
Einde van vierde jaar	$80\,000 \times 20\% = 16\,000$	64 000	16 000
Einde van vyfde jaar	$80\,000 \times 20\% = 16\,000$ <del>16 000</del> 15 999	(64 000 + 15 999) 79 999	(80 000 - 79 999) R1

(80 000 - 16 000)

Kan nie R16 000  
depresieer nie weens die  
waardevermindering van R1.  
Kan daarom net depresieer tot  
R15 999

#### VAN SCHIE HANDELAARS

NR 2

##### Bateregister

Persentasie waardevermindering: 10% per jaar teen drawaarde/  
boekwaarde of sogenaamde afnemende waarde

##### Besonderhede van waardevermindering

Besonderhede	Jaarlike waardevermindering-berekenings	Opgehoopte waardevermindering	Boekwaarde, ook "Drawaarde"
Kosprys R20 000			
Einde van eerste jaar	$20\,000 \times 10\% \times 6/12 = 1\,000$	1 000	19 000
Einde van tweede jaar	$19\,000 \times 10\% = 1\,900$	(2 000 + 1 900) 2 900	(20 000 - 2 900) 17 100
Einde van derde jaar	$17\,100 \times 10\% = 1\,710$	4 610	15 390
Einde van vierde jaar	$15\,390 \times 10\% = 1\,539$	6 149	13 851
Einde van vyfde jaar	$13\,851 \times 10\% = 1\,385.10$	7 534.10	12 465.90

## Memorandum van voorbeeld 2

### GEVRA:

Voltooi die Nota tot die finansiële state deur die gegewe grootboek-rekeninge te gebruik

Naam van besigheid \_\_\_\_\_

Balansstaat soos op \_\_\_\_\_

	Notas	
BATES		
Nie-lopende bates		230 000
Eiendom, fabriek en toerusting (teen drawaarde)	3	230 000

### NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT

3. Eiendom, fabriek en toerusting	Voertuie
Kosprys	180 000
Opgehoopte waardevermindering	(60 000)
<b>Drawaarde soos op laaste dag van vorige jaar</b>	120 000
<b>Bewegings:</b>	
Byvoegings teen kosprys (150 000 + 50 000)	200 000
Vervreemdings teen drawaarde (100 000 – 25 000)	(75 000)
Waardevermindering vir die jaar (5 000 + 10 000)	(15 000)
<b>Drawaarde op laaste dag van huidige jaar</b>	<b>230 000</b>
Kosprys	280 000
Opgehoopte waardevermindering	(50 000)
<b>Drawaarde op laaste dag van huidige jaar</b>	<b>230 000</b>

Gaan jou antwoord na!  
Dit moet dieselfde wees.





# Bylaag: Vorige Graad 12

## eksamenvraestelle

Die 2014 Rekeningkunde-eksamens het 'n nuwe formaat in ooreenstemming met KABV. Die Departement van Basiese Onderwys het 'n voorbeeld van die Rekeningkunde vraestel, antwoordboek en merkmemoranda aangebied.

1. Voordat jy die vraestelle aanpak, **fotokopieer** eers albei antwoordboeke sodat jy hulle meer as een keer kan gebruik. Onthou, as jy sukses in Rekeningkunde wil behaal, moet jy **oefen, oefen, oefen!**
2. **Beantwoord die vrae** in die Rekeningkundevraestel van 2012. Skryf jou antwoorde in die antwoordboek van 2012. Neem dan 'n blaaskans voordat jy die Rekeningkundevraestel van 2010 aanpak (maak seker jy gebruik die antwoordboek van 2010 vir jou antwoorde).
3. Beskou die vraestelle as die ware Jakob – berei jouself voor asof jy die **regte eksamen** gaan skryf en maak seker jy het penne, potlode, uitveër en 'n sakrekenaar byderhand. **Hou die horlosie dop** sodat jy elke vraestel binne die toegelate tyd van 3 uur voltooi.
4. Die doel van hierdie oefening is om jou kennis te toets – moenie jouself kul deur na die antwoorde te kyk voordat jy elke vraestel klaargemaak het nie.
5. Gebruik die memorandums om **jou antwoorde na te sien**. Let op waar jy die verkeerde antwoorde gegee het – dit is die afdelings van die kurrikulum waaraan jy **meer aandag moet gee**. Raadpleeg jou handboeke en die relevante hoofstukke in hierdie studiegids, en bestee tyd om weer die afdelings waar jy die laagste punte behaal het, te leer.
6. Wanneer jy voel jy het jou kennis genoegsaam verbeter in dié areas waar jy met jou eerste poging swak gevaar het, kan jy **weer deur elke vraestel werk** (gebruik die fotostate wat jy vroeër van die antwoordboeke gemaak het). Vergelyk jou werk met die memorandum om te sien of jy hierdie keer beter gevaar het.
7. Ons herhaal: As jy sukses in Rekeningkunde wil behaal, moet jy **oefen, oefen, oefen!** Doen hierdie oefening so dikwels moontlik sodat jy die eindeksamen kan kafdraf!



**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR CERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENINGKUNDE**

**MODEL 2014**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 'n 18 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. Toon bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

## NOTA AAN ONDERWYSERS

Hierdie Modelvraestel is bedoel om aan onderwysers en leerders 'n begrip te gee van die standaard en formaat van vrae wat as geldig beskou word vir die graad 12-NSS-Rekeningkunde-eksamen (KABV) vanaf 2014.

Onderwysers word ook verwys na:

- Die Eksamenriglyne vir verdere inligting oor struktuur en standaard wat vereis word
- Die Ontledingsraamwerke vir bewys van die nakoming van die gewigstoekenning van die inhoud, kognitiewe vlakke en vlakke van uitdaging

## NUWE KABV-INHOUD

Die volgende vrae bevat nuwe inhoud volgens die KABV:

- VRAAG 2 dek Krediteure-rekonsiliasie; die opstel daarvan is 'n graad 11-onderwerp wat in graad 12 geëksamineer mag word
- VRAAG 3 dek 'n Maatskappykontantbegroting en sluit die terugkoop van aandele in
- VRAAG 4 fokus op die terugkoop van aandele en die gevolg daarvan op die Balansstaat, Notas en toepaslike finansiële aanwysers
- VRAAG 5 is 'n standaard-kontantvloei- en -vervolgingsvraag wat aspekte oor die terugkoop van aandele insluit

## DUBBELE TOETSING

Dit is nie aanbevole praktyk om in eksamenvraestelle 'dubbele toetsing' van onderwerpe regoor vrae toe te pas nie. Aangesien die onderwerp oor die terugkoop van aandele kommer of vrae by onderwysers oor die aanvaarbare hantering van die onderwerp kan laat ontstaan, is hierdie onderwerp in verskeie kontekste in hierdie Modelvraestel herhaal. Verwys na die Eksamenriglyne vir verdere navrae.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 1: VERVAARDIGING

(40 punte; 25 minute)

1.1 ACE SAKREKENAARS

Hierdie besigheid vervaardig een soort basiese skoolsakrekenaar. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadstelsel.

GEVRA:

- 1.1.1 Dui die kosterekeninge aan wat deur die volgende in 'n vervaardigingsonderneming geraak sal word:
- (a) Huur betaal vir fabrieksgeboue

(b) Oortyd betaal aan fabriekswerkers

(c) Kommissie betaal aan verkoopspersoneel

(d) Koste van grondstowwe wat in die produksieproses gebruik word

(e) Salaris van interne ouditeur
- (5)
- 1.1.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013 op.
- (10)
- 1.1.3 30 000 sakrekenaars is gedurende die finansiële jaar vervaardig. Bereken die koste van produksie per eenheid.
- (3)

INLIGTING:

Inligting geneem uit die finansiële rekords op 28 Februarie 2013:

	R
Administrasiekoste	485 000
Direkte materiaal-/Grondstofkoste	1 161 000
Fabrieksbokoste	810 000
Verkoops- en verspreidingskoste	245 000
Direkte arbeidskoste	?
Primêre koste	1 797 000
Totale koste van produksie van klaarprodukte	2 460 000
Goedere-in-bewerking (1 Maart 2012)	102 000
Goedere-in-bewerking (28 Februarie 2013)	?
Klaarproduktevoorraad (1 Maart 2012)	202 800
Klaarproduktevoorraad (28 Februarie 2013)	500 200
Verkope (26 500 sakrekenaars teen R130 elk)	3 445 000
Koste van verkope	?

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

<b>VRAAG 1: 40 punte; 25 minute</b>	
<b>Hoofonderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Vervaardiging	<b>Bestuursrekeningkunde</b>
	Produksiekostestaat
	Ontleding en vertolking van eenheidskoste en gelykbreekpunt
	<b>Bestuur van hulpbronne</b>
	Interne beheer en interne oudit
	Eteik

<b>VRAAG 2: 30 punte; 20 minute</b>	
<b>Hoofonderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Krediteure-versoening	<b>Finansiële rekeningkunde</b>
	Versoening van 'n Krediteuregrootboekrekening met 'n Krediteurerekeningstaat
	<b>Bestuur van hulpbronne</b>
	Interne beheer en interne oudit

<b>VRAAG 3: 50 punte; 30 minute</b>	
<b>Hoofonderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Kontantbegroting	<b>Bestuursrekeningkunde</b>
	Ontleed en vertolk 'n kontantbegroting
	<b>Bestuur van hulpbronne</b>
	Interne beheer en interne oudit

<b>VRAAG 4: 50 punte; 30 minute</b>	
<b>Hoofonderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Terugkoop van aandele	<b>Finansiële rekeningkunde</b>
	Aandeelhoudersbelang-afdeling in die Balansstaat en Notas
	Ontleding en vertolking: Netto batewaarde

<b>VRAAG 5: 70 punte; 40 minute</b>	
<b>Hoofonderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Kontantvloeï en vertolking van inligting.	<b>Finansiële rekeningkunde</b>
	Kontantvloeistaat
	Ontleding en vertolking van finansiële inligting
	Onafhanklike ouditeursverslag
	Interne beheer
	Eteik en professionele liggaam

<b>VRAAG 6: 60 punte; 35 minute</b>	
<b>Hoofonderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Inkomstestaat, vaste bates en voorrade	<b>Finansiële rekeningkunde</b>
	Opstel van Inkomstestaat
	<b>Bestuur van hulpbronne</b>
	Bateverkoperekening
	Voorraadwaardasie: EIEU en geweegde gemiddelde
	Internebeheer-probleemoplossing



## 1.2

**MALOMA MELKERY**

Jy word voorsien van inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013. Die elenaar van hierdie melkery is Mark Maloma. Die onderneming verkoop gekeurde melk in bottels.

**INLIGTING:**

Die getal eenhede geproduseer en verkoop het van 420 000 bottels in 2012 tot 540 000 bottels in 2013 toegeneem.

Die volgende syfers is op die 2013 finansiële jaar van toepassing:

	<b>TOTAAL</b>	<b>PER EENHEID</b>
Verkope (540 000 x R6,60)	R3 564 000	R6,60
Veranderlike koste	R1 458 000	R2,70
Vaste koste	R972 000	R1,80

1.2.1 Bereken die gelykbreekpunt en lewer kommentaar op die vlak van produksie vir die jaar. (7)

1.2.2 Ten spyte van die feit dat die fabriekswerkers 'n 10%-loonverhoging gekry het, het die direktemateriaalkoste met 50 sent per eenheid gedaal. Wat kon die verskil veroorsaak het? Watter opmerking sal jy aan Mark maak in verband met die beheer van hierdie item? (3)

1.2.3 Die vaste koste per eenheid het van R1,90 in 2012 tot R1,80 in 2013 afgeneem. Behoort Mark hiermee tevrede te wees? Watter opmerking sal jy aan Mark maak in verband met die beheer van hierdie item? Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. (4)

1.2.4 Jy is die interne ouditeur en jy het opgemerk dat die onderneming bottels gebruik wat by Apex Produkte gekoop is as houters vir die gekeurde melk. Die kontrak met Apex Produkte is deur die kantoorbestuurder, Alex Fynn, onderteken. Terwyl jy een aand laat gewerk het, het jy opgemerk dat Apex Produkte 'n skootrekenaar by mnr. Fynn afgelewer het. (8)

- Sal jy hieroor bekommerd wees? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- Verduidelik watter stappe jy as interne ouditeur sal doen. Noem DRIE punte.

40

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

**VRAAG 2: KREDITEUR-VERSOENING EN INTERNE BEHEER**  
**(30 punte; 20 minute)**

Organic Handelaars koop en verkoop organiese produkte. 'n Rekeningstaat wat op 28 Julie 2013 van 'n krediteur, Aqua Groothandelaars, ontvang is, toon 'n ander bedrag verskuldig deur Organic Handelaars as die bedrag in die Krediteurgrootboek van Organic Handelaars.

**GEVRA:**

2.1 Maak 'n lys van die veranderinge aan Aqua Groothandelaars se rekening in die Krediteurgrootboek, wat die boekhouer moet boekstaaf om die foute of weglatings reg te stel. Gee 'n kort beskrywing in die Besonderhede-kolom en toon die veranderinge in die saldo's in die Bedrag-kolom. (12)

2.2 Stel 'n Krediteur-rekonsiliasiestaat vir Aqua Groothandelaars vir Julie 2013 op. (10)

2.3 Die eienaar van Organic Handelaars is ongelukkig oor die foute wat voorgekom het en onakkurate rekords in hul boeke tot gevolg gehad het. Verduidelik kortliks TWEE maatreëls wat Organic Handelaars kan implementeer om goeie beheer oor hul krediteure te kan volhou en om te voorkom dat dit in die toekoms weer gebeur. (4)

2.4 Organic Handelaars ondervind kontantprobleme en is tans in 'n posisie waar hulle hul krediteure nie betyds kan betaal nie. Aqua Groothandelaars het aan hulle 'n kredietlimiet van R40 000 toegestaan. Al hul huidige krediteure vereis dat hulle binne 30 dae betaal word en hulle laat hul kliente kredietterme van 60 dae toe. Stel TWEE maniere voor waarop die likiditeitsposisie kan verbeter. (4)

**INLIGTING:****KREDITEURGROOTBOEK VAN ORGANIC HANDELAARS**

<b>KG4. AQUA GROOTHANDELAARS</b>			
		<b>Debiet</b>	<b>Krediet</b>
2013	Saldo oorgedra		<i>Krediet</i>
Julie 1			17 680
Julie 6	Tjek 6321	16 796	884
	Korting	884	NUL
Julie 8	Faktuur 2590		17 932
Julie 10	Debietnota 89	593	17 339
Julie 14	Faktuur 2810		25 490
Julie 16	Joernaalbewys 450	1 800	42 829
Julie 17	Debietnota 102	1 482	41 029
Julie 19	Faktuur 1067		39 457
Julie 22	Tjek 6410	18 000	420
Julie 29	Faktuur 3056		32 604
			11 967
			44 571

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Rekeningstaat ontvang van Aqua Groothandelaars:

Aqua Groothandelaars				
Posbus 453; Stellenbosch 7599; Tel: 021 851 5679		Datum van rekeningstaat: 25 Julie 2013		
Organic Handelaars		Kredietlimiet: R40 000		
Posbus 219				
Stellenberg, 7550				
		Debiet	Krediet	Bedrag
2013				
Julie 1	Saldo oorgedra			17 680
Julie 6	Kwitansie 1436		16 796	884
Julie 8	Faktuur 2590	17 932		18 816
Julie 10	Kredietnota 1038		539	18 277
Julie 10	Kredietnota 1042		3 900	14 377
Julie 16	Faktuur 2810	25 904		40 281
Julie 17	Debietnota 102		1 482	38 799
Julie 19	Kredietnota 141		420	38 379
Julie 22	Tjek 6410		18 000	20 379
	Korting		900	19 479

ADDITIONELE INLICHTING:

1. Aqua Groothandelaars het die korting, soos deur Organic Handelaars op 6 Julie geëis, verwerp en aangedui dat die betaling te laat ontvang is om vir die korting te kwalifiseer.
2. Daar is 'n geskil oor die goedere teruggestuur deur Organic Handelaars soos per debietnota DN 89. Die fout is deur Organic Handelaars gemaak. Aqua Groothandelaars se kredietnota KN 1038 is korrek.
3. Aqua Groothandelaars het kredietnota 1042 op 10 Julie getoon. Dit verwys egter na een van hulle ander kliente, Orgo Winkels, en nie na Organic Handelaars nie.
4. Faktuur 2810 is korrek deur Organic Handelaars geboekstaaf.
5. Aqua Groothandelaars het goedere op skuld by Organic Handelaars gekoop. Die boekhouer is opdrag gegee om hul debietsaldo van R1 800 in die Debiteuregrootboek na die Aqua Groothandelaarsrekening in die Krediteuregrootboek oor te dra. Sy het egter die inskrywing verkeerd gedoen (verwys na Joenaalbewys 450). Aqua Groothandelaars het ook vergeet om hierdie transaksie te boekstaaf.
6. Kredietnota 141 vir R420 ontvang van Aqua Groothandelaars is foutiewelik as Faktuur 141 in die Krediteuregrootboek geboekstaaf.
7. Organic Handelaars het vergeet om hul korting op 22 Julie te eis. Daar was ook op 22 Julie 'n afrekkout van R10 000 in die Krediteuregrootboekrekening.
8. Let daarop dat Aqua Groothandelaars se rekeningstaat op 25 Julie 2013 voorberei is.

VRAAG 3: KONTANTBEGROTING (50 punte; 30 minute)

As die rekenmeester van Blossom Handelaars Bpk. is jy besig om die Kontantbegroting vir die drie maande geëindig 30 September 2013, wat aan die direkteure voorgelê sal word, te hersien.

GEVRA:

- 3.1 Verduidelik aan die aandeelhouders wat die hoofverskil tussen 'n *geprojekteerde inkomstestaat* en 'n *Kontantbegroting* is. (2)
- 3.2 Noem TWEE items wat in 'ander bedryfsuitgawes' ingesluit kan wees. (2)
- 3.3 Voltooi die Debiteure-invoorderingskedule vir Julie en Augustus 2013. (8)
- 3.4 Bereken die volgende: (3)
- 3.4.1 Die % toename in verkope in September 2013 (3)
- 3.4.2 Die huurinkomstebedrag vir September 2013. Let daarop dat die maatskappy vir 'n 12%-toename in huur vanaf 1 September 2013 begroot. (2)
- 3.4.3 Die totale verkope vir Augustus 2013 (4)
- 3.4.4 Die bedrag wat gedurende September aan krediteure betaal sal word (4)
- 3.4.5 Die bedrag wat in September 2013 vir tussentydse dividende betaal sal word (4)
- 3.4.6 Wat die terugkoop van aandele die maatskappy in September 2013 sal kos (3)
- 3.4.7 Die rente wat vir September 2013 ontvang sal word (4)
- 3.5 In Augustus is daar 'n bedrag wat vir inkomstebelasting betaal sal word. (4)
- 3.5.1 Wat word deur hierdie bedrag verteenwoordig, aangesien die finansiële jaareinde van hierdie maatskappy jaarliks aan die einde van Februarie is? (2)
- 3.5.2 Hoe sal hierdie bedrag bereken word? (2)
- 3.6 Die aandeelhouders is ongelukkig met die manier waarop die invordering van debiteure hanteer is. (2)
- 3.6.1 Verduidelik waarom jy glo dat die aandeelhouders so voel rakende die invordering van debiteure. (2)
- 3.6.2 Stel TWEE maatreëls voor wat ingestel kan word om die situasie te verbeter. (2)

## 3.7

Aan die einde van Junie is die volgende bedrae geïdentifiseer. Die direkteure het jou gevra om aan hulle te verduidelik hoekom die begrote en werklike bedrae van sekere items so beduidend verskil. Verduidelik wat jy aan hulle sal sê oor elk van die volgende items. Verduidelik EEN punt van raad in elke geval.

JUNIE 2013		
	Begroet	Werklik
Advertensies	R5 200	R8 000
Opleiding van werknemers	R12 000	NUL
Huurinkomste	R8 500	R2 000

(6)

## INLIGTING:

- Kredietverkope:** 40% van alle verkope is op krediet. Debiteure word 30 dae gegee om hul skuld te vereffen. Neigings die afgelope jaar toon egter dat debiteure soos volg betaal:

  - 40% in dieselfde maand van verkope, onderhewig aan 'n 5%-korting
  - 35% in die maand wat op die verkope volg, dit is 30 dae
  - 20% in die tweede maand wat op die verkope volg, dit is 60 dae
  - 5% van skulde word na 60 dae afgeskryf
- Voorraadaankope:**

  - Die onderneming werk op 'n vastevoorraadbasis waar voorraad wat binne 'n maand verkoop is, aan die einde van daardie maand vervang word.
  - Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 60% op kosprys.
  - 80% van voorraad word op krediet aangekoop en krediteure word binne 30 dae betaal.
- Vaste deposito:**

Die onderneming het drie vaste deposito's by Reliable Bank ter waarde van R675 000 teen 'n rentekoers van 8,0%. Een van dié vaste deposito's, met 'n waarde van R375 000, verval in September.

4. **Aandele:**

- Die maatskappy het 250 000 uitgereikte aandele en die gemagtigde aandeelkapitaal het 'n saldo van R1 500 000.
- Die maatskappy beplan om 'n verdere 40 000 aandele gedurende Augustus 2013 teen 'n prys van R10,00 per aandeel uit te reik.
- Een van die aandeelhouders is vroeër die jaar oorlede. Hierdie aandeelhouer besit 55 000 aandele. Daar is besluit om die aandele gedurende September 2013 uit die boedel terug te koop teen 'n prys van R15,50 elk.

5. **Dividende:**

Teen die einde van September sal 'n tussentydse dividend van 40 sent per aandeel op aandele in besit aan die einde van September betaal word.

Kopiereg voorbehoud

Blaai om asseblief

**BLOSSOM HANDELAARS BPK.**  
**KONTANTBEGROTING VIR DRIE MAANDE GEÏNDIG 30 SEPTEMBER 2013**

ONTVANGSTE	2013 JULIE	2013 AUGUSTUS	2013 SEPTEMBER
Kontantverkope	1 200 000	1 200 000	1 440 000
Invoerings van debiteure	?	?	804 800
Gewone aandeelkapitaal (nuwe aandele)		400 000	
Huurinkomste	8 500	8 500	?
Vaste deposito verval			375 000
Rente op vaste deposito	4 500	4 500	?
Diverse inkomste			?
	1 893 300	2 339 000	2 635 700
<b>BETALINGS</b>			
Aankoop van voorraad	?	?	300 000
Betalings aan krediteure	?	?	
Direkteursfooie	6 000	6 000	6 000
Salarisse en lone	520 000	520 000	520 000
Oudiffooie	7 500	7 500	7 500
Inkomstebelasting		46 000	
Advertensies	5 200	5 200	5 200
Dividende op gewone aandele			?
Terugkoop van aandele			?
Ander bedryfsuitgawes	?	?	?
	1 758 700	1 804 700	2 835 200
Surplus (tekort)	134 600	534 300	(199 500)
Beginbanksaldo	(28 000)	106 600	640 900
Eindbanksaldo	106 600	640 900	441 400

50

Kopiereg voorbehoud

Blaai om asseblief

HOU HIERDIE BLADSY BLANKO.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 4: TERUGKOOP VAN AANDELE EN VERTOLKING (50 punte; 30 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Prospect Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2013. Die HUB, Ronnie Phosa, besit 150 000 aandele in die maatskappy, saam met sy kinders.

Waar verduidelings of kommentaar gevra word, word daar van jou verwag om syfers of finansiële aanwyers aan te haal om jou verduidelings te staaf.

GEVRA:

- 4.1

Aandeehouersbelang-gedeelte van die Balansstaat op 31 Maart 2013.

(6)
- 4.2

Notas tot:
  - Gewone aandelekapitaal
  - Behoue inkomste

(13)  
(15)
- 4.3

Bereken die netto batewaarde per aandeel op 31 Maart 2013 na die terugkoop van die aandele by die Gaptu-familie.

(4)
- 4.4

Die Gaptu-familie was gretig om hul aandele te verkoop aangesien hulle ongelukkig was met die lae uitbataalbeleid wat die direkteure gevolg het met die besluite oor dividende. Na jou mening, is hulle klagtes geldig, of nie? Verduidelik.

(4)
- 4.5

Is die Gaptu-familie 'n billike waarde vir hul aandele aangebied? Verduidelik.

(3)
- 4.6

Na jou mening, sal die terugkoop van die aandele by die Gaptu-familie tot voordeel van die oorblywende aandeehouers wees, of nie? Verduidelik.

(5)

INLIGTING:

1.

Die gewone aandelekapitaal op 1 April 2012 bestaan uit:
  - 250 000 gewone aandele uitgereik gedurende die 2010 finansiële jaar teen R5,00 per aandeel
  - 150 000 gewone aandele uitgereik gedurende die 2011 finansiële jaar teen R7,00 per aandeel.
2.

Behoue inkomste op 1 April 2012 beloop R1 960 000.
3.

Die volgende veranderinge aan die aandelekapitaal het gedurende die 2013 finansiële jaar plaasgevind:
  - Op 1 Oktober 2012 is 100 000 nuwe, gewone aandele uitgereik teen R9,00 per aandeel. Hierdie aandeehouers is nie geregtig op tussentydse dividende nie.
  - Op 31 Maart 2013 het die direkteure besluit om 220 000 gewone aandele by lede van die Gaptu-familie, wat nie verder daarin belangstel om aandeehouers te wees nie, terug te koop. Hierdie aandeehouers het oorspronklik die meeste van hul aandele op die JSE teen verskillende pryse en op verskillende tye aangekoop. Die terugkoopprys was R10,70 per aandeel. Hierdie aandeehouers is geregtig op alle dividende vir die 2013 finansiële jaar.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

4. Addisionele inligting vir die afgelope twee finansiële jaar:

**FINANSIËLE JAAR GEËINDIG:**

	31 Maart 2013	31 Maart 2012
Netto inkomste na belasting	R1 600 000	R2 200 000
Gewone aandeelhoudersbelang teen jaareinde	?	R4 260 000
Getal uitgereikte aandele teen jaareinde	?	400 000
Markprys per aandeel op die JSE	1 040 sent	1 040 sent
Netto batewaarde per aandeel	?	1 065 sent
Verdienste per aandeel	356,6 sent	488,9 sent
Tussentydse dividende	70 sent	90 sent
Finale dividende	102 sent	140 sent

50

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

**VRAAG 5: KONTANTVLOEIEN VERTOLKING (70 punte; 40 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Belco Beperk vir die jaar geëindig 31 Augustus 2013.

- 5.1 'n Maatskappy se gepubliseerde jaarverslag bestaan uit vyf hoofdele.

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n komponent in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

	KOLOM A (Komponente van die jaarverslag)	KOLOM B (Beskrywing)	
5.1.1	Inkomtestaat	A 'n skriftelike, verbale verduideliking van die bedrywighede van die maatskappy gedurende 'n finansiële jaar	(5)
5.1.2	Balansstaat	B toon aan of die aandeelhouders op die finansiële state kan staatmaak, of nie	(22)
5.1.3	Kontantvloeiastaat	C toon die wins/verlies van die maatskappy aan	(4)
5.1.4	Direkteursverslag	D toon die invloed van die bedryfs-, finansiële en beleggingsaktiwiteite op die kontant hulpbronne aan	(4)
5.1.5	Onafhanklike ouditeursverslag	E toon die netto waarde van die maatskappy aan	(3)
5.2	Voltooi die Kontantvloeiastaat vir die jaar. Toon bewerkings tussen hakies.		(4)
5.3	Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2013:		(4)
	5.3.1 Vuurproefverhouding		(3)
	5.3.2 % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang		(4)
	5.3.3 Skuld-eienaarsbelang-verhouding		(4)
	5.3.4 % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (gebruik netto inkomste voor belasting)		(4)
5.4	Die direkteure is tevrede dat die bedryfsdoeltreffendheid van die onderneming verbeter het. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om hul mening te staaf.		(4)

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

2. **Uittreksels uit die Inkomtestaat en Notas vir die jaar geëindig 31 Augustus 2013:**

Waardevermindering	R1 010 000
Bedryfswins	3 062 000
Rente-uitgawe	462 000
Netto wins voor belasting	2 600 000
Netto wins na belasting	1 820 000
Tussentydse dividende betaal	770 000
Finale dividende verklaar	921 600

3. **Aandeel uitgereik en teruggekoop:**
- 1 000 000 gewone aandeel is teen die einde van die vorige finansiële jaar, 31 Augustus 2012, uitgereik.
  - 400 000 gewone aandeel is op 1 September 2012 uitgereik.
  - 120 000 gewone aandeel is op 28 Februarie 2013 uit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer teruggekoop. Die aandeel is teen R2,60 hoër as die gemiddelde uitreikprys teruggekoop.
4. **Veranderinge aan vaste bates:**
- Nuwe voertuie en toerusting is gedurende die jaar vir R880 000 aangekoop. Ongebruikte voertuie is gedurende die jaar teen boekwaarde verkoop.

5. **Finansiële aanwysers vir die afgelope twee jaar:**

	2013	2012
Solvensieverhouding	3,3 : 1	2,1 : 1
Bedryfsverhouding	1,9 : 1	1,5 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,4 : 1
Omsetnelheid van voorraad	8,7 keer	6,6 keer
% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang	?	15,6%
Netto batewaarde per aandeel	860,3 sent	859,5 sent
Verdienste per aandeel	135,8 sent	114,2 sent
Dividende per aandeel	127 sent	30 sent
% opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	?	0,6 : 1
% bruto wins op koste van verkope	62,2%	58,3%
% bedryfsuitgawes op verkope	37,9%	44,5%
% bedryfswins op verkope	10,1%	7,3%

- 5.5 Volgens die Maatskappijwet (Wet 61 van 1973) mag die direkteure slegs aandeel terugkoop indien die likiditeit van die onderneming aanvaarbaar is. Haal aan en verduidelik DRIE finansiële aanwysers wat bewys lewer dat hulle aan die Wet voldoen het. (6)
- 5.6 Die direkteure wil volgende jaar nog 'n tak in 'n ander omgewing vestig. Hulle sal R1,5 miljoen benodig om dit te finansier. Een van die direkteure het voorgestel dat hulle hierdie uitbreiding moet finansier deur lenings te verhoog in plaas daarvan om nuwe aandeel uit te reik. (10)
- Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om sy mening te staaf.
  - Verduidelik TWEE ander faktore, met raad, wat die direkteure moet oorweeg voordat hulle met hierdie uitbreiding voortgaan.
- 5.7 Verwys na die uittreksel van die onafhanklike ouditeursverslag onder Inligting 6:
- Verduidelik in jou eie woorde hoekom dit vir die onafhanklike ouditeure nodig is om interne beheer in die afdeling oor Direkteure se Verantwoordelikheid te noem.
  - In die afdeling oor Onafhanklike Ouditeur se Verantwoordelikheid noem hulle iets oor 'etiese vereistes'. Gee 'n praktiese voorbeeld hiervan.
  - Is hul finale mening goed, of nie? Verduidelik.
  - Hoekom is dit vir die onafhanklike ouditeur nodig om die kwalifikasie GR (SA) agter sy naam te hê? Verduidelik.

**INLIGTING:**

1. **Uittreksel uit die Balansstaat vir die jaar geëindig 31 Augustus:**

	2013	2012
Vaste bates	12 138 000	12 357 000
Beleggings (4% p.j.)	250 000	600 000
Bedryfsbates	3 465 000	3 200 000
Handelsvoorraad	1 720 000	2 250 000
SAID (Inkomstebelasting)	65 000	0
Handels- en ander ontvangbare bedrae (SAID uitgesluit)	1 140 000	940 000
Kontant en kontantekwivalente	540 000	10 000
<b>TOTALE BATES</b>	<b>15 853 000</b>	<b>16 157 000</b>
Aandeelhouersbelang	11 011 400	8 595 000
Aandelekapitaal	8 960 000	6 360 000
Behoue inkomste	2 051 400	2 235 000
Lening by Unity Bank (11% p.j.)	3 000 000	5 400 000
Bedryfslaste	1 841 600	2 162 000
Handels- en ander betaalbare bedrae (SAID en aandeelhouers uitgesluit)	920 000	1 260 000
SAID (Inkomstebelasting)	0	72 000
Aandeelhouers vir dividende	921 600	620 000
Oortrokke bankrekening	0	210 000
<b>TOTALE EKWITEIT EN LASTE</b>	<b>15 853 000</b>	<b>16 157 000</b>



6. **Uittreksel uit die onafhanklike ouditeursverslag. Let daarop dat hierdie NIE 'n volledige verslag is NIE.**

#### VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Ons het die jaarlikse finansiële state van Bellico Beperk geaudit ... soos aangetoon op bladsy 52 tot 64.

#### Direkteure se Verantwoordelijkheid vir die Finansiële State

Die direkteure van die maatskappy is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorlegging van hierdie finansiële state in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die vereistes van die Maatskappyywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer soos wat die direkteure bepaal het noodsaaklik te wees om hulle in staat te stel om finansiële state op te stel wat vry is van wesenlike verdraaiing, of dit deur bedrog of foute is.

#### Onafhanklike Ouditeur se Verantwoordelijkheid

Ons verantwoordelijkheid is om 'n mening uit te spreek oor die finansiële state gegrond op ons audit.

Ons het ons audit uitgevoer volgens die Internasionale Standaard vir Ouditering. Hierdie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en dat ons die audit beplan en uitvoer om 'n redelike versekering te kry dat die finansiële state vry van wesenlike verdraaiing is.

#### Mening

Na ons mening weerspieël die jaarlikse finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die finansiële posisie van Bellico Beperk soos op 31 Augustus 2013, en sy finansiële vertoning en kontantvloei vir die 52 weke wat tot gevolg het dat dit in ooreenstemming is met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die vereistes van die Maatskappyywet van Suid-Afrika.

#### MSANE & CHARTER

Direkteur: MPJ Msane  
Geregistreerde Ouditeur; Geotkrooieerde Rekenmeester (SA)  
15 September 2013

70

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

#### VRAAG 6: INKOMSTESTAAT, VASTE BATES EN VOORRAAD (60 punte; 35 minute)

- 6.1 **KLOOF REKENAARS (EDMS.) BPK.**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Kloof Rekenaars (Edms.) Bpk. vir die jaar geëindig 30 Junie 2013.

#### GEVRA:

- 6.1.1 Verwys na Aansuiwerings en Addisionele Inligting 5. Bereken die wins/verlies met die verkoop van die kantoorrekenaars op 31 Maart 2013. (6)
- 6.1.2 Verwys na Aansuiwerings en Addisionele Inligting 6. Bereken die waarde van die voorraad voorhande van die: (3)  
 • Hypha-skootrekenaars, volgens die spesifieke Identifikasietegniek (5)  
 • ABX-drukkers, volgens die EIEU-metode (5)  
 • Silvo-drukkerspapier, volgens die geweeëgemiddelde-metode. (5)
- 6.1.3 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2013 op. (32)

#### INLIGTING:

- (a) **Items geneem uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2013:**

Balansstaatrekening-afdeling	Debiet	Krediet
Grond en geboue	930 000	
Toerusting	510 100	
Opgehoë waardevermindering op toerusting		231 000
Handelsvoorraad	281 000	
Lening van Hoofweg Kredietverleners (13% p.j.)		300 000
SAID (voorlopige belasting)	194 000	
Debiteurkontrole	32 000	
Voorsiening vir oninbare skulde		2 000
<b>Nominalerekening-afdeling</b>		
Verkope		3 700 000
Koste van verkope	2 100 000	
Personeeluitgawes (salarisse, lone en kommissie)	180 000	
Direkteursvergoeding	120 000	
Kommissie-inkomste		36 000
Rente op lening		29 000
Diverse uitgawes (insluitende verpakkingsmateriaal)	45 000	
Bateverkope		7 000

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

(b) Aansuiwerings en addisionele inligting:

1. Kommissie-inkomste van R2 350 is aan die onderneming verskuldig.
2. Verpakkingsmateriaal van R1 700 is voorhande aan die einde van die jaar. Verpakkingsmateriaal is ingesluit by Diverse uitgawes.
3. Een van die twee direkteure is sy fooie vir 6 maande betaal. Die fooie is halfpad gedurende die finansiële jaar met 10% verhoog. Voorsien vir die verskuldigde fooie. Beide direkteure verdien dieselfde jaarlikse fooie.
4. Rente teen 13% p.j. is op die lening verskuldig. Hierdie rente word nie gekapitaliseer nie. Die lening is ellike jare gelede aangegaan. 'n Betaling van R100 000 is op 31 Desember 2012 gedoen. Dit is behoorlik geboekstaaf.

5. Toerusting bestaan uit:

	Kosprijs op 30 Junie 2013	Opgelope waardevermindering op 1 Julie 2012	Waardeverminderingkoers
Algemene toerusting	418 000	183 000	20% op verminderende saldo-metode
Kantoorrekenaars	92 100	48 000	33½% op kosprijs
	R510 100	R231 000	

**LET WEL:** Een van die kantoorrekenaars is op 31 Maart 2013 verkoop. Die verkoopprijs is teen die Bateverkooprekening gekrediteer, maar geen ander inskrywing is gemaak nie. Die kosprijs van hierdie rekenaar was R18 600 en die opgelope waardevermindering aan die begin van die jaar was R9 400.

Waardevermindering moet teen die koerse hierbo afgeskryf word.

6. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel. Voorraadrekords toon:

Item	Waardastelsel-metode	Voorraad voorhande op 30 Junie 2013	Waarde op 30 Junie 2013
Hypa-skootrekenaars	Spesifieke identifikasie: R10 500 elk	20 rekenaars	?
ABX-drukkers	EIEU	46 drukkers	?
Silvo-drukkerspapier	Geweegde gemiddeld	600 rlem	?

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Rekeningkunde

**LET WEL:**

Twee van die Hypa-skootrekenaars wat in die voorraadsyfers hierbo ingesluit is, is aan Bonlo Primêre Skool en Bonlo Hoërskool geskenk. Geen inskrywing is vir hierdie skenkings gemaak nie.

Die volgende inligting is van toepassing op handelsvoorraad van drukkers en papier:

	ABX-drukkers		Drukkerspapier	
	Hoeveelheid	Prys	Totaal	Prys
Openingsvoorraad	20	R700	R14 000	R33
				R39 600
<b>AANKOPE</b>	204		R153 040	
				R206 800
Aug. 2012	100	R730	R73 000	R40
				R64 000
Jan. 2013	70	R750	R52 500	R30
				R60 000
Mei 2013	34	R810	R27 540	R46
				R82 800
<b>SUBTOTAAL</b>	224		R167 040	
				R246 400
Verkope	178	R1 500	R267 000	R65
				R390 000
Slotvoorraad	46		?	?

7. Die inkomstebelastingaanslag vir die jaar toon dat die onderneming SAID 'n bedrag van R37 000 op 30 Junie 2013 skuld.

6.2 PROBLEEMOPLOSSING

In 'n poging om die verkope van hul skootrekenaars te verhoog het die direkteure van Kloof Rekenaars (Edms.) Bpk. besluit om drie onlangs gekwalifiseerde verkoops persone vir 'n proeftydperk van een maand aan te stel.

Hierdie verkoops persone sal nie beperk word tot die winkelperseel om hul werk te verrig nie. Hulle is in diens geneem om potensiële kliente, wat moontlik in skootrekenaars of drukkers belangstel, te besoek.

Die verkoops persone sal elk die volgende betaal word:

- 'n Vaste basiese maandelikse salaris van R7 000
- 10% kommissie op verkope wat deur hulle gemaak word
- 'n Vervoertoelaag van R2,00 per kilometer wat hulle in hul privaat voertuie reis

Die onderneming maak gewoonlik 'n bruto wins van R6 000 per skootrekenaar (kosprijs R10 500, verkoopprijs R16 500). Die verkoops persone word toegelaat om 'n maksimum van R500 handelskorting per skootrekenaar toe te staan, indien nodig, om hulle te help om die verkope te verseker.

Aan die einde van die een-maand-proeftydperk word jy van die syfers op die volgende bladsy voorsien.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief



GEVRA:

- Verduidelik EEN probleem met betrekking tot elke verkoopsersoon. Verskaf syfers om jou verduideliking te staaf. (6)
- Watter raad sal jy aan die direkteure gee met betrekking tot die plan om hierdie verkoopsersone in diens te neem? (3)

INLIGTING:

Naam van verkoopsersoon:	GUGU	MANNY	JIM
Getal skootrekenaars geneem uit die voorraad aan die begin van die maand	20	20	20
Getal skootrekenaars vir kontant verkoop	9	16	11
Getal rekenaars teruggegee aan voorraad aan die einde van die maand	11	4	8
Korting aan kliente toegestaan	R0	R8 000	R5 000
Kontant van verkope deur elke verkoopsersoon in die bankrekening gedeponeer	R148 500	R207 000	R193 000
Bruto wins verdien voor korting en ander uitgawes	R54 000	R90 000	R72 000
Basiese salaris	R7 000	R7 000	R7 000
Kommissie aan elke verkoopsersoon betaal	R14 850	R25 200	R17 850
Vervoertoelaag geëis (R2,00 per km)	R3 000	R1 000	R1 000

60

GROOTTOTAAL: 300

**VRAAG 1**

1.1.1.1 Dui die kosterekeninge aan wat deur die volgende in 'n vervaardigingsonderneming geraak sal word:

	Besonderhede:	Kosterekening geraak:
(a)	Huur betaal vir fabrieksgeboue	
(b)	Oortyd betaal aan fabriekswerkers	
(c)	Kommissie betaal aan verkoopsoneel	
(d)	Koste van grondstowwe wat in die produksieproses gebruik word	
(e)	Salaris van interne ouditeur	

**1.1.1.2 ACE SAKREKENAARS**  
**Produksiekostestaar vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013**

[illegible]

### 1.1.3 **Bereken die koste van produksie per eenheid.**

Bereken die koste van produktie per eenheid.

Kopiereg voorbehoud

Blaai om asseblief

**SENTRUMNOMMER**

[illegible]

**EKSAMENNUMMER**

[illegible]

# NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT

## REKENINGKUNDE

## GRAAD 12

MODEL 2014

**SPECIALE ANTWOORDEBOEK**

VRAAG	PUNTE	PARAAF	MOD.
1			
2			
3			
4			
5			
6			
TOTAAL			

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehoud

Blaai om asseblief

1.2.4

Met betrekking tot die gebeure rakende die kantoorbestuurder, Alex Fynn:

Sal jy hieroor bekommerd wees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Verduidelik watter stappe jy as interne ouditeur sal doen. Noem DRIE punte.

8

40

Blaai om asseblief

1.2.1

Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar.

Lewer kommentaar op die vlak van produksie vir die jaar.

7

1.2.2

Ten spyte van die feit dat die fabriekswerkers 'n 10%-loonverhoging gekry het, het die direktemateriaalkoste met 50 sent per eenheid gedaal.

Wat kon die verskil veroorsaak het?

Watter opmerking sal jy aan Mark maak in verband met die beheer van hierdie item?

3

1.2.3

Die vaste koste per eenheid het van R1,90 in 2012 tot R1,80 in 2013 afgeneem.

Behoort Mark hiermee tevrede te wees? JA/NEE

Watter opmerking sal jy aan Mark maak in verband met die beheer van hierdie item? Verskaf syfers om jou antwoord te staaf.

4

Blaai om asseblief

Kopiereg voorbehou

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1

Maak 'n lys van die veranderinge aan Aqua Groothandelaars se rekening in die Krediteuregrootboek, wat die boekhouer moet boekstaaf om die foute of weglatings reg te stel. Gee 'n kort beskrywing in die Besonderhede-kolom en toon die veranderinge in die saldo's in die Bedrag-kolom.

Besonderhede	Bedrag
Voorraansuiweringsaldo in Krediteuregrootboek	
Korrekte saldo	

12

2.2

Krediteure-rekonsiliasiestaat vir Aqua Groothandelaars op 31 Julie 2013

Besonderhede	Bedrag
Saldo volgens rekeningstaat ontvang van Aqua Groothandelaars	
Korrekte saldo	

10

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

2.3

Die elenaar van Organic Handelaars is ongelukkig met die foute wat voorgekom het en onakkurate rekords in hul boeke tot gevolg gehad het. Verduidelik kortliks TWEE maatreëls wat Organic Handelaars kan implementeer om goeie beheer oor hul krediteure te kan volhou en om te voorkom dat dit in die toekoms weer gebeur.

4

2.4

Organic Handelaars ondervind kontantprobleme en is tans in 'n posisie waar hulle hul krediteure nie betyds kan betaal nie. Aqua Groothandelaars het aan hulle 'n kredietlimiet van R40 000 toegestaan. Al hul huidige krediteure vereis dat hulle binne 30 dae betaal word en hulle laat hul kliente kredietterme van 60 dae toe. Stel TWEE maniere voor waarop die likiditeitsposisie kan verbeter.

4

30

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 3

3.1

Verduidelik aan die aandeelhouders wat die hoofverskil tussen 'n geprojekteerde inkomstestaat en 'n Kontantbegroting is.

2

3.2

Noem TWEE items wat in 'ander bedryfsuitgawes' ingesluit kan wees.

2

3.3

Debiteure-invoorderingskedule vir Julie en Augustus 2013

	Kredietverkope	Julie-invoorderings	Augustus-invoorderings
Mei	R660 000		
Junie	R680 000		
Julie	R800 000		
Augustus	R800 000		
TOTAAL			

8

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

3.4.1

Bereken die % toename in verkope in September 2013.

3

3.4.2

Bereken die huurinkomstbedrag vir September 2013. Let daarop dat die maatskappy vir 'n 12%-toename in huur vanaf 1 September 2013 begroot.

2

3.4.3

Bereken die totale verkope vir Augustus 2013.

4

3.4.4

Bereken die bedrag wat gedurende September aan krediteure betaal sal word.

4

3.4.5

Bereken die bedrag wat in September 2013 vir tussentydse dividende betaal sal word.

4

3.4.6

Bereken wat die terugkoop van aandele die maatskappy in September 2013 sal kos.

3

3.4.7

Bereken die rente wat vir September 2013 ontvang sal word.

4

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

3.5.1

Wat word deur hierdie bedrag verteenwoordig, aangesien die finansiële jaareinde van hierdie maatskappy jaarliks aan die einde van Februarie is?

2

3.5.2

Hoe sal hierdie bedrag bereken word?

2

3.6.1

Verduidelik waarom jy glo dat die aandeelhouders so voel rakende die invordering van debiteure.

2

3.6.2

Stel TWEE maatreëls voor wat ingestel kan word om die situasie te verbeter.

2

3.7

Verduidelik wat jy aan die direkteure sal sê oor elk van die volgende items. Verduidelik EEN punt van raad in elke geval.

	OPMERKING AAN DIREKTEURE	RAAD
Advertensie		
Opleiding van personeel		
Huurinkomste		

6

VRAAG 4

4.1

PROSPECT BEPERK  
UITTREKSEL VAN DIE BALANSSTAAT OP 31 MAART 2013

Nota

		<div>6</div>

4.2

NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE

Nota 7. GEWONE AANDELEKAPITAAL  
UITGEREIK

		<div>13</div>

4.3

Nota 8. BEHOUE INKOMSTE

Saldo aan begin van jaar

		<div>15</div>

Saldo aan einde van jaar

Netto batewaarde per aandeel op 31 Maart 2013 na die terugkoop van aandele.

4

4.4

Na jou mening, is die klagtes van die Gaptu-familie rakende die dividende geldig, of nie? Verduidelik.

4

4.5

Is die Gaptu-familie 'n billike waarde vir hul aandele aangebied? Verduidelik.

3

4.6

Na jou mening, sal die terugkoop van die aandele by die Gaptu-familie tot voordeel van die oorblywende aandeelhouders wees, of nie? Verduidelik.

5

50

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## VRAAG 5

5.1

5.1.1	
5.1.2	
5.1.3	
5.1.4	
5.1.5	

5

5.2

**BELLCO BEPERK**  
**KONTANTVLOEISTAAAT VIR DIE JAAR GEEËNDIG 31 AUGUSTUS 2013**

<b>Kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite</b>	<b>1 293 000</b>
Kontant gegenereer van bedryfsaktiwiteite	4 062 000
Rente betaal	(462 000)
<b>Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite</b>	
Aankoop van vaste bate	(880 000)
<b>Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite</b>	
Terugbetaling van lening	(2 400 000)
<b>Netto verandering in kontant &amp; kontantekwivalente</b>	
Kontant & kontantekwivalente aan begin van jaar	
<b>kontant &amp; kontantekwivalente aan einde van jaar</b>	<b>540 000</b>

22

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

5.3.1

Berekening van vuurproefverhouding

4

5.3.2

Berekening van % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang

4

5.3.3

Berekening van skuld-eienaarsbelang-verhouding

3

5.3.4

Berekening van % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (gebruik netto inkomste voor belasting)

4

5.4

Die direkteure is tevrede dat die bedryfsdoeltreffendheid van die onderneming verbeter het. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om hul mening te staaf.

4

5.5

Volgens die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) mag die direkteure slegs aandeel terugkoop indien die likiditeit van die onderneming aanvaarbaar is. Haal aan en verduidelik DRIE finansiële aanwysers wat bewys dat hulle aan die Wet voldoen het.

6

5.6

Een van die direkteure het voorgestel dat hulle hierdie uitbreiding moet finansier deur lenings te verhoog in plaas daarvan om nuwe aandeel uit te reik.  
  
Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om sy mening te staaf.

Faktor	Raad

10

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief



## 5.7

Verduidelik in jou eie woorde hoekom dit vir die onafhanklike ouditeure nodig is om interne beheer in die afdeling oor Direkteure se Verantwoordelikheid te noem.

In die afdeling oor Onafhanklike Ouditeur se Verantwoordelikheid noem hulle iets oor 'etiese vereistes'. Gee 'n praktiese voorbeeld hiervan.

Is hul finale mening goed, of nie? Verduidelik.

Hoekom is dit vir die onafhanklike ouditeur nodig om die kwalifikasie GR (SA) agter sy naam te hê? Verduidelik.

70

8

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## VRAAG 6

6.1.1 Bereken die wins/verlies met die verkoop van die kantoorrekenaars op 31 Maart 2013:

6

## 6.1.2

Bereken die waarde van voorraad voorhande van die:

Hypa-SKOOTrekenaars, volgens die spesifieke identifikasiemetode:

ABX-drukkers, volgens die EIEU-metode:

Silvo-drukkerspapier, volgens die geweegedegemiddelde-metode:

13

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief





# basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT

GRAAD 12

### REKENINGKUNDE

MODEL 2014

### MEMORANDUM

PUNTE: 300

#### NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
3. Indien 'n vooraansuiwingsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
4. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of - teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
5. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
6. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
7. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasienier die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
8. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie.
9. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Rekeningkunde

NSS – Graad 12 Model – Memorandum

DBE/2014

#### VRAAG 1

1.1.1 Dui die kosterekeninge aan wat deur die volgende in 'n vervaardigingsonderneming geraak sal word:

	Besonderhede:	Kosterekening geraak:
(a)	Huur betaal vir fabrieksgeboue	Fabrieksboekoste
(b)	Oortyd betaal aan fabriekswerkers	Direkte arbeidskoste
(c)	Kommissie betaal aan verkooopspersoneel	Verkoops- en verspreidingskoste
(d)	Koste van grondstowwe wat in die produksieproses gebruik word	Direkte/grondstofkoste
(e)	Salaries van interne ouditeur	Administratiewe koste

5

1.1.2 ACE SAKREKENAARS  
Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013

Direkte materiaal koste	✓ 1 161 000
Direkte arbeidskoste	✓✓ 636 000
Primêre koste	✓ 1 797 000
Fabrieksboekoste	✓ 810 000
Totale produksiekoste	✓ 2 607 000
Goedere-in-bewerking aan begin van jaar	✓ 102 000
Goedere -in-bewerking aan einde van jaar	✓ 2 709 000
Kontroleer bewerking	✓ (249 000)
Kontroleer bewerking	✓ 2 460 000

Vreemde items -1 (maks -2)

10

1.1.3 Bereken die koste van produksie per eenheid.

✓ ✓ ✓  
R2 460 000 ÷ 30 000 eenhede = R82,00 per eenheid

3

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

1.2.4

**Met betrekking tot die gebeure rakende die kantoorbestuurder, Alex Fynn:**

**Sal jy hieroor bekommerd wees? Ja**

**Gee 'n rede vir jou antwoord.**

Dit blyk dat Alex Fynn moontlik 'n omkoopgeskenk van Apex Produkte ontvang het; dit is oneties. ✓✓

**Verduidelik watter stappe jy as interne ouditeur sal doen. Noem DRIE punte.**

*Verwagte antwoorde: ✓✓ ✓✓ ✓✓ Twee punte per geldige punt*

- Ondersoek of mnr. Fynn die gesag gehad het om die kontrak te teken, of die kontrak uitgegaan het op tender (of die besigheid se aankoopbeleid toegepas is, en wat die pryse van ander bottelverskaffers is).
- Ondervra mnr. Fynn rakende die aanvaarding van die skootrekenaar en as 'n toepaslike verskoning nie verskat word nie, moet die feite aan die eienaar van die onderneming gerapporteer word vir moontlike dissiplinêre optrede teen mnr. Fynn.
- Indien enige interne kontrolemaatreëls onvoldoende is, stel dit dadelik reg en verseker dat billike tenderprosedures te alle tye in die toekoms gevolg word.

8

1.2.1

**Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar.**

✓✓

$$\begin{array}{r} 972\,000 \\ 6\,60 - 2,70 \\ \hline 3,90 \end{array}$$

✓✓

**Lewer kommentaar op die vlak van produksie vir die jaar.**

*Vergelyk syfers van gelykbreekpunt (GBP) met produksie (een punt); Kommentaar (een punt)*

Die vlak van produksie (540 000 000 bottels) is baie meer as die gelykbreekpunt (249 230) ✓. Die eienaars behoort tevrede te wees aangesien dit beteken dat die onderneming 'n baie goeie wins sal maak. ✓✓

7

1.2.2

**Ten spyte van die feit dat die fabriekswerkers 'n 10%-loonverhoging gekry het, het die direktemateriaalkoste met 50 sent per eenheid gedaal.**

**Wat kon die verskil veroorsaak het?**

Die werkers funksioneer baie effektief, waarskynlik omdat Mark hulle gemotiveer het met 'n verhoging wat meer as die inflasiekoers is/waarskynlik omdat hy hulle goed opgelei het. ✓✓ *Een punt vir gedeeltelike/onvoldedige antwoord*

**Watter opmerking sal jy aan Mark maak in verband met die beheer van hierdie item?**

Dit is baie goed. Hulle behoort daarna te streef om beheer oor hierdie item te handhaaf deur volgehoue monitering en opleiding indien nodig. ✓

3

1.2.3

**Die vaste koste per eenheid het van R1,90 in 2012 tot R1,80 in 2013 afgeneem.**

**Behoort Mark hiermee tevrede te wees? NEE ✓**

**Watter opmerking sal jy aan Mark maak in verband met die beheer van hierdie item? Verskat syfers om jou antwoord te staaf.**

Totale vaste koste het toegeneem met R174 000.

In 2012 was die vaste koste:  $420\,000 \times R1,90 = R798\,000$  ✓

In 2013 was die vaste koste:  $540\,000 \times R1,80 = R972\,000$  ✓

Hy moet die redes vir die verskil ondersoek (R174 000). ✓

*Onbevestigende antwoord verdien 1 punt:*

Hy behoort tevrede te wees aangesien die vaste koste met 10 sent per eenheid afgeneem het.

4

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## VRAAG 2

2.1

Maak 'n lys van die veranderinge aan Aqua Groothandelaars se rekening in die Krediteuregrootboek, wat die boekhouer moet boekstaaf om die foute of weglatings reg te stel. Gee 'n kort beskrywing in die Besonderhede-kolom en toon die veranderinge in die saldo's in die Bedrag-kolom.

Besonderhede	Bedrag
Voorraansuiweringsaldo in Krediteuregrootboek	✓ # 44 571
Korting gekanselleer	✓✓ 884
Regstelling van Debietnota 89	✓✓ 54
Regstelling van Faktuur 141	✓✓ (840)
Korting van 22 Julie	✓✓ (900)
Regstelling van aftrekkout	✓✓ # 10 000
<b>Korrekte saldo</b>	<input checked="" type="checkbox"/> 53 769

# R10 000 kan bygevoeg word by die beginsaldo (d.i. R54 571 vir 3 punte).

12

2.2

Krediteure-rekonsiliasiestaat vir Aqua Groothandelaars op 31 Julie 2013

Besonderhede	Bedrag
<b>Saldo volgens rekeningstaat ontvang van Aqua Groothandelaars</b>	✓ 19 479
Regstelling van KN1042	✓✓ 3 900
Regstelling van Faktuur 2810	✓✓ (414)
Oordrag van saldo (JV450)	✓✓ (1 800)
Faktuur 3056	✓✓ 32 604
<b>Korrekte saldo</b>	<input checked="" type="checkbox"/> 53 769

10

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

2.3

Die elenaar van Organic Handelaars is ongelukkig met die foute wat voorgekom het en onakkurate rekords in hul boeke tot gevolg gehad het. Verduidelik kortliks TWEE maatreëls wat Organic Handelaars kan implementeer om goeie beheer oor hul krediteure te kan volhou en om te voorkom dat dit in die toekoms weer gebeur.

Enige TWEE geldige maatreëls ✓✓ ✓✓ ✓✓

- Verdeling van pligte: Die taak wat deur een werknemer uitgevoer word, dien as 'n kontrole vir 'n ander werknemer, bv. die persoon wat die betalings doen, is nie dieselfde persoon wat die boekstaving of bestel van voorraad doen nie
- Akkurate dokumentasie: Verseker dat alle dokumente korrek geboekstaaf is en kontroleer die inskrywing teenoor die brondokument
- Hou aan om gereelde rekonsiliasie met krediteure-rekeningstate te doen. Hierdie proses is bedoel om as kontrolemaatreël te dien om foute soos hierdie uit te wys.

4

2.4

Organic Handelaars ondervind kontantprobleme en is tans in 'n posisie waar hulle hul krediteure nie betyds kan betaal nie. Aqua Groothandelaars het aan hulle 'n kredietlimiet van R40 000 toegestaan. Al hul huidige krediteure vereis dat hulle binne 30 dae betaal word en hulle laat hul klante krediet terme van 60 dae toe. Stel TWEE maniere voor waarop die likiditeitsposisie kan verbeter.

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

- Hy moet langer tydperke met sy krediteure onderhandel.
- Vind ander verskaffers wat langer krediettydperke toelaat.
- Onderhandel vir 'n hoër kredietlimiet met sy krediteure.
- Moedig kliënte aan om gouer te betaal, bv. kortings vir betalings wat betyds is.

30

4

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 3

3.1

**Verduidelik aan die aandeelhouders wat die hoofverskil tussen 'n geprojekteerde inkomstestaat en 'n Kontantbegroting is.**

Verduideliking vir geprojekteerde inkomstestaat ✓

- Die geprojekteerde inkomstestaat projekteer winste en verliese.
- Die geprojekteerde inkomstestaat projekteer toekomstige uitgawes en inkomste.

Verduideliking vir Kontantbegroting ✓

- Die Kontantbegroting projekteer toekomstige kontantsurplusse of tekorte.
- Die Kontantbegroting projekteer toekomstige ontvangste en betalings.

2

3.2

**Noem TWEE items wat in 'ander bedryfsuitgawes' ingesluit kan wees.**

Enige TWEE geldige items ✓ ✓

Moontlike antwoorde:

- Verpakkingsmateriaal
- Skrifbehoeftes
- Drukwerk
- Belasting
- Elektrisiteit en water
- Telefoon

2

3.3

Debiteure-invoeringskedule vir Julie en Augustus 2013			
	Kredietverkope	Julie-invoerings	Augustus-invoerings
Mei	R660 000	✓ 132 000	
Junie	R680 000	✓ 238 000	✓ 136 000
Julie	R800 000	✓ ✓ 304 000	✓ 280 000
Augustus	R800 000	Indien dieselfde as bo	
			✓ 304 000
TOTALE	Bewerking beide totale		720 000

8

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

3.4.1

**Bereken die % toename in verkope in September 2013.**

$$\frac{240\,000}{1\,200\,000} \times \frac{100}{1}$$

= 20% ☒ *Bewerking een deel korrek*

3

3.4.2

**Bereken die huurinkomstebedrag vir September 2013. Let daarop dat die maatskappy vir 'n 12%-toename in huur vanaf 1 September 2013 begroot.**

8 500 + 12% = R9 520 ✓ ✓

2

3.4.3

**Bereken die totale verkope vir Augustus 2013.**

1 200 000 ✓ + 60 ✓ x 100 ✓ = R2 000 000 ☒ *Bewerking een deel korrek*

4

3.4.4

**Bereken die bedrag wat gedurende September aan krediteure betaal sal word.**

2 000 000 x 100 x 80% = R1 000 000

160

☒ *Bewerking een deel korrek*

4

3.4.5

**Bereken die bedrag wat in September 2013 vir tussentydse dividende betaal sal word.**

235 000 ✓ ✓ x 40 ✓ sent = R94 000 ☒ *Bewerking een deel korrek*

4

3.4.6

**Bereken wat die terugkoop van aandele die maatskappy in September 2013 sal kos.**

55 000 ✓ x R15,50 ✓ = R852 500 ☒ *Bewerking een deel korrek*

3

3.4.7

**Bereken die rente wat vir September 2013 ontvang sal word.**

300 000 ✓ x 8% ✓ + 12 ✓ = R2 000 ☒ *Bewerking een deel korrek*

4

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## 3.5.1

**Wat word deur hierdie bedrag verteenwoordig, aangesien die finansiële jaareinde van hierdie maatskappy jaarliks aan die einde van Februarie is?**

'n Voorlopige belastingbetaling ✓✓

2

## 3.5.2

**Hoe sal hierdie bedrag bereken word?**

Dit sal bereken word op die winste in die geprojekteerde inkomstestaat ✓✓

2

## 3.6.1

**Verduidelik waarom jy glo dat die aandeelhouders so voel rakende die invordering van debiteure.**

Verduideliking ✓✓

Die kredietterm van die onderneming is 30 dae, maar slegs 75% van alle debiteure betaal binne hierdie tydperk.

2

## 3.6.2

**Stel TWEE maatreëls voor wat ingestel kan word om die situasie te verbeter.**

TWEE maatreëls ✓✓

- Hef rente op agterstallige rekeninge
- Bied meer korting aan vir betalings wat betyds gedoen word
- Stuur gereelde aanmanings

2

## 3.7

**Verduidelik wat jy aan die direkteure sal sê oor elk van die volgende items. Verduidelik EEN punt van raad in elke geval.**

	OPMERKING AAN DIREKTEURE ✓✓	RAAD ✓✓✓
<b>Advertensies</b>	Die uitgawe is baie hoër as die begrote bedrag.	Hulle moet hou by die begrote bedrag of ander advertensietegnieke oorweeg.
<b>Opleiding van personeel</b>	Die begrote bedrag is nie gebruik nie.	Opleiding is 'n belangrike deel van enige onderneming en moet gebruik word.
<b>Huurinkomste</b>	Beduidend onder die begroting (werklik minder as begroot)/ Begroting was onrealisties hoog.	Ondersoek tekort bv. swak invordering, huurder is weg, ens. om die probleem op te los/huurders moet debietorders teken/stel 'n invorderaar aan/hef rente op stadige betalers.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## VRAAG 4

## 4.1 PROSPECT BEPERK

## UITTREKSEL VAN DIE BALANSSTAAT OP 31 MAART 2013

Sien notas 7 & 8

Nota

Aandeelhoudersbelang ✓		✓ 3 616 000
Gewone aandeelkapitaal ✓	7.	✓ 1 792 000
Behoue inkomste ✓	8.	✓ 1 824 000
		6

## 4.2 NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE

## Nota 7. GEWONE AANDELEKAPITAAL

## UITGEREIK

✓ 400 000 gewone aandele uitgereik aan begin van jaar (1 250 000 ✓ + 1 050 000 ✓)	✓ 2 300 000
✓ 100 000 gewone aandele uitgereik gedurende jaar teen R9,00 ✓ elk	✓ 900 000
✓ 220 000 aandele teruggekoop (R6,40 ✓✓ gemiddelde prys)	✓ (1 408 000)
✓ 280 000 gewone aandele uitgereik aan einde van jaar Een deel korrek	✓ 1 792 000
	13

Kontroleer bewerking

## Nota 8. BEHOUE INKOMSTE

Saldo aan begin van jaar	✓ 1 960 000
✓ Netto wins na belasting	✓ 1 600 000
✓ Terugkoop van 220 000 aandele (teen R4,30 meer as gemiddelde prys)	✓✓ (946 000)
✓ Dividende vir jaar	(790 000)
Tussentyds (400 000 ✓ x 70c ✓)	✓ 280 000
Finaal (500 000 ✓ x 102c ✓)	✓ 510 000
Saldo aan einde van jaar	✓ 1 824 000
	15

## 4.3 Netto batewaarde per aandeel op 31 Maart 2013 na die terugkoop van aandele.

Sien 4.1 Sien 4.2 Sien 4.2  
Bewerking een deel korrek ✓✓

R3 616 000 ÷ 280 000 aandele = 1291,4 sent of R12,91

4

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief



4.4 Na jou mening, is die klagtes van die Gaptu-familie rakende die dividende geldig, of nie? Verduidelik.

Uitstekende antwoord = 4 punte; Goed = 3; Bevreëdigend = 2; Swak = 1; Foutief = 0

Nee. Die maatskappy het minder as 50% van die verdienste uitbetaal die afgelope twee jaar (bv. 172 sent van 'n verdienste van 356,6 sent/240 sent van 'n verdienste van 488,9 sent). Hulle hou winste terug vir toekomstige ontwikkeling. Die Gaptu-familie is duidelik op soek na hoë dividende wat nie verantwoordelike bestuur sou wees nie.

4
---

4.5 Is die Gaptu-familie 'n billike waarde vir hul aandeel aangebied? Verduidelik.

Uitstekende antwoord = 3 punte; Goed = 2; Bevreëdigend/Swak = 1; Foutief = 0

Ja. Die prys aangebied van R10,70 is 30 sent meer as die prys op die JSE en is R4,30 meer as die gemiddelde uitreikprys.

3
---

4.6 Na jou mening, sal die terugkoop van die aandeel by die Gaptu-familie tot voordeel van die oorblywende aandeelhouders wees, of nie? Verduidelik.

Uitstekende antwoord = 5 punte; Goed = 4/3; Bevreëdigend = 3/2; Swak = 1; Foutief = 0

Ja: Maksimum 5 punte

- Na die terugkoop van die aandeel het die NBW toegeneem tot R12,91 per aandeel omdat daar nou slegs 280 000 aandeel in die maatskappy is. Hierdie sal waarskynlik 'n positiewe uitwerking op die prys op die JSE hê.
- As die terugkoop nie plaasgevind het nie, sou die NBW slegs R11,94 wees.
- As aangeneem word dat die winste dieselfde bly teen R1,6 m volgende jaar, sal die VPA 571,4 sent wees (as gevolg van minder aandeel) in vergelyking met 356,6 sent in 2013. Dit sal ook 'n positiewe uitwerking op die aandeelprys en dividende per aandeel hê.

OF

Nee: Maksimum 2 punte

Ekwiteit word verminder met R2 354 000 as gevolg van die terugkoop. Dit sal 'n ernstige uitwerking op die bedryfsaktiwiteite van die maatskappy hê.

5
---

**Bewerkings:**

As die terugkoop van 220 000 nie plaasgevind het nie: As aanvaar word die wins bly dieselfde vlg. jaar teen

GAK sou = R3 200 000 + R2 770 000 = R5 970 000 R1 600 000:

NBW sou = R5 970 000 ÷ 500 000 aandeel = R11,94 VPA sou = R1 600 000 ÷ 280 000 = 571,4 sent

50
----

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 5

5.1

5.1.1	C✓
5.1.2	E✓
5.1.3	D✓
5.1.4	A✓
5.1.5	B✓

5
---

5.2

BELCO BEPERK KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2013

Kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite	1 293 000
Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	4 062 000
Rente betaal	(462 000)
Dividende betaal (620 000✓ + 770 000✓)	✓ (1 390 000)
Inkomstebelasting betaal (780 000✓ + 72 000✓ + 65 000✓)	7 ✓ (917 000)
Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite	
Kontroleer bewerking	☑ (441 000)
Aankoop van vaste bates	(880 000)
Opbrengs op die verkoop van vaste bates	#☑✓✓ 89 000
Belegging verval	✓✓ 350 000
Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite	
Kontroleer bewerking	☑ (112 000)
Opbrengs op aandeel uitgereik	*✓✓ 3 440 000
Terugkoop van aandeel 840 000 + 312 000 OF 120 000 x 9,60	*✓✓✓ (1 152 000)
Terugbetaling van lening	6 (2 400 000)
[Check marks under Kontantgevolge]	
Netto verandering in kontant & kontantekwivalente	
Kontroleer bewerking	☑ 740 000
Kontant & kontantekwivalente aan begin van jaar	✓✓ (200 000)
Kontant & kontantekwivalente aan einde van jaar	540 000

22
----

#Bewerking vir vaste bates: 12 357 000 + 880 000 – 89 000 – 1 010 000 = 12 138 000

\*Bewerkings vir finansieringsaktiwiteite (let daarop dat alternatiewe geldige inskrywings aanvaarbaar is):

GEWONE AANDELEKAPITAAL	BEHOUE INKOMSTE	VERDELING
Bank 840 000	Bank 312 000	780 000
o/d 8 960 000	aid 6 360 000	1 691 600
	aid 2235 000	128 400
	Bank 3440 000	
	Verd 128 400	
9 800 000	2 363 400	2 600 000
	aid 2 363 400	
	aid 2 363 400	

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief



## 5.3.1

Berekening van vuurproefverhouding	
<i>Bewerking, een deel korrek</i>	<input checked="" type="checkbox"/>
✓✓	
1 745 000 : 1 841 600	= 0,9 : 1

4

## 5.3.2

Berekening van % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang	
<i>Bewerking, een deel korrek</i>	<input checked="" type="checkbox"/>
✓	
$\frac{1\ 820\ 000}{\frac{1}{2} (11\ 011\ 400 + 8\ 595\ 000)} \times \frac{100}{1}$	= 18,6%
9 803 200	✓✓

4

## 5.3.3

Berekening van skuld-eienaarsbelang-verhouding	
<i>Bewerking, een deel korrek</i>	<input checked="" type="checkbox"/>
✓	
3 000 000 : 11 011 400	= 0,3 : 1

3

## 5.3.4

Berekening van % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (gebruik netto inkomste voor belasting)	
<i>Bewerking, een deel korrek</i>	<input checked="" type="checkbox"/>
✓	
$\frac{3\ 062\ 000}{\frac{1}{2} (14\ 011\ 400 + 13\ 995\ 000)} \times \frac{100}{1}$	= 21,9 %
14 003 200	✓✓

4

## 5.4

Die direkteure is tevrede dat die bedryfsdoeltreffendheid van die onderneming verbeter het. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om hul mening te staaf.	
<i>Goeie antwoorde = 2 punte elk; gedeeltelik = 1 punt; foutief = 0.</i>	
Bedryfsuitgawes op verkoop het van 44,5% tot 37,9% afgeneem, wat 'n aanduiding van beter beheer oor uitgawes is. ✓✓	
Bedryfswins op verkoop het toegeneem van 7,3% tot 10,1% aangesien, behalwe die beter beheer oor uitgawes, daar ook 'n geringe hoër winsopslag % toegepas is. ✓✓	

4

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## 5.5

Volgens die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) mag die direkteure slegs aandele terugkoop indien die likiditeit van die onderneming aanvaarbaar is. Haal aan en verduidelik DRIE finansiële aanwysers wat bewys dat hulle aan die Wet voldoen het.	
<i>Goeie antwoorde = 2 punte elk; gedeeltelik = 1 punt; foutief = 0.</i>	
Bedryfsverhouding het van 0,4 : 1 tot 1,9 : 1 verbeter, wat aandui dat die bedryfslaste goed deur bedryfsbates gedek word. ✓✓	
Vuurproefverhouding het van 0,4 : 1 tot 0,9 : 1 verbeter, wat aandui dat likiede bates (uitgesluit voorraad) amper gelyk aan bedryfslaste is. ✓✓	
Die banksaldo het verbeter van 'n oortrokke saldo van R210 000 tot 'n positiewe saldo van R540 000. ✓✓	

6

## 5.6

Een van die direkteure het voorgestel dat hulle hierdie uitbreiding moet finansier deur lenings te verhoog in plaas daarvan om nuwe aandele uit te reik.							
<b>Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om sy mening te staaf.</b>							
<i>Goeie antwoorde = 2 punte elk; gedeeltelik = 1 punt; foutief = 0.</i>							
Die skuld-eienaarsbelangverhouding het van 0,6 : 1 tot 'n baie veilige 0,3 : 1 verminder. As hulle die lenings met R11,5 m verhoog, sal die skuld-eienaarsbelangverhouding nog steeds baie laer wees as in 2012 (d.i. 0,4 : 1). ✓✓							
Die % opbrengs op totale kapitaal aangewend is 21,9% in vergelyking met die rente op lening van 11%. Dit dui daarop dat die winste kan verbeter deur van lenings gebruik te maak. ✓✓							
<b>Verduidelik TWEE ander faktore, met raad, wat die direkteure moet oorweeg voordat hulle met hierdie uitbreiding voortgaan.</b>							
<i>Enige TWEE geldige voorstelle, bv.</i>							
<table border="1"> <tr> <th>Faktor</th><th>Raad</th></tr> <tr> <td>Vraag na hul produkte in die ander area ✓✓</td><td>Onderneem marknavorsing bv. 'n meningsopname ✓</td></tr> <tr> <td>Die vlak van doeltreffendheid van werknemers by die nuwe tak ✓✓</td><td>Sorg dat behoorlike opleiding plaasvind✓</td></tr> </table>	Faktor	Raad	Vraag na hul produkte in die ander area ✓✓	Onderneem marknavorsing bv. 'n meningsopname ✓	Die vlak van doeltreffendheid van werknemers by die nuwe tak ✓✓	Sorg dat behoorlike opleiding plaasvind✓	
Faktor	Raad						
Vraag na hul produkte in die ander area ✓✓	Onderneem marknavorsing bv. 'n meningsopname ✓						
Die vlak van doeltreffendheid van werknemers by die nuwe tak ✓✓	Sorg dat behoorlike opleiding plaasvind✓						

10

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 6

6.1.1

**Bereken die wins/verlies met die verkoop van die kantoorrekenaars op 31 Maart 2013:**

Waardevermindering vir huidige jaar = $33\frac{1}{3}\% \times 18\,600 \times 9/12$	= R4 650 ✓✓
Opgelope waardevermindering	= R9 400 + R4 650
Kosprys	= R18 600 ✓
Netto boekwaarde teen datum van verkoop	= R4 550
Verkoopprys	= R7 000 ✓
Wins	= R2 450 ✓

6

6.1.2

**Bereken die waarde van voorraad voorhande van die:**

**Hypa-skootrekenaars, volgens die spesifieke identifikasiemetode:**

✓ ✓ ✓  
 $18 \times R10\,500 = R189\,000$

**ABX-drukkers, volgens die EIEU-metode:**

✓ ✓ ✓ ✓ ✓  
 $(34 \times R810) + (12 \times R750) = R36\,540$   
27 540 9 000

**Drukkerspapier, volgens die gewoegedemiddelde-metode:**

✓ ✓ ✓ ✓  
 $246\,400 \times \frac{600}{1} = R22\,400$   
6 600 ✓✓

13

Blaai om asseblief

5.7

**Verduidelik in jou eie woorde hoekom dit vir die onafhanklike ouditeure nodig is om interne beheer in die afdeling oor Direkteure se Verantwoordelikheid te noem.**

*Goeie antwoorde = 2 punte elk; gedeeltelik = 1 punt; foutief = 0.*

Die interne beheerstelsel moet behoorlik in plek wees om foute en bedrog te voorkom en om te verseker dat die inligting wat van die boekhoudstelsel geneem is, betroubaar is. Direkteure bestuur die maatskappy so hulle is hiervoor verantwoordelik. ✓✓

**In die afdeling oor Onafhanklike Ouditeur se Verantwoordelikheid noem hulle iets oor 'etiese vereistes'. Gee 'n praktiese voorbeeld hiervan.**

Enige geldige antwoord, bv. geen botsende belange (kan nie 'n aandeelhouer en 'n ouditeur wees nie; kan nie ander dienste vir die maatskappy lewer nie); toegewydheid in die uitvoering van die audit. ✓✓

**Is hul finale mening goed, of nie? Verduidelik.**

Ja. Dit is 'n ongekwalifiseerde auditverslag. As daar 'n probleem was, sou dit genoem gewees het. ✓✓

**Hoekom is dit vir die onafhanklike ouditeur nodig om die kwalifikasie GR (SA) agter sy naam te hê? Verduidelik.**

Om die lesers die versekering te gee dat die ouditeur goed opgelei en goed ingelig is oor die nuutste auditprosesse en wetgewing, gebind is deur SAIGR se gedragskode en dissiplinêre stappe in die gesig kan staar as hy nalatig is. ✓✓

70

8

Blaai om asseblief

## 6.1.3

KLOOF REKENAARS (EDMS.) BPK.  
Inkomtestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2013

<b>Verkope</b>		<b>3 700 000</b>
<b>Koste van verkope</b>		<b>(2 100 000)</b>
<b>Bruto wins</b>		<b>1 600 000</b>
<b>Ander inkomste</b>	<i>Kontroleer bewerking</i>	<input checked="" type="checkbox"/> 40 800
Kommissie-inkomste (36 000✓ + 2 350✓)		✓ 38 350
Wins met verkoop van bate		<input checked="" type="checkbox"/> 2 450
	5	
<b>Bedryfsuitgawes</b>	<i>Kontroleer bewerking</i>	1 640 800
		<input checked="" type="checkbox"/> (836 510)
<b>Personeeluitgawes</b>		<b>180 000</b>
Direkteursvergoeding [2✓ x (120 000 + 132 000)✓]		✓ 504 000
Diverse uitgawes (45 000✓ – 1 700✓)		✓ 43 300
Waardevermindering (47 000✓✓ + 24 500✓✓ + 4 650 <input checked="" type="checkbox"/> )		<input checked="" type="checkbox"/> 76 150
Handelsvoorraadtekort		<input checked="" type="checkbox"/> 12 060
(281 000✓ – 21 000✓ – 247 940 <input checked="" type="checkbox"/> )		✓✓ 21 000
Donasies (2 x 10 050)	20	
<b>Bedryfswins</b>	<i>Kontroleer bewerking</i>	<input checked="" type="checkbox"/> 804 290
Rente op lening (29 000 + 16 500)	<i>Een deel korrek</i>	<input checked="" type="checkbox"/> ✓✓ (45 500)
Netto wins voor belasting		758 790
Inkomstebelasting (194 000✓ + 37 000✓)		✓✓ (231 000)
Netto wins na belasting	<i>Kontroleer bewerking</i>	<input checked="" type="checkbox"/> 527 990
	8	
		<b>32</b>

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## 6.2

Verduidelik EEN probleem met betrekking tot elke verkooppersoon.  
Verskaf syfers om jou verduideliking te staaf.

	Verduideliking van probleem (met syfer(s))
<b>GUGU</b>	✓ <i>Verduideliking van probleem</i> ✓ <i>Syfer(s)</i> Sy het nie baie skootrekenaars verkoop nie (slegs 9). Haar reiskoste is hoog (drie keer meer as die ander).
<b>MANNY</b>	✓ <i>Verduideliking van probleem</i> ✓ <i>Syfer(s)</i> Hy het baie korting toegestaan (R15 000). Kontant vermis = R21 500.
<b>JIM</b>	✓ <i>Verduideliking van probleem</i> ✓ <i>Syfer(s)</i> Hy het 2 skootrekenaars verloor/gesteel (kosprys R10 500 x 2).

## Watter raad sal jy aan die direkteure gee met betrekking tot die plan om hierdie verkoops persone in diens te neem?

*Enige geldige gevolgtrekking* ✓✓ *Een punt vir gedeeltelike/simplistiese antwoord*  
*Vervagte antwoorde:*

- Neem Gugu permanent in diens aangesien sy die grootste netto wins na aftrekking van al die uitgawes gemaak het (R35 150), maar hou haar reisuigawes onder beheer.
- Moenie Manny of Jim in diens neem nie aangesien hulle elkeen blykbaar kontant en skootrekenaars ter waarde van R20 000 gesteel het en waarskynlik oneerlik is.
- Hou aan om reisende verkoops persone op 'n kommissiebasis in diens te neem aangesien dit verkope in die toekoms sal laat toeneem en hulle in staat sal stel om die onderneming se klantbasis te vergroot.

60

GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief





**Die Mind the Gap studiegidsreeks help jou om die sprong te maak deur hard te studeer om sukses in die Graad 12 eksamen te behaal.**

**Hierdie publikasie is nie te koop nie.**

© Kopiereg Departement van Basiese Onderwys [www.education.gov.za](http://www.education.gov.za)  
Inbelsentrum 0800 202 933



**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**